

# Identiteitsoorlog

## Die Reis na `n Sin vir Waarde in Jouself

ADRIAN EBENS

# Identiteitsoorlog

## Die Reis na 'n Sin vir Waarde in Jouself

deur

ADRIAN EBENS

Vertaal na Afrikaans

2023

Maranatha Media

Indien anders aangedui is alle Bybelverse vanuit
die Ou Afrikaanse Vertaling 1933/53 Uitgawe van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Naslaan Uitgawe 1933/53

Maranatha Media

VadervanLiefde.com

Adrian@identitywars.org

Gedruk in Suid-Afrika deur

Maranatha Media

**Hierdie boek is opgedra aan**

My dierbare vader Abel, wie my

geleer het om sterk te staan,

om altyd eerlik te wees,

om klaar te maak met wat jy begin het en

om nooit onreg te duld nie.

My kosbare moeder Evelyn,

wie my geleer het om aan te hou droom,

kreatief te wees,

die natuur lief te hê en

vrygewig te wees.

My liewe suster Karen,

Wie hierdie reis saam met my van kindertyd af gedeel het

en dikwels haar vinnige humorsin gebruik het

om my te laat lag.

# Inhoudsopgawe


Deel 1: Die Twee Koninkryke ........ 7

Verlore Identiteit ........ 7

1. Die Duracell Boom ........ 7
2. Die Fontein van Lewe ........ 13
3. Na aan die Hart van God ........ 21
4. Die Familie Koninkryk ........ 25
5. Krisis in die Familie ........ 28
6. Hel op Aarde ........ 33
7. Die Hemelse Reddingstou ........ 41
8. Vergelyking van die Twee Koninkryke ........ 47
9. Die Hart van Babilon ........ 51

DEEL 2: Een Bestemming ........ 57

Identiteit Teruggeëis ........ 58

10. Verbreekte Kettings van die Duracell ........ 58
11. Die Hemelse Poorte Word Oopgemaak ........ 66

DEEL 3 ........ 70

Die Reis terug na Seunskap ........ 71

12. 'n Lewe aangedryf deur die Duracell ........ 71
13. Die Trap na die Hemel ........ 75
14. Dieselfde Afgode, Verskillende Name ........ 80
15. Hoe Lees Jy? ........ 87
16. Nie Meer 'n Dienaar nie ........ 91
17. Die Val van Babilon ........ 95

# DEEL 1:
# DIE TWEE KONINKRYKE

# VERLORE IDENTITEIT

# Deel 1: Die Twee Koninkryke
# – Verlore Identiteit –

## 1. Die Duracell Boom

Die vertrek was dof verlig. Op een van die mure was daar ‘n paar plakkate, ‘n foto van ‘n popmusikant en een van ‘n sportman wat dikwels gedien het as ‘n venster na ‘n verwagte realiteit. Langs ‘n ander muur was daar ‘n lessenaar met ‘n paar skoolboeke op, maar die sentrale kenmerk van hierdie lessenaar was die klein dog kragtige hoëtroustel. Dit was inderdaad die kamer van ‘n tiener wat al die tekens van ambisie, onstuimigheid en ja, drome getoon het.

‘n Enorme stryd het in my hart gewoed, ‘n stryd van lotsbestemming, ‘n oomblik van waarheid. “Ek het nooit gedink ek sou tot so iets in staat wees nie”, het ek gemompel terwyl ek na die vloer gestaar het. Hoe ek myself sien, het ek ernstig bevraagteken. Die stryd was so intens dat ek vertroosting in die plakkate gesoek het, wat my al soveel keer in die verlede gehelp het om my gedagtes af te lei van die oes wat ek nou maai.

Die lug was gevul met ‘n gevoel van desperaatheid. Om my versteurde gedagtes te stabiliseer, het ek myself begin evalueer in terme van akademie, atletiek, geartikuleerdheid, want dit was sommige van die kentekens wat ek as vashouplek gebruik het, maar dit het nou gelyk asof hulle magteloos was om my te help. ‘n Mislike wolk het oor my neergedaal en my ambisie verpletter. Hierdie gebeure het die mees kosbare plekke van die hart ontbloot en hulle skatte gesteel, en die mees heilige area geëis – hoop. Ek het my moeder aangespreek op ‘n manier wat ek myself belowe het om nooit te doen nie. Dit was die laaste strooi wat my laat besef het dat ek nie die persoon is wat ek wou wees nie. Ek het nie van myself gehou nie, en wou verander, maar dit het hopeloos gelyk.

* * *

Depressie. Depressie is die enkele grootste vloek wat ons samelewing vandag teister. Die Wêreldgesondheids-organisasie verklaar:

> Depressie is wêreldwyd die hoofoorsaak van swak gesondheid en gestremdheid. Meer as 300 miljoen mense leef nou met depressie, 'n toename van meer as 18% tussen 2005 en 2015."[1]

Probeer om die omvang van hierdie probleem in die volgende statistieke van 2011 in te neem:

- 1 miljoen selfmoorde elke jaar. Een sterfte elke 40 sekondes of 3000 per dag
- Vir elke indiwidu wat sy/haar eie lewe neem, is daar ten minste 20 wat pogings daartoe aanwend. Dit is 60,000 per dag.
- Wêreldwyd het die selfmoordsyfer oor die afgelope vyf dekades met 60% gestyg – hoofsaaklik in geïndustrialiseerde nasies.
- 60% van alle selfmoorde vind in Asië plaas. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie is China Indië en Japan verantwoordelik vir ongeveer 40% van alle selfmoorde.[2]

Wat op aarde gaan aan? Hoekom is die lewe so neerdrukkend dat miljoene mense verkies om eerder te sterf as om nog 'n dag in die gesig te staar?

In sy boek, *The Mind Game*, maak Phillip Day hierdie baie onthullende stelling:

> "In vervloë tye het omgee-familielede saamgekom om die depressiewe familielid die versekering en aandag te gee om dinge deur te praat. …. Vandag, met die verbrokkeling van die gesinseenheid, die afkraking van godsdiens en die skeiding van baie gesinne van mekaar as gevolg van die veeleisende gejaagde tempo van die 21ste eeuse lewenstyl, het psigoanalise eenvoudig die taak van berading oorgeneem wat gewoonlik uitgevoer is deur

---

[1] http://www.who.int/mental_health/management/depression/en
[2] https://www.medicalnewstoday.com/articles/234219.php

> versorgende familielede of die plaaslike predikant. Ek glo sterk dat dit 'n nadelige uitwerking op ons samelewing gehad het."[3]

Philip Day lys drie faktore: (1) Die verbreking van die gesinseenheid; (2) Die afkraak van godsdiens; (3) Die skeiding van baie gesinne van mekaar as gevolg van die veeleisende gejaagde tempo van die 21ste eeuse leefstyl, maar die deurslaggewende faktor is die verbreking van die gesinseenheid.

David Van Biema, wat oor hierdie onderwerp kommentaar gelewer het, het die volgende gesê:

> "'n Unieke generasie het tot volwassenheid gekom, een waarin miljoene gekenmerk is deur 'n diepgaande en vroeë hartseer. Hulle is die kinders van egskeiding. Hulle is net die voorste rang van 'n skynbaar eindelose aaneengeslote menigte."4

Jim Conway in sy boek *Adult Children of Legal and Emotional Divorce* beskryf in aanskoulike besonderhede die pyn en verlies van duisende wat die gevolge van 'n (wettige of emosionele gebroke familie) gebroke gesin gely het, hetsy wetlik, of emosioneel. Een van die sleutelkenmerke wat hy beskryf, is dié van onsekerheid en voortdurende vrae: "Wie is ek?" en "Is ek waardig genoeg dat enigiemand my liefhet?"[5]

Hierdie vrae lei tot die bron van die mens se dilemma – 'n gevoel van erkenning. Gee iemand werklik vir my om? Is ek enigiets werd? Hoe het hierdie vrae hulself in die menslike psige ingebed? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons teruggaan na die begin.

Skielik vind Eva haarself waar sy na die verbode boom staar. "Waarom het God ons verbied om van hierdie boom te eet?" wonder sy. Die vrugte wat so aanloklik lyk, wink haar na vore. Skielik hoor sy 'n stem vanuit die boom.

Satan, wat sy geleentheid gesien het, verlei haar deur die medium van 'n slang. "Het God regtig gesê, 'Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?"[6]

---

[3] Phillip Day, Introduction – http://www.campaignfortruth.com/Eclub/100702/depressionandsuicide.htm

[4] David Van Biema, "Learning to Live with a Past that Failed", People, 29 May 1989, p 79

[5] Jim Conway, Adult Children of Legal or Emotional Divorce, (Monarch Publications, 1990) p. 53

[6] Genesis 3:1

Satan lok Eva uit deur beide te debatteer en om twyfel in haar gedagtes te plaas omtrent die letterlikheid van God se Woord. Op die gebied van debat en logika het Eva geen kans teen Satan nie. Voeg hierby die onbekende wapens van bedrog en duisternis, en die stryd sal verwoestend kort wees, sou Eva te kenne gee dat sy bereid is om betrokke te raak deur haar mond oop te maak.

"Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, "Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sal julle sterwe."[7] Eva aanvaar die uitdaging deur die woorde wat God gespreek het, te herhaal, maar sy is nou diep in die moeilikheid. Haar eie nuuskierigheid, gekombineer met die openingsuitdaging van Satan, het haar onvoorbereid gelaat vir sy volgende stelling: "Julle sal gewis nie sterwe nie."[8]

Die konsep wat Satan aan Eva voorgestel het, bevat die saad van die vloek wat nou al die kinders van Adam teister – die stryd vir erkenning.

Was jy al ooit in 'n gesprek met iemand in die konteks van 'n "vriendelike" debat en gevoel dat jy redelik in beheer van die situasie was totdat jou opponent iets kwytraak van die "linkerkantse veld". Iets wat jy nooit verwag het nie, iets wat 'n stok in die goed geoliede ratte van jou gedagtes steek en dit tot stilstand maal? Nie dat enigiets wat hulle gesê het soseer diepsinnig of verhelderend was nie, maar jy het nooit verwag dat dit van hulle sou kom nie. Die moontlikheid dat hulle sulke woorde so onbeskroomd en blatant sou sê, het nog nooit by jou opgekom nie.

Satan, siende dat hy sy prooi nou geïmmobiliseer het met verwoestende presisie, het die finale doodslag gegee. "…. maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."[9]

Hierdie paar verse kan wees soos om deur 'n klein dorpie te ry, jou oë te knip en daar is jy verby die dorp. Die konsep wat Satan aan Eva voorgestel het, bevat die saad van die vloek wat nou al die kinders van Adam teister – die stryd vir erkenning. 'n Konsep wat so bevrydend klink, bevat die essensie van die

[7] Genesis 3:2,3

[8] Genesis 3:4

[9] Genesis 3:5

kettings wat die menslike siel in ellende en duisternis verslaaf hou. Klink dit na oordrywing? Luister mooi terwyl ons hierdie konsep, "Jy sal sekerlik nie sterwe nie", ontrafel en kyk na die vrugte daarvan en die rol wat die tergende vrae veroorsaak, "Gee enigiemand om vir my?" en "Is ek dit werd dat enigiemand my liefhet?"

Ek onthou toe ek omtrent agt jaar oud was, het my suster 'n pop gekry wat huil en lag en selfs melk drink. Al wat jy moes doen, was om 'n paar batterye in haar rug te plaas. Dit het vir my suster ure se vermaak verskaf. Ek wou dit vir die hond voer, want die gehuil van die pop het na 'n rukkie baie irriterend geword, maar ek het my later bedink, want ek wou nie hê dat sy ontroosbaar moes begin huil nie. Hierdie baba het lewe gehad deur eenvoudig twee batterye in haar rug te plaas, en dit is presies die idee wat Satan aan Eva wou tuisbring. "Eva, jy hoef nie bekommerd te wees oor wat enigiemand anders sê nie, jy het lewe in jouself. Jy kan doen soos jy wil en jy sal geen skade ly nie, want jy het lewe in jouself. Jy sal sekerlik nie sterwe nie en solank jy net terugkom na hierdie boom om jou batterye te herlaai, sal dit reg wees."

Kan jy jou voorstel dat 'n 18 maande oue baba vir sy ouers sê: "Ek dink ek kan dit nou op my eie maak, ek het nounet met die tuindwergie in die agterplaas gepraat en hy sê dat ek lewe in myself het wat my aan die lewe sal hou en in al my behoeftes sal voorsien, so baie dankie vir al julle hulp, en miskien sal ons mekaar eendag weer raakloop." Dit is presies wat met Adam en Eva in die tuin gebeur het. Hierdie konsep dat *jy sal sekerlik nie sterwe nie*, het hulle sin van totale afhanklikheid van hul hemelse Vader verbreek. Dit het die fondasie van wie hulle as individue is, aangeval. Dit het hulle sin vir identiteit verwar en gevolglik ook hulle waarde as kinders van God. Waarom kon Adam en Eva nie eenvoudig hul fout erken en terugkeer na 'n posisie van totale afhanklikheid van hulle hemelse Vader nie? Ek wens dit was so eenvoudig, maar die gevolge om die konsep "*jy sal sekerlik nie sterwe nie*" te aanvaar, omdat jy dink dat jy lewe in jouself het, selfs vir 'n sekonde, het die oombliklike effek dat jy verhoed word om ooit terug te keer na daardie oorspronklike salige toestand van gemeenskap met God. Ons sal later meer hieroor praat, maar kom ons keer eers terug na daardie noodlottige boom.

Let op Satan se voorstel dat, wanneer hulle hierdie vrug eet, hulle oë op een of ander manier tot 'n hoër bestaanstoestand sou oopgaan. Die gevolgtrekking hier is nie net dat jy lewe in jouself het nie, maar dat die materiële heelal kragtige voorwerpe bevat, wat ons meer krag en mag sal gee as ons dit bekom. Welkom by die materiële wêreld.

In Genesis 3:4,5 is Satan in grootskaalse evangelisering om bekeerlinge na sy utopiese koninkryk te wen. Hy het 'n koninkryk aangebied wat mag en bevrediging aan almal belowe wat dit sou aanvaar. Hierdie koninkryk is gebaseer op twee hoofbeginsels:

1. Jy dra lewe in jouself, sodat jy totaal onafhanklik van enige eksterne weldoener of gesag is.
2. Ons omgewing bevat mense, voorwerpe en dinge, wat, indien dit sou besit word of mee geassosieer word, dit ons magtiger, meer verlig en meer vervuld in die lewe kan maak.

Deur hierdie boom van kennis het Satan 'n battery-aangedrewe bestaan aangebied; 'n lewe sonder die behoefte aan enige eksterne weldoener of gesag. Vandaar die titel van hierdie hoofstuk – *Die Duracell Boom.* Satan wil vir ons vertel dat die selle/batterye van ons liggame vir ewig sal bestaan as ons sy lewensfilosofie sou volg.

Dit is belangrik om te onthou dat toe Adam en Eva die vrug van die boom geëet het, daar geen inherente gif daarin was wat hulle bevrees, sondig en rebels gemaak het nie.

Dit is belangrik om te onthou dat toe Adam en Eva die vrug van die boom geëet het, daar geen inherente gif daarin was wat hulle bevrees, sondig en rebels gemaak het nie. Die Bybel sê vir ons dat die vrugte goed was om van te eet.[10] Die gif was die woorde wat Satan met Eva gespreek het. Die gif is die beginsels van sy koninkryk. Sommige mense stel die vraag, "Waarom moet ek ly as Adam en Eva die vrug geëet het?" Die waarheid is dat elke keer as ons onafhanklik van God optree, ons op presies dieselfde manier as Adam en Eva van daardie boom eet, omdat ons die gif van Satan se koninkryk ingeneem het. Trouens, ons sal leer dat ons eintlik elke dag van hierdie boom eet en ons ly as gevolg daarvan aan slegte spysvertering.

Die idee dat ons afsonderlik van God kan leef, klink dalk nie vir baie mense so vreemd nie, maar in die volgende hoofstuk sal ons leer dat hierdie tipe denke in werklikheid selfmoord is.

---

[10] Genesis 3:6

## 2. Die Fontein van Lewe

Dit was ‘n lang dag by die werk. Ons was in die finale stadium van die voorbereiding van ‘n begroting – eintlik omtrent negentig begrotings wat in een saamgevoeg moes word. Dit was ‘n delikate proses om die beskikbare inkomste onder al die ambisieuse bestuurders te verdeel, elkeen vol hoop om selfs nog ‘n groter deel van die koek op te eis om hulle doelwitte te bereik. Ek het tevergeefs probeer om al hierdie syfers uit my kop te kry, toe die telefoon skielik lui. “Hallo…. Dis Pa, seun.” Pa het geklink of hy die Empire State gebou op sy skouers gedra het. “Wat gaan aan, Pa?” “Ma was in ‘n baie ernstige motorongeluk.” Daardie woorde het my soos ‘n voorhamer getref. Ek het dadelik begin bewe en my hartklop het letterlik binne ‘n oomblik verdubbel. My spiere het styf geword terwyl 'n adrenalienstormloop deur my gespoel het. “Ongeluk?” Ek het amper in die foon gefluister in ‘n poging om myself tot bedaring te bring. “Hoe ernstig is dit?...” “Dit is redelik ernstig, Seun.”

Op daardie oomblik het ek gewens ek kon deur daardie foon na my pa toe spring en net my Pa vashou, maar ek was 12 ure se ry van hom en ek sou tot die volgende oggend moes wag om ‘n vlug te haal. Toe ek die foon neersit, het my kop gespin – skok, vrees en gevoelloosheid het my terselfdertyd getref. Toe dink ek aan Jesus, en ek het net daar op my knieë gesak en uitgeroep “O Jesus, moet asseblief nie dat sy sterf nie.” Ek het my Bybel oopgemaak en net gebid en gebid totdat ‘n gevoel van kalmte oor my gekom het. My gedagtes dwaal toe na die alledaagse dinge van die lewe totdat dit my weer sou tref; vrees, hulpeloosheid en skok. Ek het herhaaldelik op my knieë gegaan en net gebid en aan Jesus vasgehou. Ma was op pad om ‘n musiekles te gee. Sy was op ‘n dubbellaansnelweg met ‘n tien meter eilandstrook tussen die twee paaie. Sy het pas ‘n ander motor verbygesteek toe sy oor ‘n kruin gegaan het en dit is al wat sy onthou. ‘n Motor wat in die teenoorgestelde rigting gery het, het beheer verloor en direk op haar afgekom en my Ma kop-aan-kop getref. Die krag van die impak het die enjin van Ma se motor deur die brandmuur gedruk en terselfdertyd die stuurwiel reg in haar gesig gedruk. Vir een of ander onbekende rede het die sitplek op daardie oomblik gebreek. Ek is so dankbaar dat dit gebeur het, anders sou sy onmiddellik gesterf het. Toe hulle haar by die hospitaal aanbring, het sy gebreekte arms en bene gehad en die hele linkerdeel van haar gesig was vergruis.

Toe my Ma die hospitaal ingedra is, was daar 'n dokter wat pas met sy skof klaargemaak het. Toe hy my ma sien, het hy dadelik aan die werk gespring. Hy het agt ure lank geveg om haar lewe te red, en uiteindelik, na baie intense oomblikke, was sy stabiel. Ek kan regtig nie die woorde vind om daardie dokter te bedank nie. Selfs nou bring dit trane in my oë. Daardie man het sestien ure aaneen gewerk en toe nog die bedagsaamheid gehad om my pa 03:00 te kontak om hom in te lig dat my ma krities, maar stabiel, was. Ek is nog steeds oneindig dankbaar vir hom, 'n treffende voorbeeld van die vaardighied, deursettingsvermoë en welwillendheid van die mediese professie.

Ek het geweet dat my Vader, die bron van lewe, Sy Seun gestuur het om haar te stabiliseer. Ek is so dankbaar vir die lewegewende krag van Jesus.

'n Paar dae later was ek en my vrou, Lorelle, by my ma in die intensiewe eenheid. Ek was so dankbaar om haar lewend te sien. Die dokters was verstom oor die tempo van haar vordering. Ons was meegedeel dat sy nooit weer klavier sou speel nie en dalk nie eers weer sou loop nie. Dit was 'n groot skok, maar ek was dankbaar dat sy steeds met ons was. Lorelle het na Ma se mediese inskrywings gekyk en my beduie om te kom kyk. Dit het 'n duidelike punt gewys waar hulle gedink het hulle haar sou verloor, maar skielik het al haar vitale tekens saamgetrek en sy het gestabiliseer. Daar was geen verduideliking hoe dit gebeur het nie, maar ek het geweet dat my Vader, die bron van lewe, Sy Seun gestuur het om haar te stabiliseer. Ek is so dankbaar vir die lewegewende krag van Jesus. Vandag loop Ma en soms, wanneer sy klavier speel, voel ek 'n diep dankbaarheid teenoor Jesus dat Hy my moeder van 'n gewisse dood gered het.

Wanneer dit kom by die begrip van die bron van lewe, laat die Bybel ons sonder twyfel. Ons lees die volgende omtrent Jesus in Kolosense:

> "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. Kolossense 1:16,17

Alles wat ons kan sien of waarneem, en selfs onsigbare dinge, is geskep en word nou deur Jesus Christus onderhou.[11] Let noukeurig op die bewoording van die laaste sin (van Kol. 1:17). En *in Hom* hou alle dinge stand. Die teks sê duidelik vir ons dat die lewenskrag wat vanuit die Seun van God voortkom, die ganse heelal bymekaar hou. Paulus stel dit anders in die boek Handelinge:

> Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat **Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.** En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl **Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het**, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is **Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons**, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. Handelinge 17:24-28

Ons sien hier 'n God wat intiem betrokke by ons lewens is. Paulus begin met die groter prentjie en fokus dan op die persoonlike en intieme vlak:

1. Hy het die tye en woonplekke van elke nasie bepaal;
2. Hy is nie ver van elkeen van ons af nie;
3. …. en laastens gaan Paulus reguit na die kern van die saak en sê dat ons *in Hom* leef en beweeg en bestaan.

As ons *in Hom* leef, dan sê eenvoudige logika vir ons dat ons nie sonder Hom kan lewe nie. God se goddelike verteenwoordiger, Jesus, die eniggebore Seun van God, sê "…. jy kan niks doen sonder My nie."[12] Verstaan asseblief dat dit beteken dat ons niks fisies, verstandelik of geestelik sonder Hom kan doen nie. Ons is vir alles totaal en al afhanklik van God en Sy Seun, net soos 'n babatjie van sy ouers afhanklik is.

Laat my hierdie punt illustreer, want die implikasies daarvan is verreikend. Oorweeg die verstommende orgaan van die hart. Dit werk soos 'n pomp om

---

[11] ..Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee." 1 Kronieke 29:14

[12] Johannes 15:5

bloed sonder tussenpose in ons liggaam vir dekades te sirkuleer. Wat verstommend van die hart is, is dat die polsing van die hart blyk of dit glad nie ekstern aangehelp word nie. Die hartspier kan saamtrek en ontspan sonder enige direkte stimulus van die senuweestelsel. Dit het, wat ons noem, 'n intrinsieke reguleringstelsel. 'n Anatomie handboek stel dit so: "Die geleidingsisteem is saamgestel uit gespesialiseerde spierweefsel wat die elektriese impulse genereer en versprei, wat die hartspiervesel stimuleer om saam te trek….[13]

Hierdie spierweefsel is beslis gespesialiseerd, omdat hulle elektriese impulse genereer wat nie vanaf die senuweestelsel kom nie. Dit is verstommend dat dit nêrens in die Anatomie handboek die vraag aanspreek hoe hierdie hartspierweefsel hierdie elektriese lading verwek om die hart te laat inkrimp nie. Dit word gespesialiseerd en intrinsiek genoem, maar hoe doen die spierweefsel dit, en waar kom hierdie energie vandaan?

Dit is hier waar die pad verdeel. Die Bybel sê vir ons dat hierdie energie direk van God kom. "In Hom lewe ons". Hand 17:28. Maar Satan sê vir ons dat dit inherent in onsself is; dit is bloot deel van die biologiese proses wat ons in onsself besit, "Jy sal sekerlik nie sterwe nie". Gen 3:4. Dit is so 'n fundamentele kwessie. Dit is óf die een óf die ander. Daar is baie christene wat probeer om 'n middeweg oor hierdie kwessie te kies en sê: "Ja, God het alles gemaak, maar dit is soos 'n opwenhorlosie. Hy het dit begin en verder self laat loop". Asof God op een of ander manier die Duracell batterye gemaak het en dit binne-in ons geplaas het. Die Woord leer ons nie hierdie idee nie. Ons is intiem aan Hom verbind en is elke millisekonde van elke sekonde, van elke minuut, van elke uur, van elke dag totaal van Hom afhanklik. God is aktief, wetend, liefdevol besig om vir ons die elektriese lading wat ons hart laat klop, te voorsien. Daar is iets omtrent hierdie werklikheid wat ons as mens regtig ongemaklik kan maak, maar ons sal dit later aanspreek. Die feit is dat ons hierdie kwessie nou duidelik moet begryp. Óf ons glo dat "ons in Hom leef en beweeg", óf ons glo dat ons "sekerlik nie sal sterwe" nie. Daar is geen middeweg nie.

[13] Gerard Tortora and Nicolas Anagnostakos, *Principles of Anatomy and Physiology,* (Harper and Row Publishers, New York, 1984) p 463

So uitdagend as wat dit vir baie van ons mag wees, het ons hier nog net die fisiese aspek van die menslike bestaan bespreek. Ons moet nou die verstandelike en geestelike aspekte bespreek.

Oorweeg die volgende tekse:

> "…dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God die Vader en van Christus, **in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.**" Kolossense 2:2,3
>
> "Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Kyk, Ek het Besáleël, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en **Ek het hom vervul met die Gees van God**, met **wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk**, om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk." Exodus 31:1-5

Die Woord openbaar God as die bron van alle wysheid en kennis. Kol. 2:2,3 daag die konsep uit dat ons as mens die bron van wysheid en kennis het. Alle wysheid en alle kennis kom van God, deur Christus Sy Seun. 'n Voorbeeld hiervan is in Exo. 31:1-5. Hier sien ons dat God aan 'n mens wysheid en begrip in vakmanskap gee. Dit is interessant dat ons dikwels na mense met groot vermoëns en talente as "begaafd" verwys. Hulle is inderdaad – begaafd deur God.

Kom ons plaas onsself in die middel van 'n konsert. Die gehoor word betower wanneer 'n talentvolle jong pianiste haar vingers oor die klawers van die indrukwekkende vleuelklavier op die verhoog, laat gly. Sy laat die klavier letterlik sing – die aanraking van 'n meesterhand. Sy bou dan tot die klimaks en ons voel die einde het aangebreek. Ons wil hê dat sy moet voortgaan – maar die musiek kom tot 'n einde en die gehoor breek uit in applous, verstom deur elegansie en grasie gekombineer met passie en intensiteit. Die jong dame buig en asem die geur van lof in en stap van die verhoog af.

Kom ons gaan net 'n bietjie terug, want daar is iets interessants aan hierdie algemene scenario. Elke keer wanneer so iets gebeur, behoort die gehoor uit te

breek in sang, "Prys Die Here uit wie alle seëninge voortvloei", of iets soortgelyks. Die applous moet gerig word aan God wie die vaardigheid, wysheid en vermoë gegee het. Die pianiste se hart behoort oor te vloei van liefde en dankbaarheid teenoor haar Skepper vir die gawe wat Hy aan haar gegee het, maar dit is selde die geval. As ons werklik so opgetree het, sou ons nie opgeblase wees oor sukses of ontmoedig word deur mislukking nie, want die vermoë om te presteer kom nie van onsself nie, en as dit nie by ons ontstaan nie, dan kan ons nie trots wees daarop wanneer ons sukses behaal, of moedeloos voel wanneer ons misluk nie.

Hier lê die vloek van die Duracell boom. Stel jou die vryheid van 'n gemotoriseerde valskermsweef in die ope lug voor.[14] Die gevoel van vryheid wat ons ervaar wanneer ons sukses behaal in die geloof dat ons dit self gedoen het, vergelyk met die lewenslustigheid om duisende voet bokant die aarde te klim en die wonderlike uitsig van bo te aanskou. Maar as ons te hoog klim, kan die gebrek aan suurstof veroorsaak dat ons ons bewussyn verloor of aan enjinonderbreking ly wat ons na benede laat neerstort. Hoe verder ons in die leuen van krag in onsself klim, hoe hoër is die impak se snelheid wanneer ons na die aarde neerstort. Daar is geen ontsnapping aan die vloek van die Duracell boom nie. Sodra jy die vrugte daarvan geproe het, is daardie begeerte om te klim onweerstaanbaar, en die uiteindelike gevolg onvermydelik. Dit is geen toeval dat "depressie wêreldwyd die grootste oorsaak van ongeskiktheid is nie."[15]

Die vrug van die Duracell boom skep hierdie begeerte om na hoogtes te klim wat nie gepas is vir ons nie. Hoe meer vrugte ons eet, hoe groter is die begeerte om te klim en hoe groter is die sekerheid dat ons sal verongeluk. Hoeveel keer het jy al geval? Hoeveel meer kan jy verduur? Dit is die moeite werd om hieroor na te dink.

Kom ons gaan na die volgende vlak. Ons het gekyk na die implikasies van fisiese en geestelike afhanklikheid, maar wat van geestelike en morele

---

[14] Aangedrewe valskermsweef, ook bekend as "paramotoring" of PPG, is 'n vorm van ultraligte lugvaart waar die vlieënier 'n motor op sy rug dra ('n paramotor) wat genoeg stukrag verskaf om met 'n valskermsweeftuig op te styg. Dit kan in stil lug en op gelyke grond, deur die vlieënier alleen gelanseer word – geen bystand word benodig nie. Wikipedia

[15] http://www.who.int/mental_health/management/depression/en/

afhanklikheid. Dit is ‘n uitdagende kwessie, so maak jou veiligheidsgordel vas; dit kan ‘n rowwe rit wees.

Die Bybel sê vir ons “God is liefde” 1 Johannes 4:8. Dit sê vir ons dat God die bron van liefde is. Dit verwys ook na God as die God van hoop. Romeine 15:13. Hierdie idee word verder uitgebrei in Galásiërs:

> “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie.” Galásiërs 5:22,23

Die implikasie van hierdie teks is verstommend. Kom ons neem tyd om dit te ontleed. Al hierdie eienskappe kom van die Gees van God. Dit beteken eenvoudig dat sonder die Gees van God jy nie liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, ensovoorts, kan besit nie. Ek het eendag hierdie Bybelse waarheid bedink terwyl ek in ’n park by ‘n meer gestap het. Dit was kalm en vreedsaam. Ek het skielik opgemerk dat ‘n moeder haar dogter op ‘n swaai stoot. Hulle het albei saam gelag en duidelik mekaar se geselskap geniet. Die liefde wat hierdie moeder vir haar dogter ervaar het, is deur God geïnspireer. Die gedagte om liefdevol en minsaam teenoor haar dogter te wees, het nie in die hart van die moeder ontstaan nie, maar in die hart van God en dit is aan daardie moeder wat gekies het om dit oor te dra, gegee en dit het moederliefde geword. Dit is hoe moederliefde in werklikheid ontstaan: ‘n reaksie op God se liefde in ons. Daardie liefde het deel van die moeder geword, omdat sy op die Gees van God gereageer het en dit uitgedruk het. In die ware sin is daar nie iets soos die liefde van ’n moeder vir haar kinders of liefde tussen man en vrou nie. Klink dit radikaal? Wel, dit is wat die Bybel leer.

Ek het hierdie idee al vele kere aangebied wanneer ek by seminare gepreek of gepraat het en dit is interessant om te sien hoe die gehoor reageer. Sommige mense se gesigte lyk asof ek sopas die fondasie van die mensdom aangeval het. Van al die miljoene liefdesliedjies wat ooit gesing is en die biljoene beloftes voor die huweliksaltaar – “Ek is lief vir jou en sal jou vir altyd liefhê” – kan nie een gehou word sonder dat God Sy liefde in ons ontvanklike harte uitstort nie. Kom ons plaas die eienskap van liefde in ‘n valskermsweef. Hoekom “val” soveel “uit verliefdheid” en stort op die grond neer? Mense wat glo dat liefde in ons eie siele ontstaan het, kan wel een oggend opstaan en nie meer lief “voel” vir hulle maat nie. Hulle begin twyfel of hierdie verhouding nog reg is vir hulle en

begin dikwels dan na iemand anders soek om daardie gevoel terug te bring. Die Duracell kredietkaart het sy limiet bereik en nou is dit tyd om terug te betaal.

Wat van die opregte man wie werklik sy beloftes bedoel het om sy vrou vir altyd lief te hê en dan skielik vind dat hy aangetrokke tot 'n ander vrou is? Hy wil dalk nie so voel nie, maar hy "kan dit nie help nie". Liefde word met wellus verwar, en daar is twyfel oor sy integriteit. Hy begin hom dan van sy maat onttrek omdat die skuldgevoel om so op te tree hom verhinder om te glo dat hy nog liefgehê kan word. Hy het gedink hy kan die liefde wat uit sy hart vloei handhaaf, maar nou het sy valskermsweeftuig gestol en neergestort op die grond vanwaar hy gelanseer het, en sy huwelik is op die rotse. Is dit enige wonder dat dit vir die meeste mense so ontwykend is om vreugde in die huwelik te vind?

Ter wille van diegene wat voel dat hul huwelik nie meer die moeite werd is nie, onthou dat liefde slegs in die hart van God ontstaan en vrylik beskikbaar is vir dié wat Hom daarvoor vra. As jy voel jy het daardie liefde vir jou maat verloor, vra God om dit aan jou terug te gee. Hy sal, want Hy het belowe.

> En wat julle ookal in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. - Johannes 14:13-14.

## 3. Na aan die Hart van God

Ons het teen ‘n duiselingwekkende spoed met die snelweg afgejaag. Lorelle se kontraksies het in ‘n volgehoue patroon ontwikkel. Ons wou nie onkant betrap word nie, dus het ons na die hospitaal gejaag. Dit was alles baie nuut en opwindend; binnekort sou ons ons eerste kind hê. Ons het vinnig na die kraamsaal gegaan en die verpleegster het een blik na ons gegee en gesê, “Julle is te gelukkig, julle moet maar eers nog ‘n rukkie gaan stap.” Wel, dit het ons entoesiasme gedemp. Vyf-en-veertig minute later het ons teruggekeer en nou het Lorelle nie meer geglimlag nie. Nog dertig minute was sy in volle kraam. Ja, daar is geen ander woorde om dit te beskryf nie: werk, harde werk. Ons het probeer om al die tegnieke van die voorgeboorteklasse te onthou, maar dit was moeilik om gefokus te bly. Daardie kontraksies het mekaar soos 'n goederetrein opgevolg. Sodra ons die een onder die knie het, was die volgende een reeds daar. Uiteindelik, na elf ure, het ons ons eersgebore seun, Michael, ontvang.

Daar is 'n baie interessante foto van my en Lorelle net nadat sy geboorte gegee het. Dit is absoluut verstommend. Sy sit net en straal, asof dit alles maar sommerso gebeur het, en ek lyk onvas op my voete, asof ek op die punt staan om ineen te stort. Ek het daardie dag 'n diepgaande nuwe respek vir ‘n vrou ontwikkel. Ek moet vir julle sê dames, dat dit regtig harde werk is om te kyk hoe julle geboorte skenk. Wanneer julle klaar gelag het, sal ek my punt afhandel. ☺ Die emosionele spanning om die een vir wie jy lief is in soveel pyn te sien, is ongelooflik. Ons manne het gewoonlik ‘n oplossing vir elke probleem, maar ek het hierdie keer geen antwoorde gehad nie en dit het seergemaak. Ek het net gebid, “Vader, ek weet daar is ‘n rede vir al hierdie pyn, maar op hierdie oomblik kan ek dit nie sien nie.” Ek was werklik verlig toe dit verby was.

Toe ek my seun vir die eerste keer vasgehou het, was dit ‘n ewige oomblik. Dit was ‘n onbeskryflike oomblik toe ek in sy oë afgekyk en hy reguit na my gekyk het. Terwyl ek in verwondering na hom gestaar het, was ek aangegryp deur hierdie diep gevoel van vrees. Ek het geweet dat my seun gestempel is met dieselfde natuur as myne, ‘n natuur wat gesag uitdaag, wat natuurlik neig tot rebellie eerder as gehoorsaamheid. Ek het geweet dat ek die verantwoordelikheid het om daardie wil te stuur en hom op te lei in die

dissipline van ware liefde, vriendelikheid, onselfsugtigheid en gehoorsaamheid. Bo alles het ek gewonder of hy my vriend sou wees? Kan iets tussen ons kom en ons van mekaar skei? Ek het net daar gebid: "O liewe Vader in die Hemel, moenie dat iets tussen my en my seun kom nie. Mag ons altyd naby aan mekaar wees en ek bid dat hy sal leer wie ek is en my vriend sal wees". Die intensiteit van daardie gebed bly my steeds by. Ek voel hierdie intensiteit dikwels en bid en glo steeds dat God dit 'n werklikheid sal maak.

Vier jaar later het ek 'n stil Sabbatdag deurgebring deur met die Here te loop en praat, ver weg van die gewoel van die lewe. Ek het gedink aan my Vader in die Hemel en Sy liefde vir my en hoe kosbaar dit is. Ewe skielik is my gedagtes teruggedryf na die geboorte van my seun en ek herleef daardie intense begeerte om nooit van hom geskei te word nie en dat hy my werklik sou ken. Die toneel het verbygegaan en in die stilte het ek 'n sagte stemmetjie diep in my gedagtes gehoor en dit het gesê, "Dit is hoe Ek oor jou voel". Ek het nie geweet of ek moet lag of huil nie, en ek het dit ongelooflik moeilik gevind om dit te aanvaar. "Maar Here", het ek gesê, "U weet hoe ek is, U weet dat ek baie verkeerde dinge gedoen en gesê het," en so het ek aangehou baklei daarteen. Ek was regtig verras met myself. Ek is 'n man wat Christus as sy Verlosser aangeneem het en glo dat my sondes vergewe is, maar toe God so naby aan my gekom het en vir my gesê het hoe Hy oor my voel, was dit moeilik om dit te aanvaar. Uiteindelik het ek net uitgeroep: "Ag dankie, dankie dat U my liefhet, en dankie vir alles wat U vir my gedoen het. Ek is baie lief vir U." Ek het werklik gevoel asof ek in Sy arms gehou word. Ek kon nie gelukkiger gewees het nie. Ek het besef dat my Hemelse Vader my so liefhet dat Hy nie wil hê dat enigiets tussen ons moes kom nie. Die gedagte dat ons geskei kon word, maak Hom seer en daarom doen Hy alles moontlik dat dit nooit sal gebeur nie.

Hierdie ondervinding het aan my die hartsvreugde om deel te wees van God se koninkryk, geopenbaar. Kort na hierdie gebeurtenis is ek gelei na 'n paar gedeeltes in die Bybel wat my oë regtig oopgemaak het en my God nog meer laat loof het. Ek bid dat die betekenis van hierdie teks in julle harte sal inbrand en julle nooit sal verlaat nie. Hier is 'n baie duidelike venster na die koninkryk van God:

> "Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie; julle is meer werd as baie mossies." Lukas 12:6,7

Jesus verduidelik hier die beginsels van Sy koninkryk. In hierdie verse vind ons ‘n formule vir wat mense betekenisvol maak in Sy koninkryk. Wat maak iemand betekenisvol, wat maak hulle iets werd, wat maak hulle waardevol? As hierdie kwessies nie vir jou belangrik is nie, sal hierdie teks nie veel vir jou beteken nie, maar ek het nog niemand gevind wat nie met die kwessies van eiewaarde worstel nie.

In hierdie verse vind ons `n formule vir wat mense betekenisvol maak in Sy koninkryk. Wat maak iemand betekenisvol, wat maak hulle iets werd, wat maak hulle waardevol?

Jesus stel die waarde van twee mossies in menslike terme. In 'n menslike terme het hierdie mossies min waarde. Jesus stel dan ‘n kontras en sê: “Nie een van hulle is voor God vergeet nie”, Die kontras is dat, omdat God aan die mossies dink, hulle baie waardevol is in God se koninkryk. Jesus brei hierdie beginsel uit deur dit te vergelyk met die waarde wat God aan ons heg, in vergelyking met mossies. “selfs die hare van julle hoof is almal getel.” As dit nie persoonlik is nie, wat is dit dan? Ken jy enigiemand wat soveel van jou wil weet dat hulle selfs die aantal hare op jou kop dophou? Dan kom die uitklopreël: “Wees dan nie bevrees nie; julle is meer werd as baie mossies”. Kan jy sien hoe waarde en betekenis in God se koninkryk verkry word? Dit kom net van die besef dat God voortdurend liefdevol aan ons dink. Ons is beslis in Sy gedagtes. Hy gee ons lewe, laat ons harte klop en stort aktief Sy liefde in ons lewens uit sodat ons die lewe kan geniet; en Hy gee aan ons ryke gawes, talente en vermoëns vir ons bevrediging, genot en diens vir ander. Hier is die geheim van God se koninkryk, die geheim van waarde. Dit is die sleutel wat die verslawende koninkryk van waardeloosheid en depressie ontsluit. Het jy die moed om dit te glo?

Terwyl ons besig is met hierdie onderwerp, weet jy hoeveel God van jou dink? Luister na die volgende:

> Groot dinge het U gedoen, HERE my God - u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel. Psalm 40:6

As ons waarde bepaal word deur die liefdevolle gedagtes wat God teenoor ons het, dan sê hierdie teks vir ons dat ons onskatbaar is, want dit sê dat Sy planne

en gedagtes vir ons groter is as wat verklaar of getel kan word. Hoe voel dit om van onskatbare waarde te wees? Maar dit kan net van soveel waarde wees as ons geloof in die waarheid dat God ons oneindig liefhet, ongeag hoe goed of sleg ons is. Dit is wonderlike nuus en ek is so dankbaar daarvoor. So, wanneer jy ookal in die versoeking kom om jou waarde te betwyfel, kyk net na die mossies en glo!

## 4. Die Familie Koninkryk

Dit is ‘n warm, bedompige dag. ‘n Feestelikheid vul die huis. ‘n Heerlike geur stroom uit die kombuis wat die smaakkliere ’n ware bederf belowe. ‘n Skaterlag klink op terwyl stories uitgeruil word van tye wat verby is. Geskenke word uitgeruil in ‘n atmosfeer van opgewondenheid gemeng met liefde. Die kinders verslind Ouma se lekkernye terwyl Oupa vir ons vertel hoe groot ons geword het. Dit was dikwels ons ervaring wanneer ons by ouma en oupa gaan kuier het. Dit was ‘n tyd vir familie, ‘n tyd om te herbevestig waar jy hoort, ‘n tyd om weer kontak te maak met die vir wie jy lief is, om geskenke te deel; ‘n kosbare en belangrike tyd om saam te wees.

Daar is niks belangriker as die gevoel van ‘n hegte gesin om ons te beskerm teen die steeds groter wordende kake van depressie en waardeloosheid nie. ‘n Familie kan ‘n plek wees waar jy aanvaar word vir wie jy is, waar jy jouself kan wees, waar jy vergewe kan word vir foute en dit eenvoudig geniet om saam te wees.

Jesus het vir ons ‘n grootliks lewensbelangrike prentjie van die koninkryk van God oopgemaak toe Hy ons geleer het hoe om te bid. Hy het gesê: “Dit is dan hoe julle moet bid: ‘Onse Vader wat in die hemel is.’ ” Jesus het nie gesê bid ‘Liewe God’, of ‘U grote majesteit’, of ‘Liewe Koning’, as ons beginpunt nie, maar eerder ‘Onse Vader’.

**Die Koninkryk van God is ‘n Familie.**

Dit blyk vir sommige baie voor die hand liggend, maar die implikasies van ‘n familiekoninkryk is verreikend. Ons sal in die komende hoofstukke na hierdie implikasies kyk.

Die eerste keer dat die Vader tot die mensdom spreek, is in Matthéüs 3:17. Van die begin van tyd tot en met die doop van Jesus het God met ons deur Sy Seun gekommunikeer. In al die volheid van Sy oorgeërfde goddelikheid was Jesus die Jehovah wat die Rooi See oopgekloof het, Hy was die Jehovah wat vanaf die berg Sinai tot die volk gespreek het en Hy was die Jehovah wat Joshua in die Beloofde Land ingelei het. 1 Korinthiërs 10:1-4. Ten tyde van die doop van Christus het die Seun van God Emmanuel geword – God met ons – een met ons.

So op daardie stadium spreek die Vader vir die eerste keer en Sy woorde is diep betekenisvol (soos altyd), want hier lê God die kern van Sy koninkryk uiteen. “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het”. Daar is baie maniere waarop God Sy Seun kon bekendgestel het, soos “Dit is die Skepper van hemel en aarde; luister na Hom”, of “Dit is julle Koning, gehoorsaam Hom”, maar God kondig die identiteit van Sy Seun aan in terme van ‘n familie eerder as in terme van ‘n koning of heerser. As ons hierdie stelling ontleed, let ons die volgende op:

1. Dit is my Seun = **Identiteit**
2. Wie Ek liefhet, en in wie Ek’n welbehae het = **Waarde**

In God se koninkryk word betekenis en waarde deur ons verhouding tot Hom bepaal. Dit is in totale kontras met Satan se koninkryk waar betekenis en waarde bepaal word deur ons suksesvolle prestasies, soos beoordeel deur onsself en ander rondom ons. In die hemelse koninkryk van God is Hy ons Vader en ons is Sy kinders. Dit is ons identiteit. Ons word geken aan wie ons behoort eerder as wat ons doen. Die feit dat God ons as Sy kinders liefhet en voortdurend Sy seëninge oor ons uitstort, voortdurend aan ons dink en naby ons wil wees, gee ons ‘n ongelooflike gevoel van waarde. “Wees nie bevrees nie, julle is meer werd as baie mossies.”

In God se koninkryk is ons identiteit en waarde net so blywend soos God self – ewigdurend en onveranderlik. Ongeag van sukses of mislukking, die verhouding bly onveranderd en ons waarde is veilig. In Satan se koninkryk is ons waarde omtrent so veilig soos die aandelemarkte ná 11 September 2001 – uiters wisselvallig, totaal onseker en gereed om ineen te stort. Kan ons waarborg dat ons altyd sal slaag? Kan ons seker wees dat die mense rondom ons, by wie ons aanmoediging en ondersteuning soek, altyd ons pogings sal goedkeur? Nie sommer nie! Vir die wat ore het om te hoor: die wyse man het sy huis op die rots gebou eerder as op sand wat kan verskuif.

> Om ons individuele identiteit te beskerm en ons te red van 'n lewe van wanhoop, moedeloosheid, waardeloosheid en om die dood te betree, het God 'n wet in die hart van Sy koninkryk vasgelê wat verhoudings beskerm.

Om ons individuele identiteit te beskerm en ons te red van ‘n lewe van wanhoop, moedeloosheid, waardeloosheid en om die dood te betree, het God 'n wet in die hart van Sy koninkryk vasgelê wat verhoudings

beskerm. Dit handel oor twee tipes verhoudings: Die verhouding tussen ons en ons hemelse Vader, en die verhouding tussen elkeen van ons as broeders en susters in die koninkryk van God. Dit is waarom Jesus gesê het:

> "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en grootste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." Matthëüs 22:37-40

Hierdie twee gebooie is ontwerp om ons identiteit en waarde as kinders van God te beskerm. Hierdie twee gebooie is natuurlik 'n samevatting van die Tien Gebooie. Het jy al ooit daaraan gedink dat die Tien Gebooie noodsaaklik is om te verhoed dat jy jou selfwaarde verloor? Binne die koninkryk van God word die Tien Gebooie in die konteks van verhoudings verstaan. As jy daardie verhoudings verbreek, vernietig jy jou identiteit, en wanneer jy jou identiteit vernietig, wag die dood jou in. Daar is niks arbitrêr in God se stelling dat die loon van die sonde die dood is nie. Sonde (wat die Bybel definieer as die verbreking van die wet in 1 Johannes 3:4) vernietig ons identiteit en waarde. Wanneer identiteit en waarde uit die weg gerum is, smag die siel na die dood. Dit is presies die rede waarom depressie en selfmoord vandag die grootste probleme in die samelewing is. Die antwoord is eenvoudig – sonde. Kan jy sien hoekom God sonde so haat? Sonde beroof ons van ons identiteit en waarde as kinders van God, en God is vasbeslote om dit te vernietig.

Net 'n vinnige samevatting van wat ons gedek het:

1. God se koninkryk is 'n familie.
2. God is ons Vader en ons is Sy kinders.
3. Ons identiteit en waarde as individue is gebaseer op ons verhouding met God.
4. Die koninkryk van God is 'n verhoudingskoninkryk gebaseer op verhoudings tussen ons en God en tussen mekaar.
5. Hierdie verhoudings word deur die Tien Gebooie beskerm.
6. Die verbreking van die Gebooie vernietig ons identiteit en waarde.

## 5. Krisis in die Familie

Ek kon aan die uitdrukking op sy gesig sien dat hy een of ander trauma in sy lewe ervaar. Die sakke onder sy oë het sy dapper poging om normaal voor te kom, verraai. Ek het vir hom gevra, "Is alles reg?"

"Ek en my vrou is geskei" het hy hartseer gesê. "Ek het dit net nie sien kom nie," het hy gesê, vol spyt. Ons het gepraat oor die uitdagings wat hy in die gesig gestaar het en toe hy dit erken: "Ek kan dit nie hanteer om nie die kinders te sien nie – dit vernietig my." Ek kon sien hy worstel om homself bymekaar te hou, en ek het werklik sy pyn gevoel. Ek het ernstig gewens dat ek hom kon help. Sy laaste opmerking was, "Ek weet net nie watter kant toe of waarheen om te gaan nie."

Slegs dié wat die kronkelende pad van skeiding en egskeiding geloop het, sal die emosie agter daardie woorde verstaan. Die skok, woede en hartseer wat die onwillige party ervaar, word dikwels vergelyk met die ervaring van die dood van 'n lewensmaat.[16] Die verwoestende realiteite van egskeiding beteken meer as bloot 'n verdeling van bates; dit beteken om jou hele identiteit te herdefinieer.[17]

Die grootste slagoffers is natuurlik die kinders. Die reeks vernietigende emosies wat deur die hart van 'n kind gaan, nie net ten tyde van die gebeurtenis nie, maar vir die res van hul lewens, kan nooit volledig bereken word nie.

---

[16] Nelly Zola and Renata Singer, *True Stories from the Land of Divorce,* (Pan Macmillian, Sydney, 1995) p2
[17] Ibid.

Jim Conway het honderde volwassenes ondervra wat kinders van egskeiding was, en die reeks emosies wat hulle ervaar het, is soos volg beskryf:

| | |
|---|---|
| Ongelukkig | 72% |
| Voel magteloos | 65% |
| Voel eensaam | 61% |
| Bang | 52% |
| Kwaad | 50% |
| Voel verlate | 48% |
| Voel persoonlik verwerp | 40% |
| Waardeloos | 30% |

Om as kinders aan egskeiding onderhewig te wees, het hierdie volwassenes met die volgende probleme gelaat:

| | |
|---|---|
| Soek voortdurend goedkeuring | 58% |
| Blok dele van hulle verlede uit | 54% |
| Beoordeel hulself te streng | 53% |
| Neem hulself te ernstig op | 47% |
| Oorreageer op situasies waaroor hulle geen beheer het nie | 42% |
| Het steeds probleme met verhoudings | 40% [18] |

Is dit enige wonder dat God sê: "Ek haat egskeiding", Maleági 2:16. Ongeag hoe dit plaasvind, of wie uit die verhouding stap, die verlies van gesinsverhoudings is verwoestend vir alle partye. Daar is geen wenners wanneer gesinsverhoudings verbrokkel nie. Tog is dit presies wat in die hemel gebeur het. God se familie is deur 'n krisis verskeur toe Sy geliefde eersgeskape seun teen Hom gedraai het.

Die Bybel sê in Openbaring 12:7 "En daar het oorlog in die hemel gekom." Wanneer ons hierdie vers lees, kan ons moontlik dink dat dit 'n oorlog tussen twee konings en hulle koninkryke is, maar hierdie oorlog was die verskeuring van God se familie. Kan jy jou indink toe God Lucifer die eerste keer gemaak het en Sy nuwe seun styf vasgehou het? God het Sy hart en siel met hierdie engel gedeel. Hy het hom niks anders as liefde betoon en hom die voorreg gegee om op die hoogste vlakke van Sy familie-regering te dien. Maar nou het hierdie

---

[18] Conway, p 31

kind van Hom woorde van woede en rebellie uitgespoeg. Hy het, deur die skaduwees van bedrog en leuens, die gedagtes van baie van God se ander kinders vergiftig. Kan jy jou die hartseer voorstel? Lucifer, so volmaak geskape, was nou gevul met haat en moord. Hy was daarop ingestel om die ewige Seun van God te vernietig, want Jesus het in Johannes 8:44 geopenbaar dat Satan van die begin af 'n moordenaar is. Die realiteit van hierdie gevoel is aan die kruis van Golgota vertoon, waar Satan gehoop het om Jesus te vernietig.

Wie kan die verlies begryp wat God vir Sy seun, Lucifer, gevoel het. Ons hoor ‘n eggo hiervan uit die hart van God in die verhaal van Dawid en Absalom.

> Toe het die Koning baie ontroerd geword en opgeklim na die bovertrek van die poort en geween; en hy het rondgeloop en só gesê: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun! – 2 Samuel 18:33

Absalom, 'n aantreklike seun van Dawid, wou sy vader doodmaak en sy koninkryk inneem, maar Dawid se leër het Absalom se magte verslaan en Absalom is in die geveg doodgemaak. In plaas van vreugde oor die oorwinning, het Dawid gehuil oor die verlies van sy opstandige seun. Daar is geen wenners wanneer gesinne uitmekaar geruk word nie.

Dit is van kardinale belang om te onthou dat in God se koninkryk ‘n persoon se identiteit en waarde verbind is in hul verhouding met die Skepper-God, ons hemelse Vader. Toe Lucifer uit daardie verhouding uitgestap het, het hy geestelike en emosionele selfmoord gepleeg en ‘n onverwagse vloedgolf van donker emosies is oopgemaak. Voor Lucifer se rebellie, sou jy hom gevra het: “Wie is jy?” sou hy met kalme versekering en selfvertroue gesê het, “Ek is ‘n seun van God en Hy het my lief.” Toe Lucifer sy Vader verwerp het en jy hom dieselfde vraag sou vra, wat kon hy sê? Hy het nie meer ‘n identiteit gehad nie, hy het dit vernietig. Watter identiteit hy ookal van daardie oomblik af vir homself sou probeer skep, sal nooit ooit daardie leegheid en gevoel van verlies vul wat hy ervaar het deur sy hegte verhouding met sy hemelse Vader te verbreek nie.

Hy het baie kere gewens hy kon terugkry wat hy verloor het, maar sy trots het hom nooit toegelaat nie. Benewens dit, sou hy diep binne-in nooit glo dat hy vergewe kan word ná sy brutale ondankbaarheid en openlike rebellie nie. Lucifer, nou Satan, wat “teenstander” beteken, het alleen gestaan. Daar is

niemand om hom vas te hou nie, geen ouerfiguur om hom na toe te wend nie en geen plek om ʻn tuiste te noem nie. Satan is nou aangewakker met al die emosies van waardeloosheid: onsekerheid, vrees, leegheid, jaloesie, trots, selfregverdiging, arrogansie, woede en ʻn oorheersende gees.

Satan het nie meer geweet watter kant toe nie. Hy moes herdefinieer wie hy is en op een of ander manier daardie leegheid, daardie waardeloosheid, daardie niksheid wat hy binne voel, versmoor. Soos enige kind wat waardeloos voel, dra Satan al die kentekens van onsekerheid, vrees, waansin en ʻn desperate behoefte aan goedkeuring van wie hy dit ook al kan kry. Hy smag na aandag. Om daardie leegheid te bevredig, smag sy verdraaide natuur daarna om aanbid en vereer te word - enigiets om die pyn, die eensaamheid en die waardeloosheid weg te neem - enigiets. Hierdie hartseer toestand word baie mooi weerspieël in ʻn liedjie uit ʼn film genaamd "City of Angels":

## Vers 1

Jy spandeer al jou tyd om te wag vir daardie tweede kans
Vir ʻn verandering wat dit reg sal maak
Daar is altyd altyd ʻn rede om nie goed genoeg te voel nie
En dit is moeilik aan die einde van die dag
Ek het ʻn bietjie afleiding of ʻn pragtige bevryding nodig
Herinneringe sypel uit my are
Laat my leeg. O en gewigloos en miskien
vind  ek vanaand ʻn bietjie vrede

## Vers 2

Jy is so moeg vir die reguit lyn en oral waar jy draai
Is daar aasvoëls en diewe op jou rug
Die storm bly woed,  jy bou aan die leuens wat jy opmaak vir alles wat jy kortkom
Dit maak geen verskil nie, ontsnap 'n laaste keer
Dit is makliker om in hierdie lieflike waansin te glo
O hierdie heerlike hartseer wat my op my knieë bring[19]

[19] *Angel*, geskryf en aangebied deur Sarah McLachlan, Arista Records. Inc.

Aangesien Satan verhoudings as die basis van waarde verwerp het, kon hy nooit 'n koninkryk oprig wat op verhoudings gebaseer is nie. Daar was net een opsie vir hom oor: elkeen word geken deur wat hy doen, eerder as aan wie hy behoort. Hierdie koninkryk sou nooit kon werk as almal erken dat alle lewe, wysheid en liefde van God kom nie. Dus het Satan die beginsel van 'krag in jouself' ontwerp om God se mag in te kort tot 'n mag wat dit onmoontlik sou maak vir 'n persoonlike verhouding; 'n krag wat jy na goeddunke kan gebruik en misbruik. Satan se koninkryk is 'n koninkryk van mag en prestasie en 'n soeke na plesier. Die sentrale tema daarvan is om aan niemand verantwoordelik te wees nie, en slegs om om te gee vir dié wat vir jou nuttig sal wees.

> Aangesien Satan verhoudings as die basis van waarde verwerp het, kon hy nooit 'n koninkryk oprig wat op verhoudings gebaseer is nie.

Hierdie koninkryk is natuurlik gedoem, want die lewenskrag wat dit onderhou, behoort aan 'n lewende wese en eendag sal die skuld om Hom te verwerp die lewe verpletter van diegene wat hardnekking weier om hul identiteit as kinders van God te erken. Dit is gedoem, omdat niks die pyn en verlies kan wegneem wat voortspruit uit die verwerping van daardie identiteit nie. Hier leer ons die waarheid van die spreekwoord: "Daar is geen rus vir die goddelose nie."

As ons teruggaan na die tuin van Eden binne hierdie konteks, sien ons dat Satan op die oog af slinks en slim voorkom in sy poging om sy verdrywing uit die hemel te dwarsboom. Tog lê daar aan die binnekant 'n hart vol leegheid en onsekerheid wat sukkel om 'n nuwe identiteit te vorm en om die steeds groter wordende kloof van hopeloosheid te ontsnap.

## 6. Hel op Aarde

Dit moet een van die hartverskeurendste ervarings in die lewe wees. Dit het dalk jare geneem, maar mettertyd het jy ‘n baie goeie vriendskap met iemand ontwikkel. Iemand met wie jy kosbare tyd saam deurgebring het. Skielik merk jy op dat jou vriend ‘n bietjie vreemd optree. Jy probeer jouself oortuig dat dit jou verbeelding is en dat daar geen werklike probleem bestaan nie. Maar die bewyse bly toeneem soos die tyd verbygaan, en uiteindelik voel jy verplig om jou vriend te vra wat aangaan. Nadat dit soos ‘n ewigheid voel om deur die skans te breek, vind jy dat iemand anders jou vriend teen jou beïnvloed het, wat daartoe gelei het dat jou vriend jou optrede interpreteer op 'n manier wat jou verbysterd laat.

Die rede sal sekerlik seëvier en jy probeer hierdie misverstand vinnig oplos, maar dit werk nie so uit nie! Terwyl jy poog om ‘n redelike verduideliking te gee, word jy onbeskaamd daarvan beskuldig dat jy ‘n verskoning probeer opdis. Op hierdie stadium kan verskeie emosies jou oorval: seer, pyn, woede of selfs teneergedruktheid dat jou vriend so maklik iemand anders kon glo sonder dat hy ooit ‘n woord vir jou gesê het, wat nog te sê van jou verdedig! Jou uitbarsting of stilswye (wat ookal van toepassing is) dui aan jou ‘vriend’ dat hulle reg was en dat alles wat oor jou gesê is, waar is. Dis om die mes in die wond te draai!

Terwyl jy daardie laaste twee paragrawe lees, het daar miskien ‘n pynlike herinnering by jou opgekom sodat jy die werklikheid van hierdie scenario, wat herhaaldelik gebeur sedert die begin van tyd hier op aarde, kan bevestig. Ek herroep self weer so ‘n insident en vra weereens: “Hoekom?”

Ek is seker die meeste van ons het letsels van soortgelyke vorme van verwerping, en ek reken dit kan ons op ‘n minimale manier help om te verstaan hoe God moes gevoel het toe Adam en Eva die vrug van die Boom van Kennis geëet het. Dit is een van die grootste raaisels van die lewe dat die woorde van ‘n vreemdeling jou kan vervreem van jou beste vriende.

Ek het my al dikwels voorgestel hoe God Sy dogter Eva fyn dopgehou het terwyl sy haarself in die middel van die tuin bevind het, skielik in dialoog met

die “vreemdeling”. Sou sy, na al die tyd wat God saam met Eva spandeer het, die vele tekens van liefde wat aan haar bewys is, sou sy vashou aan die sekuriteit en liefde van haar hemelse Vader of die woorde van Satan deur die slang, omhels? Waarom het God nie ingegryp en ‘n engel gestuur om die gesprek te beëindig nie? Ek dink daar is baie “waarom”-vrae. Aangesien ons nie die tyd of spasie het om alles aan te spreek nie, en sommige van hulle inderdaad nie ten volle aangespreek kan word voordat ons Hom van aangesig tot aangesig sien nie, is die sentrale antwoord liefde.

Liefde verleen die voorreg om te kies selfs wanneer die keuse die keusegewer ernstig sal benadeel. As God die gewoonte gehad het om in te gryp elke keer as Sy kinders op die punt was om in ‘n verkeerde rigting te gaan, sou hulle in werklikheid geen keuse gehad het nie. Daar is tyd vir onderrig en regstelling, maar daar kom ook ‘n tyd wanneer die stilte van die keusegewer al die kere wat hy “Ek is lief vir jou” uitgespreek het, bekragtig, want liefde sonder keuse is glad nie liefde nie. Dit is ‘n werklikheid waarmee alle ouers worstel terwyl hulle hul kinders opvoed. As ons kinders steeds teen ons kies, na talle instruksies en aanwysings, tree ons dan streng op teenoor hulle om onsself die pyn van verwerping te spaar? Of bly ons in kontak met hulle terwyl ons harte breek om hulle toe te laat om die keuse uit te oefen dat hulle ons verwerp? Dit is ‘n moeilike keuse vir enige ouer.

God, geklee in die krag van liefde, kyk stil toe hoe Eva, Sy kosbare dogter, die instrument word om Sy geliefde seun, Adam, te vernietig. Teen hierdie tyd moet die vlak van pyn in God se hart onbeskryflik wees. Sal die smart in God se hart by die verlies van Sy dogter veroorsaak dat Hy ingryp om Adam te red? Nee. Goddelike liefde ween in stilte en bewys onbetwisbaar dat Hy waarlik die God van vryheid en vrye keuse is. Hy sal Adam toelaat om self te kies. Wanneer ons oor toetse praat, moet asseblief nie die absurde idee koester dat God sorgeloos die verrigtinge van die toets vanuit die veiligheid van die hemel dophou om te sien of Adam en Eva doen wat nodig is om deel van die hemelse klub te wees nie. God is net soveel getoets as Adam en Eva. Want God weet dat indien Adam en Eva val, Hy die belofte wat gemaak was voor die skepping van die wêreld[20] moes toepas, en dit was om die lewe van Sy Seun – Jesus Christus – te gee. Christus sou toon hoe Sy Vader werklik is; Hy sou hulle skuld op Homself neem en eerder Sy lewe as hulle s’n laat verpletter. God was deeglik hiervan bewus toe hy Eva en toe Adam in stilte dopgehou het. Watter soort

---

20 1 Petrus 1:20; Openbaring 13:8

liefde was daar in daardie stilte? Hierdie demonstrasie van liefde sal vir ewig die vals idee verwyder dat God deur eiebelang beweeg is in die hantering van ons oorspronklike ouers.

Ons het in Hoofstuk 1 die filosofie bespreek wat Adam en Eva omhels het toe hulle van daardie boom geëet het, en ons het in die vorige hoofstuk die tragiese mengsel van emosies bespreek wat Satan daartoe gelei het om die verdraaide konsep uit te dink dat ons sonder God kan lewe en 'n identiteit van ons eie kan hê deur wat ons bereik. Selfs terwyl die vrug besig was om te verteer in Adam en Eva, het ʻn walglike wolk van waardeloosheid en skuldgevoelens stadig om hul gedagtes omvou, wat daardie lieflike, gelukkige en vreugdevolle verhouding tussen God en die mens gestuit het. Die vloek van die Duracell boom het sy verraderlike werk begin, en binne ʻn kort tydperk is Adam en Eva deur skuldgevoelens en vrees verswelg. Hulle, saam met Satan en sy engele, het geestelik en emosioneel selfmoord gepleeg. Hulle het hul identiteit en waarde verloor en niks wat hulle kon doen, kon dit terugbring nie. Hulle kon hulleself nie in guns by God herstel nie. Hulle het die verhouding verbreek en net God kon dit herstel. Hierdie feit is vanselfsprekend, ook wanneer ons oor ons eie ervarings besin. As iemand sy verhouding met ons skend, berus die gesag om daardie verhouding te herstel by die nie-oortredende party; die oortredende party het sy gesag in die verhouding prysgegee.

> Satan is steeds daarop ingestel om ons identiteitsgevoel te vernietig en hy doen dit deur vir ons leuens omtrent God en omtrent onsself te vertel. Solank ons die leuens omtrent God en onsself glo, kan ons nooit met God versoen word nie.

Dit is nou belangrik om te onthou waarna ons in Hoofstuk 2 gekyk het. God is die bron van lewe, wysheid en vreugde. Adam en Eva het hulle nou van daardie bron afgesny deur die leuen te glo dat hulle dit alles in hulself besit het. Hulle redenasievermoë kon nie langer onbaatsugtig of objektief gebruik word nie. Hulle gedagtes is volkome in harmonie met Satan. Hulle het geen vermoë om die leuens wat Satan vir hulle vertel, te ontmasker nie. Satan begin hulle vol valse teorieë omtrent God se karakter vul. Terselfdertyd voer hy aan dat hulle sleg is. Hy sê vir hulle dat hulle die dood verdien en dat hulle waardelose individue is. Satan is steeds daarop ingestel om ons identiteitsgevoel te vernietig en hy doen dit deur vir ons leuens omtrent God en leuens oor onsself te vertel. Solank ons die

leuens oor God en onsself glo, kan ons nooit met God versoen word nie. Die enigste manier om in ons verhouding met God herstel te word, is om werklik Sy karakter te ken soos dit in Sy Seun geopenbaar is.

Die "vreemdeling" het die beste vriende geskei. God kom besoek en roep Adam en Eva, maar die stem wat hulle eens as die soetste in die heelal beskou het, laat hulle nou uit vrees en desperaatheid wegkruip. Satan se programmering het sy werk gedoen!

Stel jou voor dat jy eendag van die werk af huis toe kom en die gelukkige ritueel wat jy saam met jou kind ontwikkel het, met vreugde verwag. Gewoonlik kom hy elke middag al singende by die voordeur uitgehardloop, en gooi homself in jou arms in 'n liefdevolle omhelsing. Verbaas gaan jy by die voordeur in en hoor klein voetstappies wat vinnig buitekant toe hardloop om vir jou weg te kruip. Iets het die verhouding verbreek. Waar daar liefde was, is daar nou vrees. Geen ware vader geniet dit dat sy kinders weghardloop as hy hulle roep nie. Dit maak seer. Dit is 'n tragedie dat sonde ons bevrees kan maak vir die mees liefdevolle, vrygewige, geduldige, vryheidsliewende Persoon in die heelal.

God staan voor 'n baie ernstige dilemma. Hoe benader Hy Adam en Eva noudat hulle na 'n ander stem luister? Elke woord wat God uiter, word nou in 'n bose lig geïnterpreteer. Hulle weet hulle is skuldig, maar hulle het nou geen sekuriteit of waarde om te aanvaar dat hulle verkeerd is nie, omdat hulle valse idees van God aanvaar het, wat die bron van lewe en wysheid is. Beheers deur 'n gees van skuldgevoelens en onsekerheid het hulle uitdagend geword. Hulle het die vermoë om eerlik te redeneer, verloor.

Ek verwonder my oor die liefde van God wat in Sy geduld geopenbaar is. God roep na Adam: "Waar is jy?" nie omdat Hy nie geweet het nie, maar om Adam toe te laat om die probleem raak te sien. *Waar is jou gedagtes, Adam? Wat het met jou identiteit gebeur?* Die fisiese verteenwoordig altyd die geestelike, en die fisiese wegkruipery van Adam en Eva openbaar duidelik die wegkruipery wat in hulle gedagtes aan die gang is. Hulle het hulleself met misleiding en bedrog geklee om te verhoed dat hulle die waarheid, wat so vreesaanjaend lyk, in die oë moet kyk. God probeer hulle help om die probleem te diagnoseer, sodat Hy die hemelse oplossing vir hulle kan bring.

Adam reageer op die vraag deur vir God te sê dat hy bang was want hy is naak. Hierdie belydenis is interessant in die lig van Génesis 2:25. "En hulle was altwee

naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie." Adam was naak voordat hy die vrug geeët het, maar hy was nie skaam nie. Die afleiding hier is dat Adam nou skaam is. Die Hebreeuse woord (buwsh) beteken ook verbysterd, verward en teleurgesteld. Adam was vol verwarring, skuldgevoelens en teleurgestelling. Hy was verward oor wie hy was en het skuldig gevoel oor wat hy gedoen het. God probeer nou om Sy vinger op die intensiteit van Adam se pyn te plaas. "Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?" God vra nie vir Adam: "Hoe weet jy dat jy naak is?" nie. Hy vra Adam "*Wie het jou te kenne gegee* dat jy naak is?" God wys hom op die aanhitser van die leuens wat vir hom vertel is. Met ander woorde: "Wie is die oorsaak dat jy van my weghardloop?" "Wie het tussen My en jou gekom?"

Adam word direk aangespreek: "Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie van te eet nie?" Dit is 'n eenvoudige vraag wat 'n eenvoudige ja of nee vereis. Noudat Adam se gedagtes God uitbeeld as selfsugtig en wraaksugtig en homself as dom en waardeloos, sit hy twee en twee bymekaar in sy gedagtes en kry 64. Adam glo dat as hy ja sê, hy swaar gestraf gaan word, omdat hy nou valslik glo dat God wraaksugtig is. As hy nee sê, glo hy hy sal dubbeld gestraf word, een keer omdat hy van die boom geëet het en een keer omdat hy gelieg het. Omdat hy glo dat daar geen uitweg is nie, probeer Adam om homself te verdedig en te regverdig.

"Die **vrou** wat **U** gegee het om by my te wees, **sy** het my van die boom gegee, en ek het geëet," was sy beskuldiging.

> God is die enigste bron van ware wysheid. Adam het homself van daardie bron afgesny.

Die man is klaarblyklik skuldig, maar hy werp die skuld op Eva en uiteindelik op God. Kan jy jou Eva se skok voorstel oor hierdie man wat net kort tevore belowe het om saam met haar enigiets te oorkom, maar met die eerste moeilikheid, faal hy liederlik! Sonde kan nie 'n heldefiguur oplewer wat homself onbaatsugtig gee om andere te help en te ondersteun nie. Dit lei altyd daartoe dat elkeen vir homself moet opstaan.

Ons wil nie die proses wat hier uitspeel, mis nie. Adam se reaksie word gedryf deur sy skuldgevoelens en onsekerheid, gekombineer met 'n valse opvatting oor die karakter van God, alles tesame met 'n groot mate van trots. Noudat hy homself nie meer as 'n kind van God sien nie, moet hy die filosofie omhels: "As ek nie vir myself opstaan nie, sal niemand

anders nie!" Hy redeneer nou so, want hy glo hy het nie meer 'n vader nie. Hier lê die groot hartseer van sonde: hoe wys God vir Adam dat hy 'n valse beeld van sy Vader het en dat hy, Adam, nie waardeloos en dom is nie. Hoe kan Adam ware oordeel oor sy situasie gegee word wanneer hy die bevoegdheid om objektief te redeneer, verloor het. God is die enigste bron van ware wysheid en Adam het homself van daardie bron afgesny. En al kon hy redeneer, hoe kan sy redenasie bevry word van die mengsel van skuldgevoelens en trots wat enigiets wat na die waarheid lyk, heftig verwerp? Sy onsekerheid oorheers sy rede.

Dit is my opregte gebed dat jy sal besef dat toe Adam en Eva hulself van God geskei het, hulle so hopeloos verlore was dat hulle bykans nie meer bereik kon word nie. Hulle was totaal deur die gees van Satan beheer. In hulle harte was die saad wat hulle kinders uiteindelik sou lei om by die bose engele aan te sluit in 'n desperate kameraadskap wat daarop gemik is om die Seun van God in Jerusalem dood te maak. Alhoewel dit nie ten volle geopenbaar is nie, wou hulle harte niks met God of sy koninkryk te doen hê nie; sonder om dit te besef het hulle Hom eintlik gehaat.

Op hierdie stadium sal jy dalk in die versoeking kom om te sê: "Wag so bietjie, jy vat dit 'n bietjie ver. Ek besef dat hulle 'n probleem gehad het, maar om te sê hulle het God totaal gehaat, is om dinge te oordryf." In reaksie sou ek sê dat ons voortdurend moet onthou dat alle goedheid, liefde en wysheid van God af kom. Dit ontstaan nie in die hart van die mens nie. As ons hierdie lewensbelangrike punt vergeet, kan ons nie die werklike betekenis van hierdie verhaal begryp nie en verstaan ons onsself ook nie waarlik nie. Die Bybel is baie duidelik op hierdie punt. Kyk na die volgende verse:

> Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
> – Romeine 8:7
>
> Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.
> – Romeine 3:10-12

> Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? – Jeremia 17:9

Die Bybel verklaar dat ons gedagtes van nature vyandiggesind teenoor God is. In hulle natuurlike toestand is ons gedagtes opstandig, en nie onderdanig aan Gods opdragte nie, en dit is onmoontlik vir ons verstand om van hierdie toestand los te kom. Ek het in my eie ervaring en in die ervaring van baie mense met wie ek dit gedeel het, gevind dat daar ʻn intense gees van weerstand teen hierdie waarheid is. Hierdie gees van weerstand teen die feit dat die menslike natuur vyandig teenoor God is, is ʻn direkte eggo van die weerstand wat Adam teenoor God geopenbaar het, toe hy Eva en God blameer het eerder as om verantwoordelikheid vir sy mislukking te neem. Adam se onsekerheid is ons erfenis en ons kan die waarheid net so min verdra soos hy. As jy agterkom dat jy hierdie idee weerstaan, vra jouself dan af hoekom jy so voel. As jy veilig voel in jouself, sal hierdie stellings jou glad nie aangaan nie. Adam se onsekerheid en leegheid is ons erfenis. Dit is al wat hy ons kon gee, niks meer nie.

As jy die realiteit kan aanvaar dat die menslike natuur vyandiggesind is teenoor God, dan is jy gereed vir 'n ware bederf. In die konteks van God se reddingsplan, is daar oneindige vryheid om te besef dat jy niks goeds kan doen nie. Jy kan ophou probeer. Jy kan ophou om jouself te kasty wanneer jou bose natuur uitspring en iemand emosioneel of fisies aanval, maar ek loop myself vooruit; ons hou dit vir die volgende hoofstuk.

Om terug te keer na Adam en Eva begin ons verstaan dat dit ʻn enorme taak sou wees om die skeidsmuur wat tussen hulle ontstaan het, af te verbreek. Hul herstel en die herstel van hul nageslag, sou 'n aantal dinge vereis:

ʻn Manier om:

1. die mensdom die wysheid te gee om hulle desperate situasie te erken, tesame met 'n manier waarop hulle in die regte rigting beïnvloed kan word sonder om hul vryheid van keuse te skend;
2. vir hulle te wys dat hulle 'n verkeerde persepsie van God se karakter en koninkryk en aan hulle te toon dat Hy hulle werklik liefhet en wie Hy regtig is;
3. hul skuldgevoelens en onsekerheid te verwyder en om hul ware identiteit en waarde as kinders van God te herstel;
4. hul lewensdoel en bestaansrede te herwin.

5. Al die bogenoemde benodig tyd.  Adam en Eva het hul eie lewens verbeur, so hulle het ‘n lewensondersteuningstelsel benodig om hulle tyd te gee om ‘n keuse te maak.
6. Te midde van al die bogenoemde, moet God ‘n sin vir geregtigheid handhaaf. Hy kan nie hul rebellie ignoreer of goedkeur nie. Terwyl God in Sy genade nie toelaat dat al die gevolge van hulle keuse op hulle val nie, moet Adam en Eva die resultaat van hulle keuse begryp, sodat hulle die fout wat hulle gemaak het, kan begin besef.

Daar is 'n belangrike punt wat ons hier moet maak. God is nie onverwags uitgevang nie. Die Vader en Sy Seun het reeds bepaal wat hulle sou doen in hierdie situasie. Die plan was reeds in plek – ‘n plan wat omvattend genoeg was om hierdie desperate situasie te hanteer.

## 7. Die Hemelse Reddingstou

In 'n poging om die hoogste vorm van liefde menslik moontlik te verduidelik, het die Grieke die verhaal van Admetus en Elcestis ontwikkel.[21] Die Apostel Paulus sinspeel op hierdie verhaal in die boek Romeine.

Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe – vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Romeine 5:7

Koning Admetus was bekend vir sy gasvryheid en regverdigheid, en was gewild in sy hele koninkryk. Die god Apollo is deur sy vader Jupiter van die berg Olympus verdryf en aangesê om sy goddelikheid opsy te sit en 'n mens te word om die mens as 'n slaaf te dien. Toe hy aarde toe kom, het koning Admetus hom as 'n arm bedelaar gevind en hom oor hom ontferm. Hy het hom gevoed en hom 'n herder van sy kleinvee gemaak en hom soos 'n seun behandel. Na 12 maande is Apollo weer in sy goddelike toestand verander en het Admetus bedank vir sy hulp en vir hom gesê: "As jy ooit my hulp in die toekoms nodig het, vra gerus.

Na verloop van tyd, het Apollo na Admetus teruggekeer om hom in te lig dat Hades, die god van die onderwêreld, hom binnekort sou kom opeis. Apollo het gesê dat hy 'n ooreenkoms met Persephone, die vrou van Hades, aangegaan het dat as iemand gevind kon word om in sy plek te sterf, dit nie vir hom nodig sou wees om te sterf nie.

Admetus het na sy ouers gegaan en hulle gevra of hulle bereid sou wees om sy plek in te neem. Hulle het gesê: "Ons is lief vir jou, seun, jy is 'n goeie en minsame persoon, maar ons het ons lewens meer lief. Ons kan nie namens jou sterf nie." Die koning het regdeur sy koninkryk gegaan om iemand te vind wat bereid was om vir hom te sterf, maar het niemand gevind nie. Admetus het hom by sy lot berus. Op daardie oomblik het sy vrou, Alcestis, na Apollo uitgeroep: "O geliefde Apollo, jy het my eggenoot geseën en sy roem en rykdom tienvoudig in ons ganse koninkryk vermeerder. Admetus is so 'n goeie man en sy mense het hom so nodig, dat hy verdien om te lewe! Ek sal vir hom sterwe,

---

[21] https://en.wikipedia.org/wiki/Admetus

sodat hy kan lewe." En sy het. Die hele land het geween oor die goeie vrou van die goeie koning, wat baie gewild was onder haar mense en wie gesterf het sodat haar koning kon lewe. Toe sy voor Persephone verskyn het, het sy haar oor haar ontferm en vir haar gesê dat sy dalk weer sal lewe as 'n beloning vir die getrouheid wat sy aan haar man betoon het. En so was dit dat soos Admetus en Alcestis in ouderdom toegeneem het, so het Apollo hulle ook beloon vir hul getrouheid, en toe die dood uiteindelik vir hulle op hul oudag kom, was hulle gereed vir hom.

"Dit," het die Griekse filosowe uitgeroep, "is die grootste vorm van liefde wat daar is – dat 'n mens sy lewe vir vriende moet neerlê!" Baie mense verbind hierdie verhaal aan die woorde van Jesus waar Hy gesê het:

> Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Johannes 15:13

Tog is dit nie 'n uitdrukking van die diepte van God se liefde nie, maar eerder 'n uitdrukking van die grense van die mens se liefde. Die apostel kontrasteer hierdie menslike verhaal van die grense van die liefde van die mens en sê vir ons:

> Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe – vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe - (8) maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. (10) Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is. Romeine 5:7-10

God openbaar die diepte van Sy liefde deur toe te laat dat Sy Seun deur ons oortredings en ongeregtigheid gewond word. Hy het Sy Seun gegee vir Sy vyande, wat Hom gehaat en verag het, uit Sy groot liefde en deernis vir hulle. Dit is nie menslike liefde nie, maar goddelike liefde.[22]

---

22 Vir meer inligting, sien *The Word That Turned the World Upside Down* deur Robert Wieland, http://fatheroflove.info/download/view/863

Voor die skepping van die mens, was die Vader en Sy Seun in 'n diep gesprek of dialoog, in wat die Bybel die raad van vrede noem.[23] Die besluit is geneem wat sou bepaal wat gebeur as die mens teen Hulle sou kies. Die tyd het aangebreek om op te tree. Wie kan die lyding van God bepaal? Sou Hy toelaat dat Sy Seun die plaasvervanger vir Adam en Eva wees en die gevolge van hul keuse dra? Sou Hy toelaat dat Sy Seun hulle waardeloosheid en hopeloosheid op Homself neem om dit na die graf te dra? Sou Hy toelaat dat Sy Seun ‘n totale verlies van identiteit ly wat die woorde uit Sy hart sou ruk: “Waarom het U My verlaat?”

Terwyl ek hierdie woorde skryf, sit my seun rustig net oorkant my. Ek draai om om na sy kosbare gesig te kyk en voel hoe die gevoel van vreugde en liefde vir hom in my hart opwel. Dan probeer ek my voorstel in God se posisie, dat ek my seun toelaat om selfopgelegde doodstraf op hom te neem vir ‘n groep mense wat alles waarvoor ek staan en ook myself verafsku. Ek bely dat my verstand daardie gedagtes eenvoudig verwerp. Ek sal myself nie eers toelaat om dit te bedink nie. Ek is bewus daarvan dat selfs die gedagte daaraan te pynlik is vir my om te hanteer – ek sal ineenstort! My gedagtes keer terug na God en Sy dilemma en my gemoed sluit die gevoelens uit. Ek voel die diepste gevoel van dankbaarheid teenoor Hom omdat Hy dit toegelaat het om te gebeur, met die wete dat ek een van daardie mense is wat, terwyl ek nog ‘n vyand van God was, die lewe aan my gebied is deur die offer van die Seun van God, wat in my plek gesterf het. Hierdie gedagte laat my altyd stilstaan en Hom in dankbaarheid aanbid vir Sy grenslose liefde en opoffering.

Ek is verstom dat die Seun van God, wie later Jesus, die mens, geword het, bereid was om dit vir ons te doen. Die Bybel sê vir ons dat God die einde van die begin af ken en dat die Vader hierdie kennis met Sy Seun gedeel het. Die oomblik toe sonde die heelal besmet het, het Hy presies geweet waarheen dit sou lei. Christus kon sien wat op Hom gewag het toe Hy aarde toe gekom het: die verwerping, kastyding, spot, haat en vloekery, die naaktheid en die donkerte aan die kruis, die waardeloosheid van biljoene

> Die Seun van God het nie teësinnig ingestem om te kom nie, maar Hy het eerder begeer om dit te doen. Sy hart, soos die hart van Sy Vader, smag daarna om Sy kinders te herstel tot die volheid van vreugde wat hulle bestemming sal wees.

[23] Sagaría 6:13

siele wat op Hom sou rus en die opgehoopte skuld en leed van duisende geslagte. Hy het dit alles gesien en tog sê die Seun van God: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande."[24] Die Seun van God het nie teësinnig ingestem om te kom nie, maar Hy het eerder begeer om dit te doen. Sy hart, soos die hart van Sy Vader, smag daarna om Sy kinders te herstel tot die volheid van vreugde wat hulle bestemming sal wees. Watter soort God is dit? Met wie sal ons Hom vergelyk en watter woorde is genoeg om Hom te loof?

Ons het in die laaste hoofstuk opgemerk dat Adam en Eva 'n lewensondersteuningstelsel nodig gehad het en 'n vermoë om tussen waarheid en dwaling te onderskei; hulle het hulp nodig gehad om die waarheid omtrent God te sien en om die leuens van Satan te bespeur, bloot te lê en te verwerp. Hulle het 'n morele kompas nodig gehad om hulle te help om die ware geestelike noord te onderskei.

Al hierdie dinge sou voorsien word deur die geskenk van God se Seun aan die wêreld. Dit is aan Adam en Eva vertel in Génesis 3:15. God het Satan direk aangespreek en die volgende gesê:

> "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt."

Hierdie vers is vol belofte en hoop. God het gesê dat Hy vyandskap tussen Satan en die vrou sal plaas. Wanneer God van die vrou praat, praat Hy van almal wat uit haar sal voortkom, met ander woorde, die hele mensdom. Die woord vyandskap beteken haat of vyand.[25] God sou iets in die hart van die mensdom plaas wat die kwaad verwerp en goedheid en waarheid aanhang. Daar is slegs een rede waarom God dit kon doen en dit is omdat Sy Seun die mensdom deur Sy lewe en dood gaan versoen het terwyl Hy op aarde was. Dit is wat bedoel word met vyandskap wat tussen die vrou se saad en Satan se saad of nageslag gestel is. Paulus verwys in die boek Romeine na hierdie vyandskap vir die bose as genade of krag. Sien hierdie vers:

---

[24] Psalm 40:8

[25] Vines Expository Dictionary - Enmity

> Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. Romeine 5:15

Die vermoë om te kies wat reg is, kom direk uit hierdie vyandskap wat God in ons harte geplaas het deur die geskenk van Sy Seun. Hierdie selfde geskenk verskaf ook die broodnodige geskenk van lewe.[26] Paulus verwys ook na hierdie feit in dieselfde hoofstuk van Romeine:

> Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Romeine 5:18

Dit is 'n ongelooflike waarheid wat oneindige vrede en vreugde kan bring.

Die bostaande feit beteken dat elke asemteug wat jy gee (of jy in God se Seun en Sy offer glo of nie) kom direk van Jesus Christus af. Dit is Sy lewe wat jou hart laat klop en jou laat asemhaal en jou aan die lewe hou. Al die liggamsfunksies waarna ons verwys as onwillekeurig is in werklikheid willekeurig van God se kant af. Hy spreek die hart van die waarheid wanneer hy sê:

> Sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons… Handelinge 17:27, 28a

God is nie ver van enigeen van ons nie, want ons word onderhou deur die lewe van Jesus Christus op grond van Sy bemiddeling vir ons deur Sy kruisdood. As jy ver van God af voel, is die waarheid dat Hy nooit ver van jou af is nie. Jy kan net jou polsslag voel om te weet dat Hy jou nie verlaat het nie.

Voeg hierby die feit dat God in ons harte 'n begeerte plaas om reg te doen en 'n behoefte om die bose te weerstaan; dan het ons werklik baie om voor dankbaar te wees. Dink aan die kere wat jy in die versoeking gekom het om iets verkeerd

---

[26] Wanneer ons hier na lewe verwys, praat ons van die proeftydperk van hierde lewe, nie die ewige lewe nie. God het aan elke mens 'n lewe op hierdie aarde gegee om die waarheid omtrent God en Sy koninkryk te kies of te verwerp.

te doen en jouself bedink het en dit nie gedoen het nie. Dit was die gawe wat God jou gegee het, die vyandskap teen die bose. Dit maak nie saak of jy in God glo of nie, jy word steeds hierdie gawe deur Jesus gegee, en jy kan kies om dit uit te oefen. Ons word in die Skrif vertel dat God die reën op die goeie en die slegte laat val.[27] Dink aan hoeveel keer Satan 'n bose gedagte in iemand se gedagtes geplaas het om iets aan jou te doen of om jou besittings van jou te neem, maar die vyandskap wat in hulle harte deur God het geplaas is, het hulle weerhou om dit te doen. Natuurlik het ons steeds die keuse om daardie ingewing te verwerp en voort te gaan en die kwaad te pleeg, maar as daardie vyandskap nie daar was nie, sou niemand van ons kon ophou om die bose gedagtes wat in ons geplaas is, uit te voer nie.

Ons het 'n wonderlike Vader om dit alles vir ons te doen! Ons as mensdom was totaal verlore en verslaaf aan Satan se bose weë. Dit was totaal buite ons vermoë om onsself te help, gedoem tot ellende en totale verwoesting. Maar ons liefdevolle Hemelse Vader het geweier om boedel oor te gee. Hy het vir ons die kosbaarste ding gegee wat Hy het - Sy Seun. Jesus sal vir altyd een van die menslike familie en een van ons wees. Dit is 'n opoffering wat vir die res van die ewigheid die sentrale tema vir studie en meditasie sal wees.

Terwyl jy oor hierdie dinge dink, hoe voel jy omtrent alles wat God vir jou gedoen het? Sy Gees dring jou om Hom te aanvaar en die waarheid omtrent Hom te glo. Hy wil hê jy moet weet dat Hy jou ernstig liefhet en alles gegee het om jou terug te wen. Ek kan hierdie soort liefde nie weerstaan nie, dit is te wonderlik vir my. Wat van jou?

---

[27] Matthéüs 5:45

## 8. Vergelyking van die Twee Koninkryke

Voordat ons verder gaan, sal dit nuttig wees om die twee afsonderlike en onderskeie koninkryke op te som wat tans in die wêreld bestaan; God se ewige koninkryk en Satan se koninkryk, wat albei aan Adam en Eva in die Tuin van Eden aangebied is. As ons vir ʻn oomblik dink wat ʻn koninkryk definieer, is daar drie eienskappe wat ons moet oorweeg:

**REGERING:** ʻn Stelsel waarvolgens die koninkryk regeer word, bv. demokrasie of diktatorskap.

**GELDEENHEID**: ʻn Waardestelsel waardeur die burgers van ʻn koninkryk hul goedere kan verruil.

**BURGERSKAP:** ʻn Manier om te bepaal hoe iemand ʻn lid van daardie koninkryk kan wees.

Ons kan die twee koninkryke kontrasteer op die volgende manier:

| | **God se Koninkryk** | **Satan se/ Wêreldse Koninkryk** |
|---|---|---|
| Regering | Familie | Sterkste |
| Geldeenheid | Liefde/Genade/ Vrye Keuse | Krag/Bates/Mag/ Glo in self |
| Burgerskap | Kind van God | Werkverrigting en prestasie |

God se koninkryk is gebaseer op die familiestelsel. Die hoof van die koninkryk is die Vader. Die verhouding tussen die leier en sy burgers is nou en intiem. Daarenteen gaan Satan se koninkryk daaroor om die sterkste te wees. Die wat die sterkste is, is dié wat regeer. Selfs in ʻn demokrasie sal dié wat die sterkste is om hul boodskap of ideologie te adverteer, dié wees wat die magsleer klim.

God se koninkryk is gebaseer op die sterkte van sy verhoudings. Liefde is die geldeenheid van die hemel. Burgers is veilig in die liefde van hul Vader en het nie nodig om hul waarde te bewys nie. Hulle kan mekaar se geselskap sonder pretensie geniet, sonder einige verskuilde agendas. Om God te leer ken is die hoogste vorm van vreugde en ambisie,[28] en omdat God se kennis, wysheid en karakter onbeperk is, sal hierdie vreugdevolle beroep nooit eindig nie. Sy burgers leer direk van Hom of deur die dinge wat Hy gemaak het. Daarom is die waarneming van die natuur en die heelal ook ‘n vreugdevolle deel van hierdie koninkryk. Aangesien dit duidelik erken word dat alles van ons Vader kom, aanbid die hele skepping Hom met blye dankbaarheid.[29]

In teenstelling hiermee, handel Satan se koninkryk in bates. Waarde kom uit wat ons bereik, dus is opeenhoping van bates noodsaaklik om waardevol te wees. Hierdie bates kan materieel, verstandelik of gebaseer op verhoudings wees. Hoe groter die huis, hoe meer goed jy besit, hoe meer waarde het jy. Hoe hoër die vlak van geleerdheid, hoe hoër die posisie van die werk wat jy het, hoe meer waarde besit jy. Die mense met wie jy assosieer is baie belangrik, want hulle kan 'n groot bate tot jou saak toevoeg. Satan se koninkryk glo dat mense krag in hulleself het; dus, om ander mense te besit, kan jou meer mag gee. Verhoudings met mense word instrumente waardeur ons nog meer baat kan vind. Dit maak die behoefte om ander mense te beheer baie belangrik. Daar is baie maniere om ander mense te beheer. Om gaaf en vriendelik te wees is een manier. Dit word altyd deur verkoopsagente gebruik. Deur groot dade te verrig, kan mense beweeg word om jou te volg en wanneer dit misluk, kan jy oorgaan tot geweld, afpersing en intimidasie om mense te beheer en hul lojaliteit te verseker. Dit is hoekom so baie verhoudings vandag gevul is met pyn en hartseer, want dikwels het mense saamgespan om hul waarde en hul invloed te versterk.


Die ander kontras wat ons opgemerk het, is dié van burgerskap. In God se koninkryk word jy as ‘n burger gereken deur bloot ‘n kind van God te wees. Ongeag die omstandighede of moeilikhede van die lewe, hierdie feit verander nooit. Jou burgerskap is veilig in jou verhouding met God as jou Vader. In Satan se koninkryk word jy as ‘n burger gereken deur wat jy doen of nie doen nie. Beide prestasie en gemaksug sal jou burgerskap verleen, solank jy daarop gefokus is om te presteer en dinge gedoen te kry. In hierdie koninkryk word jy

[28] Filippense 3:9,10

[29] Openbaring 14:6,7; Openbaring 4:1-9

elke oggend wakker en dink aan wat daardie dag bereik moet word sodat jy goed oor jouself kan voel. As mense jou pogings verhinder, raak jy gefrustreerd en kwaad. As jy aan die einde van die dag voel dat jy nie veel bereik het nie, voel jy leeg en raak óf depressief óf meer vasberade. Die lewe is 'n siklus wat draai tussen trots en waardeloosheid. Wanneer jy presteer, is jy trots en wanneer jy misluk, voel jy waardeloos. Die lewe tussen sukses en mislukking is óf volhardende vasberadenheid om te presteer, óf in teenstelling, vrees dat wat jy bereik het verlore gaan. Dit is 'n nimmereindigende siklus, totdat jy sterf of van koninkryk verwissel.


*Emosionele Siklus*
*in*
*Satan se Koninkryk*




Hierdie sirkel is die eenvoudige resultaat van die geloof dat ons krag in onsself het. As ons selfaangedrewe is dan is ons van niemand afhanklik nie en verkry waarde van niemand nie. Ons moet ons eie waarde kweek en produseer. Elke sukses versterk ons en elke mislukking dryf ons tot waardeloosheid.

Ek onthou die stryd in my hart toe ek die eereste keer begin het om aanbiedings te doen. Ek het so geseënd gevoel as ek mense op Bybelwaarhede gewys het, maar as ek by die deur gestaan het om mense te groet terwyl hulle uitbeweeg het, sou ek in myself die behoefte vind om te weet dat hulle my aanbieding goedkeur, dat ek goed gedoen het. Namate my preke verbeter het, het ek meer goedkeuring vereis. Ek het geweet dit is verkeerd om so te dink, dus vir 'n ruk lank, wanneer mense vir my gesê het dat ek goed gepreek het, het ek gesê: "Dank die Here, moenie my bedank nie," maar dit het dikwels ongemaklik

gevoel en soms het mense gevoel ek stoot hulle weg. Wanneer ons erken dat alle goeie dinge van God af kom en ons waarde van Hom kom, afgesien van enigiets wat ons doen, dan is ons vry om sukses te behaal of te misluk, sonder enige bekommernis om waardeloos te voel en die behoefte aan bekragtiging van ander te voel.




*Emosionele Siklus in God se Koninkryk*

Dit is belangrik om te onthou dat terwyl lede van God se koninkryk nie hul waarde uit hul prestasie verkry nie, hulle steeds presteer. Trouens, hulle het die vermoë om veel meer te bereik, want as hulle misluk, hoef hulle nie die vrees vir waardeloosheid in die gesig te staar nie. Hulle is steeds ten volle aanvaarbaar, steeds kinders van God, ongeag of hulle slaag of misluk. Die koninkryk van God bied jou die beste manier om jou volle potensiaal te bereik sonder om jou verhoudings aan flarde te skeur en jou waarde te vernietig.

Ons het die aard van hierdie twee koninkryke kortliks uiteengesit. In die res van die boek sal ons naspeur hoe hierdie twee koninkryke ontwikkel het binne die bestek van die mensdom se geskiedenis en die stryd tussen die twee koninkryke, wat ons dikwels in die gesig staar. Beide koninkryke bied vryheid, beide koninkryke beloof baie, maar watter koninkryk sal jou laat met 'n diep gevoel van betekenis en waarde wat onwrikbaar is?

# 9. Die Hart van Babilon

"Wat het ons verkeerd gedoen?" was die hartseer uitroep van 'n pa wat geworstel het om die werklikheid wat hy nou in die gesig staar te verstaan. "Ons het gesonde gesinsverhouding gehad en hy weet dat ons hom liefhet," gaan die pa voort terwyl hy desperaat soek na 'n verduideliking waarom sy seun pas skuldig bevind is aan dwelmhandel, diefstal en moord.

Daardie hartseer kreet is al meer kere geuiter as wat ons durf voorstel; ouers wat leef met die skaamte en angs van 'n kind wat in 'n lewe van rebellie en boosheid verval het. Die bron van hierdie hartseer kreet kan herlei word na ons eerste ouers en die tragedie van hul eerste seun, Kain. Ouers sal weet watter vreugde Adam en Eva gevoel het toe hulle klein Kain die eerste keer in hulle arms gehou het. Die vrug van hul liefde was nou hulle s'n om vas te hou en te geniet. Terwyl Eva haar nuwe kosbare bondeltjie vertroetel het, het sy gesê: "Ek het 'n man verkry, die Here!"[30] Eva het geglo dat Kain die beloofde Saad sou wees wat in Génesis 3:15 genoem word, wat genesing en seën vir alle nasies sou bring. Ag as dit maar waar was, want die bittere ironie vir Eva was dat Kain se nalatenskap ellende, verwoesting en dood vir miljoene sou bring. Kain het die hoof van 'n klas aanbidders geword wat hul geestelike ervaring op hul eie voorwaardes uitvoer. Hierdie groep mense maak die grootste gedeelte van die wêreld se bevolking uit, 'n groep mense wat die Bybel later "*Babilon*" sou noem. In hierdie hoofstuk gaan ons die dryfkrag agter hierdie groep mense naspeur en hoe dit jou en my raak.

"Pappa, hoekom moet ons daardie arme onskuldige lammetjie doodmaak?" Die slag van 'n lam was ontwerp om die realiteit van hul natuurlike menslike gevoelens teenoor Christus en dus die behoefte aan bekering aan die menslike familie te toon. Dit openbaar dus die prys wat God bereid was om te betaal sodat ons ons toestand kan besef en, gedring deur die Gees, vergifnis te vra. Wat 'n ongelooflike geskenk is daar vir ons verlossing aangebied. Dit was 'n ritueel wat direk gewys het op die lyding van Christus wanneer die offer gebring word. Dit het ook met hoop vooruitgewys na wanneer Christus na die aarde sou kom om die Vader te openbaar. Dit het ook teruggewys na die skande

---

30 Letterlike lees van Génesis 4:1

van wat die mensdom sedert die sondeval in Eden aan Christus gedoen het. Dit was beide ʻn vertroostende herinnering aan die wonderlike liefde van God en terselfdertyd ʻn pynlike herinnering aan menslike ondankbaarheid en selfsug. Deelname aan hierdie diens sal altyd gemengde gevoelens opwek. Om in die gesig van die onskuldige lam te kyk en Sy stille angs te aanskou, sou die koste van selfsug en eiewilligheid skerp na vore bring. Vir elkeen wat in die aangesig van die ware Lam van God kyk, sal hoop altyd gemeng wees met die siele-wroeging wat gepaard gaan met die begrip van wat die menslike natuur aan Christus doen. Die natuurlike menslike reaksie op die kruis is óf om menslike oorsprong te herskryf deur te ontken dat so 'n val in die eerste plek plaasgevind het, óf om die eis vir die dood op God te plaas as iets wat Hy vereis om Sy woede teen sonde te bevredig. In die meeste gevalle word die kruis van lig na duisternis omskep, of, nog erger, uitgebeeld as ʻn simbool van hoop, terwyl dit in werklikheid ʻn simbool van manipulasie bied wat weersin wek.

> Kain se offer was ʻn simbool van sy pogings om God se respek deur die werke van sy hande te verdien. Hy het sy aanbiddingservaring verander van een van nederige geloof tot een van trotse vertoon, van intieme vertrouensverhouding tot ʻn kontraktuele paaibeleid.

Nadat hy baie jare gesien het hoe sy ouers die lam slag en hulle trane en hartseer gesien het tesame met hoop, geduld en vertroue in die komende Saad, het Kain besluit dat hy nie langer die behoefte aan nederigheid en bekering kan verduur nie. Deur te fokus op die menslike mislukking, soos deur die geslagte lam ontbloot, het Kain gekies om die groot liefde van God in so 'n geskenk te verwerp. Vir Kain het die lam net sy onsekerheid aangewakker, wat deel was van die eersgeboortereg wat hy van sy pa ontvang het, wie dit weer van Satan ontvang het. Vir Kain het die lam net vir hom gesê dat hy in eie reg vir God onaanvaarbaar is en dat sy gedrag deur God afgekeur is. Dit is duidelik dat Satan Kain aangemoedig het om die vrymoedigheid te neem om die slag van die lam uit sy aanbidding te verwyder en sodoende sy verhouding met God te herdefinieer deur die behoefte aan bekering te vervang met sy eie werke.

Die Bybel sê vir ons dat Kain ʻn offer van vrugte aan die Here gebring het.[31] Ons word ook vertel dat Kain ʻn boer was, wat voedsel geproduseer het as deel van

---

[31] Génesis 4:3

sy werk. Kain se offer was ‘n simbool van sy pogings om God se respek deur die werke van sy hande te verdien. Hy het sy aanbiddingservaring verander van een van nederige geloof tot een van trotse vertoon, van intieme vertrouensverhouding tot ‘n kontraktuele paaibeleid. So ‘n godsdiens ignoreer die feit dat ons geen bedingingsmag met God het nie; ons het geen lewe van ons eie om op te rus en God op ons eie voorwaardes te ontmoet nie. Ongelukkig het Kain dit vergeet. Satan het hom vryheid belowe om homself te bevry van die oortuiging van sonde deur die lam, maar deur die lam te verwyder, het Kain se godsdiens verander van ‘n geloofsverhouding met die ware God na ‘n prestasie-gebaseerde stel rituele wat opgestel is volgens ‘n god wat hy self bedink het. In hierdie geloofsverskuiwing het Kain die gif van die Duracell boom ingeneem; hy was in ’n vlug in die valskermsweef van werke opgeneem en terwyl hy aanvanklik die opwindende gevoel van vryheid ervaar het, was dit net ‘n kwessie van tyd voordat die valskermsweef sy limiet bereik en neergestort het.

In Hoofstuk 5 het ons na sommige van die emosionele letsels gekyk wat uit die verbrokkeling van gesinsverhoudings kom. Hier is ‘n opsomming:

- ‘n voortdurende soeke na aanvaarding
- Oordeel hulself te streng
- Oorreageer op ‘n situasie waaroor hulle geen beheer het nie, d.w.s. hulle is dikwels baie beheersend
- Sukkel met verhoudings[32]

Toe Kain wegbeweeg het van God se bestemde plan om hom te red, het hy van God vervreemd geraak; sy gesinsverhoudings het heeltemal verbrokkel. Hierdie verwydering het die vlamme van sy onsekerheid aangevuur; die Gees van God kon nie meer sy vrese stuit of help om Satan se leuens te weerlê nie. Die leegheid het net toegeneem en die gevoel van skaamte het vermeerder. Soos Satan, sou Kain tevergeefs sukkel om daardie gevoel van sy gebroke verhouding met God te vervang. Maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, hy kon nooit daardie diep gevoel van leegheid verwyder totdat hy emosioneel teruggekeer het na God, Sy koninkryk en Sy plan vir hom nie.

---

[32] Conway, 31

Kain se onstuimige emosies sou binnekort losbars. Dit het op die vasgestelde tyd van die offer gebeur, toe Kain en sy broer Abel gekom het om God te aanbid. God het Abel se offer van 'n lam aanvaar deur dit met vuur te verteer, maar Hy het Kain se offer onaangeraak gelaat. Dit was al wat nodig was om Kain se woedebui te ontvlam. Sonde is uiters onlogies. Kain het nie God se instruksies gevolg nie en is toe baie ontsteld toe dit nie vir hom uitgewerk het nie.

Stel jou voor dat jy winkel toe gaan en al die bestanddele kry om 'n brood te bak. Jy vra die winkelier hoe dit gedoen word en hy gee vir jou die bestanddele om huis toe te neem. Alles gaan goed totdat jy aan die gis ruik, en jy besluit die brood beter sal wees daarsonder. Jy plaas dit in die oond en 'n rukkie later het jy 'n baie treurige, plat brood. Nou, sou dit sin maak om woedend te word en na die winkelier te jaag en hom te beledig vir jou mislukking in broodbak? Onwaarskynlik! Tog is dit presies wat Kain met God gedoen het.

Kain nader die punt van geen terugkeer nie. Nadat hy die koninkryk van Satan omhels het, waar sy waarde deur sy eie pogings en prestasie bepaal word, neem sy vermoë om gelei en reggestel te word, vinnig af. Kain weet dat hy die verkeerde ding gedoen het, maar die menslike verstand kan homself maklik bedrieg en eerder as om hom nederig aan God te onderwerp, word hy kwaad. God het hom sagkens gekorrigeer deur hom te wys op die beloofde geskenk van Sy Seun, maar Kain het nie op die waarskuwing ag geslaan nie. Sy gevoelens van rebellie het gegroei, en die koninkryk van duisternis het byna sy mees suksesvolle menslike eksperiment voltooi.

Kain se hart was teen hierdie tyd heeltemal oorheers deur die emosionele magte wat Satan in die hemel vrygestel het. Hy het God se goedkeuring gesoek, maar op sy eie voorwaardes. Die gevoel van sy waardeloosheid het toegeneem tot die punt waar hy gereed was om te ontplof. Hy is vasgevang in die aaklige situasie van die verlange na die goedkeuring van hoër gesag om sy hunkering na aanvaarding en waarde te bevredig, terwyl hy terselfdertyd die feit wil ignoreer dat hy alles aan God verskuldig is en nederig dankbaar moet wees vir Sy liefdevolle voorsiening deur die Lam. Steeds smeulend daaroor dat hy 'in die openbaar verneder is' voor Abel, het hy met hom begin argumenteer. Abel doen 'n beroep op Kain oor sy metode van aanbidding en moedig hom aan om terug te keer na God se plan. Dit was al wat Kain nodig gehad het. Iets het in hom het geknak. Sy gevoel van waardeloosheid het hom tot 'n punt gedryf waar hy net nie meer omgegee het nie, en wanneer daardie oomblik bereik word, kry Satan vrye toegang om beheer te neem. Satan vul Kain met intense

haat vir sy broer, gesinsverhoudings word vergeet en die koninkryk van Satan manifesteer homself ten volle. Die ganse hemel het toegekyk toe die eerste moord plaasgevind het, die eerste uitwissing van ʻn heilige en kosbare verhouding. Dit is dus wat gebeur wanneer God se wette oortree word! Die hemel het asem opgehou en selfs Satan en sy engele moes ʻn oomblik van gevoelloosheid beleef het toe die lewelose gedaante van Abel die grond rooi gekleur het met sy bloed.

Satan skud die afgryse van hierdie gebeurtenis af en om van sy slaaf seker te maak, het hy die skuldgevoel so diep in Kain se wese ingedryf dat hy nooit kon glo dat God hom kon vergewe nie. Dit is die kranksinnigheid van Satan, hy belowe ons vryheid en geluk wanneer ons sy weg van rebellie volg en wanneer ons oortree, is dit sy stem wat luidkeels van God ons vernietiging eis. Terselfdertyd is dit sy stem wat tot ons siel fluister dat ons te boos en goddeloos is om ooit weer deur God aanvaar te word; dit is Sy stem wat deurlopend ons skuldgevoel verhoog tot die punt waar ons liewer wil sterf. Hoe hartseer dat so ʻn pragtige engel in so ʻn ellendige vernietiger verander sou word.

Noudat Kain verby die keerpunt is, het hy geen verdediging vir sy siel nie en Satan dryf hom om uit te roep: "My oortreding is te groot om dit te kan vergewe."[33] Dit is die hartseerste woorde denkbaar. God het na Kain toe gekom, nie om hom af te sny nie, maar om te poog om hom terug te bring. Hy het vir Kain gevra waar sy broer is, nie om hom te beskuldig nie, maar om vir Kain geleentheid te gee om hom te bekeer en terug te keer na God. Ongelukkig het Kain daardie droewige woorde geuiter: "My oortreding te groot om dit te kan vergewe." Hy het die leuens van Satan eerder as die woord van God geglo. Hy het gesaai en nou het hy gemaai.

In vers 11 van Génesis hoofstuk 4 spreek God 'n vloek uit. In die laaste deel van die vloek sê God vir Kain dat hy ʻn voortvlugtige en 'n swerwer sal wees. Hierdie woorde spreek van een wat bewe en steier; dit gee die gevoel van ʻn man met geen hoop en geen toekoms nie. Hierdie vloek is nie deur God toegepas deur die waai van een of ander hemelse towerstaf nie, maar die vloek was inherent aan die verwerping van God se familie koninkryk, inherent aan die verwerping van intieme verhoudings. Hy was seergemaak in sy siel, omdat hy geskape is vir intimiteit, maar sy hart het ʻn ander pad gekies – sy hart sal altyd na liefde op soek wees, maar altyd diegene afstoot wat naby hom kom.

---

[33] Génesis 4:13 – Kantlyn inskrywing

Hy wil nabyheid hê, maar is nie in staat om mense na die geheime kamer van sy hart te laat kom, waar die kern van sy waardeloosheid lê, wat vriende wil hê, maar altyd versigtig is vir 'n mededinger van sy bekwaamheid. Hier lê die waarheid van die spreekwoord: "Daar is geen rus vir die goddelose nie."[34]

Die Bybel sê vir ons dat Kain van die Here af weggegaan het.[35] Hy het nou sonder die gevoel gelewe dat God naby hom was. Deur te glo dat sy sonde hom van God verwyder het, het hy in werklikheid God van homself verwyder. Nou het hy, met 'n groter behoefte as ooit aan goedkeuring en waarde, begin om 'n stad te bou. Hy sou mense om homself versamel en hulle leier wees. Hy sou groot geboue bou en sy waarde put uit wat hy bereik het. Hy sou homself omring met die werke van sy eie hande en die bewyse van God se werke van sy bewussyn blokkeer, soveel as wat hy kon. Hy sou homself besig hou, sodat hy nie tyd gehad het om homself af te vra oor die toestand van sy siel nie.

En so het Kain die kanaal geword vir die vestiging van die koninkryk van Satan op aarde. Deur hom het 'n ras van mense ontwikkel wat al die tekens van onsekerheid en waardeloosheid getoon het. Hulle was soekers na mag en posisie en het 'n beheersende gees ontwikkel wat jaloers was op enige mededinger, in 'n eindelose gejaag na 'n identiteit weg van die God wat hemel en die aarde gemaak het. Solank as wat Satan mense kon oorhaal om hulle waarde in hulself soek, eerder as in die arms van die groot liefdevolle, persoonlike Vader, kon hy hulle beheer. En so het hy gemaak. Deur die eeue heen het Satan 'n klas mense onder sy heerskappy gehou, hul waardelose, onsekere siele aan sy eie gebind en probeer om die wêreld te beheer.

Ons het die hart van Babilon bestudeer, 'n verdraaide soeke na identiteit en waarde deur dit wat jy doen, op soek na goedkeuring vir jou prestasies, met pogings om omstandighede te manipuleer sodat dit nie bedreig kan word nie. In die volgende hoofstuk sal ons die ontwikkeling van hierdie hart naspeur soos dit deur die geskiedenis van die mens uitspeel.

---

[34] Jesaja 57:20

[35] Génesis 4:16

# DEEL 2: EEN BESTEMMING

# IDENTITEIT TERUGGEËIS

# DEEL 2: Een Bestemming

# – Identiteit Teruggeëis –

## 10. Verbreekte Kettings van die Duracell

Daar was ‘n lang stilte terwyl hulle mekaar omhels. Hulle emosies is intens, maar albei weet dat die tyd aangebreek het. Van die dae van die ewigheid af het Vader en Seun altyd hegte gemeenskap met mekaar gehad en nou sou daardie gemeenskap binnekort onderbreek word. Die Seun van God moet nou die missie aanpak om Sy menslike seuns en dogters terug te eis. Beide Vader en Seun verstaan die risiko‘s en die koste daaraan verbonde, maar liefde dryf hulle voort.

Vir ‘n kort oomblik kyk die Vader en Seun met profetiese oë in die toekoms in en sien hoe sy missie ontvou. Die minagting, die verwerping, die haat, die spoeg, die geskop, die sweephoue en die spykers, verdof alles in die niet in vergelyking met daardie een verskriklike oomblik in tyd wanneer hemel en aarde stilstaan tydens die skeiding van Vader en Seun. Die Seun sien duisende jare van skuldgevoelens, lyding, rebellie en waardeloosheid op Hom afrol en sien Homself soos ‘n riet bewe, verniel en verskeur deur die gevoel van die Vader se verborge aangesig as gevolg van sonde. Die Vader is saam met Sy Seun in die duisternis, maar dis die Seun wat ons gevoel van verlatenheid in die gruwels van die dood indra.[36]

Die omhelsing verinnig – hoe kan die Vader Hom aan hierdie lot oorgee? Op ‘n dieper vlak worstel hulle albei met die moontlikheid van mislukking en ewige verlies aan die mag van sonde. Die Seun van God sou die menslike natuur op Homself neem wat ‘n geleentheid bied vir Sy aartsmededinger, Satan, om Hom te oorweldig. Daar was geen waarborg van sukses nie. Hoe kon hulle so ‘n gevaarlike risiko aanpak? Hoe kon hulle selfs so ‘n gewaagde plan bedink? Tog dryf agape-liefde hulle voort.

---

[36] Hebreërs 2:9

Daardie lang stilte wat soos 'n ewigheid gevoel het, eindig uiteindelik; hulle albei besluit om die plan uit te voer. Die Seun stap na die rand van die hemel, na een laaste kyk in die liefdevolle gesig van Sy Vader, is Hy weg.

In Hoofstuk 6 het ons gekyk na die lang en uitdagende lys waarmee God sal moet werk as Hy Sy seuns en dogters op aarde sou red. In Hoofstuk 9 het ons die ontwikkeling van Satan se koninkryk in die hart van die mens gesien en hoe Satan ons regeer deur ons gevoel van waardeloosheid. As Jesus daardie krag sou breek, moet Hy daardie gevoel van waardeloosheid verwyder. Hy moet ons identiteitsgevoel as kinders van God weer herstel en die valse identiteit, wat aan die Duracell boom behoort, oorkom.

'n Beklemmende gevoel van onheil moes die hart van Satan aangegryp het toe hy gekyk het hoe die engele die lied van blydskap vir die herders sing oor die Messias wat gekom het. Die blink ster wat die wyse manne na die nederige stal gelei het, sou dinge vir hom net vererger. Jy kan jou indink hoe hy na hierdie adelike baba afgekyk het, dat hy besef het dat daar vir hom 'n groot stryd voorlê. Hy kon nie die vreedsame kalmte wat oor die kind gerus het, wat hy nog altyd met elke vorige kind kon doen, verbreek nie. Dit was 'n raaisel; die kind was van vlees en bloed, maar 'n diepe rustigheid het op die kind gerus wat Satan nie in staat was om te verbreek nie. Satan het besef hy is in die moeilikheid.

Hierdie onrustige gees was ook in die hart van Herodus en ons word 'n kykie gegee in die onrus wat die donker geesteswêreld aanpor. Die diep gevoel van onsekerheid wat in Herodus was, het hom 'n maklike teiken gemaak vir Satan se "skok en angs" veldtog teen die koninkryk van die hemele. Hy sou Hom vernietig voordat die werklike stryd sou begin. Maar die vreedsame vertroue van die Babakoning was nie misplaas nie. Voorsienigheid het vir Hom 'n ontsnapping gebied, sodat Hy die waarheid oor Sy Vader kon openbaar, die heerser van die duisternis aan die kaak stel en in menslike vlees die kettings van onsekerheid verbreek wat die gedoemde menslike geslag verslaaf het.

Die lewe van Jesus kan in die volgende woorde opgesom word:

> En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is. Johannes 8:29

Dit het nie saak gemaak wat Satan gedoen het nie, hy kon nie daardie gevoel van waardigheid en selfvertroue verbreek nie. Christus het aan Sy Seunskap

vasgeklou met ʼn volharding wat selfs die vors van die duisternis verwonder het. Satan moes woedend gewees het oor sy vergeefse pogings om Christus tot sonde te beweeg. Uiteindelik was daar Iemand wat Satan kon weerstaan. Na vierduisend jaar van sukses met elke enkele persoon op hierdie aarde, slaan Satan teen die rotsvaste muur van ʼn menslike siel wie vertroue in Sy Seunskap aan God het. Seunskap was die sleutel tot oorwinning; Seunskap was die onfeilbare vesting teen daardie stroom van waardeloosheid wat die menslike geslag verslaan het, en daarom moet Seunskap die fokuspunt wees van die konflik tussen Christus en Sy aanvaller.

Die dorpie Nasaret is polsend van opgewondenheid. Nuus van die Doper versprei vinnig. Die voorloper van die Messias het gekom, en toe die boodskap die nederige skrynwerkerswinkel bereik, het Jesus geweet dat die tyd om Sy Vader te verheerlik, aangebreek het. Hy lê Sy beitel en saag neer, omhels Sy moeder en vertrek na die Jordaan.

Watter voordeel hou die mooiste demonstrasie van liefde as geen man, vrou of kind oor die mag beskik het om daardie geskenk te aanvaar nie – geen!

Jesus is vol vertroue in Sy Seunskap, maar die komende konflik in die woestyn sal Hom toets soos geen mens voorheen getoets is nie. Die poorte van menslike ellende sal soos ʼn damwal wat losbars oor Hom gespoel word. Jesus moet die volle impak van menslike waardeloosheid in die gesig staar en standvastig in Sy Seunskap bly. As Hy vas kan staan, dan sal iemand vir die eerste keer die kettings van die Duracell breek. Die voordeel van hierdie oorwinning sou die erfenis word van dié wat in Hom glo.

Die stryd in die wildernis was die grondslag vir die werk van die kruis. Van watter nut is die aanbod van vergifnis as die menslike siel nie die kettings van sy waardeloosheid kan verbreek nie? Watter voordeel hou die mooiste demonstrasie van liefde as geen man, vrou of kind oor die mag beskik het om daardie geskenk te aanvaar nie – geen! Die waardeloosheid en nutteloosheid van die Duracell moet eers oorkom word en die voordeel van die oorwinning in die hande van die menslike geslag geplaas word, sodat almal bemagtig kan word om die weergalose geskenk van die kruis te aanvaar en werklik te glo dat God hulle liefhet en hulle vergewe.

Die Vader weet wat voorlê en Hy sal die hand van Sy Seun versterk vir die stryd, nie deur ʼn kragtige vertoning nie, nie deur die gebruik van ʼn leër met wapens nie. Nie een hiervan sou die komende vyand ontmoet nie. God bied Sy

beste wapen aan – die bemagtiging wat uit Hul verhouding met mekaar kom. Terwyl Jesus uit die water opkom, en die duif op Hom neerdaal, gaan die hemel oop en hoor Jesus die stem van Sy Vader hoorbaar: "**Dit is My geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het**." Hierdie woorde is die skerpste swaard wat die Vader aan Sy Seun kon oorhandig het om oorlog te voer. Veilig in die WOORD van Sy Vader, sal Hy die slinkse vyand beveg en die boeie van sonde namens ons verbreek wat ons nooit kan breek nie.

Die betekenis van hierdie stelling strek veel dieper as wat die meeste sou dink. Die feit dat God 'n lid van die mensdom aanvaar, bied ongelooflike hoop aan die res van ons. Deur Jesus reik God uit na elkeen van ons en vertel ons dat ons Sy geliefde kinders is. As ons ooit hoop om die geskenk van die kruis te aanvaar, moet ons eers daardie kosbare woorde hoor, "Jy is my geliefde kind in wie Ek 'n welbehae het." Dit is onmoontlik om 'n geskenk van 'n vyand te aanvaar sonder om te wonder of dit met gif toegesmeer is en of daar enige bybedoelings is, maar 'n geskenk van 'n liefdevolle familielid kan aanvaar word vir wat dit is – 'n geskenk sonder bybedoelings. Daar is geen ander manier om die kruis te benader as oor die brug van 'n vaste geloof in ons seun- of dogterskap van God nie. Enige ander pad sal lei tot wettisisme of 'n lisensie om te sondig.

Daardie woorde uit die hemel moes Satan woedend gemaak het. 'n Herinnering aan iets wat hy was, maar nie meer is nie – 'n seun! Dit was 'n herinnering aan sy waardeloosheid en nutteloosheid. Tog sterf trots nie maklik nie, en daarom berei Satan voor om sy spervuur van versoekings op Jesus in die woestyn te ontketen.

Die Bybelverslag sê Jesus "was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is." [37] Ek dink meeste mense sal tien minute van voortdurende versoeking oorweldigend vind – wat nog van veertig dae! Satan het vierduisend jaar se ervaring gehad, en jy kan verseker wees dat Jesus die teiken gemaak is van elke wapen van die hel. Wie kan die diepte van hierdie konflik begryp? Die hele heelal het saam asem opgehou terwyl Satan hou vir hou op die Seun van God gelê het. Wat ons betref, ons was vas aan die slaap, onbewus van die heldhaftige posisie wat Jesus ingeneem het om ons vry te maak. As Jesus hier misluk het, sou ons almal verpletter gewees het deur die

[37] Markus 1:13

kettings van ons waardeloosheid. Jesus was ons enigste hoop om die duisternis te verbreek.

Dis op hierdie punt waar ek net vir ‘n oomblik wil stilstaan en aan Hom dink. Wat kan ek sê? My hart loop net oor van dankbare blydskap oor die vasberade onophoudelike pogings van hierdie magtige Prins om ons te help in ons haglike situasie. Dit is net soos ‘n vader of moeder wat deur ‘n brandende huis sal hardloop om hul kind te red. Hy was amper geestelik verpletter deur Satan, maar Hy wou nie Sy Seunskap laat vaar nie. Hierdie Man laat iets diep binne my uitroep – “Ek moet iets werd wees. Niemand sal dit doen tensy hulle regtig omgee nie!” Hierdie liefde trek my op ‘n manier wat ek onweerstaanbaar vind. Ek weerstaan Hom wel, maar dank God, Hy is meer vasberade as ek!

Toe Jesus op Sy mees kwesbare punt is – moeg, honger en eensaam, al die dinge wat die mensdom tot kompromie dryf - kom Satan by die kern van die saak. “As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.”[38] Watter ander toets sal daar wees as oor Sy Seunskap? Jesus is nie ingelig dat Hy veertig dae in die woestyn sou deurbring nie; die rekord dui nie aan dat Hy ingelig was dat dit alles binne veertig dae verby sou wees nie. Jesus was nog in die woestyn en geen kraaie het Hom kom voed nie, geen manna het uit die hemel geval nie. Miskien het Hy hom misgis omtrent die stem uit die hemel? “Jou Vader wil nie hê dat jy in hierdie toestand moet bly nie. Doen iets daaraan,” fluister Satan.

Satan het eetlus gebruik om die geloof van Jesus in Sy Vader se woord te probeer verbreek. Veertig dae vantevore het God gesê: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het.” As Jesus klippe in brood verander, sou Hy die woord van Sy Vader in twyfel trek, en daardie twyfel sou genoeg wees om Sy identiteit te verwar. Verder word Jesus gevra om iets uit te voer om Sy identiteit te bewys. Om Jesus te vra om klippe in brood te verander as bewys van wie Hy is, was ‘n direkte deur na die koninkryk van Satan – identiteit deur werkverrigting en prestasie.

Hoeveel van ons was nog nie in die lokval gelei om ons waarde te bewys deur wat ons bereik nie? Ons bly laat by die kantoor en mis lewensbelangrike gesinstyd, selfs waardevolle gebedstyd en Bybelstudie – ons druk altyd net deur om die hoogste sport te bereik. Hoekom druk ons onsself so hard? In baie

---

[38] Matthéüs 4:3

gevalle glo ek, reageer ons op die uitdaging: "As jy 'n seun of dogter van God is, doen 'n groot daad om dit te bewys."

Kom jy agter dat jy soggens wakker word en 'n bietjie tyd wil spandeer om te mediteer en by God te wees, maar jy raak ingedagte met alles wat voorlê vir die dag, dat jy net nie daarby uitkom nie, dat jou kop net begin vol raak met al die dinge wat daardie dag gedoen moet word, en uiteindelik moet jy 'n kompromie aangaan met 'n gebed van vyf minute voor jou besige dag begin? Gebeur dit met jou? Hoekom? As jy aan die einde van die dag kom en vind dat jy nie veel vermag het nie, is jy steeds tevrede en gelukkig of voel jy teleurgesteld en terneergedruk? Raak jy ongeduldig om "tyd te mors" om in 'n siekbed te lê, terwyl jy dalk dinge op jou "doen" lysie kon afgemerk het. Dit lewer alles bewyse dat ons almal, sonder uitsondering, vir Satan se versoekings val om ons identiteit en waarde te bewys deur wat ons doen. As gevolg van die feit dat die onsekerheidsfaktor in ons diepste wese gevestig is, oorgedra deur Adam en Eva, word ons maklike teikens gemaak vir die behoefte om geestelike en verstandelike vyeblare te skep om onsself te bedek. 'n Persoon wat geen selfvertroue het nie, sal altyd reageer op 'n uitdaging van hul identiteit, terwyl dit 'n geruste persoon nie eens sal pla nie. Dit laat my dink aan 'n keer wat ek saam met my vriend en sy Rottweiler gaan stap het. Ons het verby 'n buurman se plek gestap wat 'n baie kleiner hond gehad het. Die klein hondjie het geblaf en gekef en rondgehardloop om die aandag van die Rottweiler te probeer trek. Die Rottweiler het nie eers sy kop gedraai om na die kleiner hondjie te kyk nie. Dit het vir my gevoel asof die kleiner hondjie sê: "Komaan, meneer Rottweiler, ek sal aan my eienaar bewys dat ek 'n groot hond soos jy kan klop," maar die Rottweiler was vol vertroue in wie hy was en het nie eers op die uitdaging gereageer nie. Wat sou dit tot sy waarde toevoeg?

As jy aan die einde van die dag kom en vind dat jy nie veel vermag het nie, is jy steeds tevrede en gelukkig of voel jy teleurgesteld en terneergedruk?

Dit is juis om hierdie rede dat Jesus die wildernis van versoeking moes binnegaan. Die mensdom het 'n persoon nodig gehad wie kon demonstreer dat Hy glo dat Hy 'n kind van God is bloot omdat God so gesê het, eerder as deur dit te bewys deur wat Hy gedoen het. Die wêreld het 'n Dawid nodig gehad om die oënskynlik onoorwinlike Goliat van waardeloosheid, wat ons aan ons sonde gebonde hou en slawe van die duiwel maak, te oorwin. Die verhaal van

Christus se versoeking in die wildernis het inderdaad baie ooreenkomste met die verhaal van Dawid en Goliat:

1. Satan, as 'n geestelike skepsel, het 'n baie groter voorsprong oor Jesus wat met die menslike natuur beklee was, gehad. 1 Samuel 17:33
2. Jesus het die hele mensdom verteenwoordig en 'n oorwinning vir Christus het vryheid vir ons beteken, net soos Satan al die magte van die bose verteenwoordig het en 'n oorwinning vir hom het beteken dat ons vir altyd slawe van die magte van die duisternis sou bly. 1 Samuel 17:9
3. Jesus was 40 dae in die wildernis en het die bespottings en versoekings van Satan in die gesig gestaar, net soos Goliat Israel vir 40 dae uitgetart het. 1 Samuel 17:16
4. Satan/Goliat het in sy eie krag gekom, maar Jesus/Dawid het in die naam van die Here gekom om Sy Vader te openbaar en hom te ontbloot wat die leër van die lewende God uitgedaag het. 1 Samuel 17:45
5. Die wapens wat Jesus gebruik het, het volgens wêreldse standaarde swak gelyk – Hy het op die woorde van Sy Vader vertrou en Hy het daardie woorde met presiesheid gebruik om die gees van Satan bloot te lê. – 1 Samuel 17:43

Die ooreenkomste is merkwaardig. Ek kan nie anders as om myself te plaas in die skoene van een van daardie Israelitiese soldate wat op die heuwel staan en luister hoe Goliat my God, my godsdiens en my persoonlik beledig nie. "Waar is jou God? Hoekom sal jy nie teen my veg as Hy so sterk is nie? Jy is swak en nutteloos en 'n skande vir jou God". Om veertig dae na hierdie skeldtaal te luister, sal 'n mens regtig neerslagtig maak. Hy is so reusagtig groot! Sy wapens glinster in die sonlig terwyl sy monsteragtige stem beledigings oor die vallei uitskreeu. Die situasie lyk hopeloos, en daar is 'n sinkende gevoel van oorgawe tot slawerny. Is dit vandag enigsins anders?

Ons word gekoggel deur Satan oor ons onvermoëns en swakhede. Sy versoekings lyk so sterk en oorweldigend dat ons keer op keer swig daarvoor, en daar is daardie sinkende gevoel van oorgawe tot slawerny. Daar is selfs diegene wat verkondig dat ons nooit van slawerny bevry sal word nie en dat sonde altyd die oorhand van ons sal kry; Wat 'n droewige oorgawe aan die slawerny van sonde. Die Seun van Dawid is in ons kamp en Hy het ons bevry van die kettings van die duiwel. Sy oorwinning in die wildernis van versoeking is 'n oorwinning vir die hele mensdom. Die keuse is joune om steeds jou Goliat self te trotseer, of jy kan met ontsag op die heuwel toekyk hoe Jesus die kop van

jou versoeking afsny. As jy glo jy het *alreeds die oorwinning* as gevolg van Jesus, eerder as om te hoop dat Hy jou sal bevry, dan het jy die kern van geloof gevind.

Ek is so oneindig dankbaar dat die Seun van Dawid my bevry het van die mag van waardeloosheid. Hy het die hart van my rebellie en trots verwyder. Hy het my voete op die vaste rots geplaas om as 'n kind van God geïdentifiseer te word. Hy het persoonlik die twyfel vir my in die gesig gestaar en dit deur geloof in Sy Vader se Woord oorwin. Sing en wees saam met my bly, seuns en dogters van God! Jesus het die kettings van die Duracell verbreek en ons aangeneem in die Geliefde.

# 11. Die Hemelse Poorte Word Oopgemaak

‘n Klein strepie lig breek deur die duisternis om aan te dui dat die dag aangebreek het. Die tyd het ook aangebreek vir die taak wat voorlê. Sy polsslag versnel, die asem raak korter, terwyl voorbereidings vir die reis getref word. Terwyl hulle uitbeweeg in die oggendskemering, word Abraham se gedagtes oorstroom met herinneringe. Hy onthou hoe hy vir Isak vir die eerste keer vasgehou het en die oorweldigende gevoel van vreugde ná so ‘n lang wag op sy koms. Herinneringe van klein Isak wat in Pappa se bed gespring het en snoesig langs hom gelê het terwyl hy aandagtig na die verhale van Adam en Eva, Noag en vele ander, geluister het, hang soos groot loodgewigte op sy skouers terwyl hy die taak voor hom bepeins, wat God beveel het:

> Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. Génesis 22:2

God het gepraat en Abraham moet al sy moed bymekaar skraap om die opdrag te gehoorsaam. Daar is geen verduideliking nie, net die opdrag. Deur die jare wat Abraham met God gewandel het, het hy geleer om nie sy bevele te weerstaan wanneer hy ‘n opdrag ontvang nie. Hy het begin vertrou dat God die beste weet en dat Sy weg die enigste veilige weg is om te volg. Maar die pad was moeilik, ondenkbaar moeilik!

Wie kon die stryd wat in Abraham se hart gewoed het, begryp? Hy sou veel eerder kies om self geoffer te wees in plaas van sy seun. Daar was niks wat hy nie sou doen om sy seun van sy lot te red nie. Abraham het hard asem gehaal terwyl hy sukkel om sy pyn vir Isak weg te steek. Hierdie is ‘n nagmerrie wat binnekort sal verdwyn. Die werklikheid keer terug wanneer Isak vra: “Vader, ons het die hout en die vuur, maar waar is die offer?” ‘n Pyl tref die hart van Abraham. Hoe sal hy antwoord? ‘n Vinnige gebed styg tot God vir wysheid en dan antwoord Abraham: “God sal vir Homself die lam vir ‘n brandoffer voorsien, my seun.”[39]

---

[39] Génesis 22:7-8

Op die kruin van die berg openbaar Abraham met 'n swaar hart aan Isak hoe hy God se opdrag verstaan het. Isak is 'n jong man en kan maklik sy vader oorrompel en weghardloop, maar Isak het die dissipline van gehoorsaamheid geleer en lê sy eie begeertes neer aan die voete van die wysheid van sy vader. Die ganse hemel kyk hoe Abraham sy seun, sy kosbare seun voorberei vir daardie finale oomblik. Die menslike rede ontketen nou 'n vloedgolf van argumente teen geloof, maar Abraham, wat soos 'n hoë seder in sikloniese winde staan, staan geboë, maar gaan voort met sy voorneme om sy begrip van die versoek uit te voer.[40]

Alles is gereed en Abraham kyk af na sy seun. Die pyn ruk deur sy hart en sy kragte begin faal, maar hy staan vas. Met 'n gebed na bo spits hy sy aandag op die mes toe, wat die lewe van sy kosbaarste seun sal beëindig.

Op daardie oomblik word 'n stem gehoor: "Abraham! Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees."[41]

Terwyl ek oor hierdie storie nadink, kan ek nie anders as om myself in die skoene van Abraham en my seun in Isak se skoene te probeer plaas nie. Ek verstaan die spanning wat hy gevoel het, maar die beeld word dadelik beëindig. Iets diep binne reik na bo en verbied die beeld om te voltooi. Emosioneel kan my gemoed nie so 'n toneel hanteer nie.

Om die afgryse van die kruis en Jesus se offer te begryp, moet ons die diepte van die verhouding tussen die Vader en die Seun beter verstaan. Die wese van Hulle koninkryk word tussen Hulle uitgebeeld; die kern van Hulle benadering tot lewe word geopenbaar in die liefde wat Hulle vir mekaar het. As ons nie hierdie verhoudingsdimensie by die kruis voeg nie, dan het ons regtig die punt gemis.

> "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê." Johannes 3:16

Die verbreking van 'n kosbare verhouding is die mees verwoestende ding wat 'n mens kan ervaar. Die gedagte om geskei te wees van dié wat ons liefhet, is 'n vrees wat diep in die hart van elke menslike siel skuil. Ek vind dat nadat ek vir

---

40 Verwys na *Agape* Hoofstuk 24 – Abraham en die Gruwel wat Verwoes, op *vadervanliefde.com.*

41 Génesis 22:12

slegs 'n week weg was van my gesin vir 'n verpligting, my hart smag om by die huis te wees saam met diegene wat ek liefhet. Daar is niks in hierdie wêreld waarvoor ek my verhouding met my gesin sal verruil nie. Selfs die gedagte daaraan maak my siek, en tog, wanneer ons in die hart van God kyk, soos geopenbaar in die Bybel, vind ons dat God ons Vader en Sy Seun bereid was om van mekaar te skei, net sodat ek en jy deur die hemelpoorte kan ingaan om met ons Skepper en Sy Seun herenig te word.

God het nie Sy Seun verlaat nie, maar die las van ons sonde op Jesus het Hom laat voel wat sondaars voel as gevolg van hul skuldlas.

Daar is mense wat redeneer: "Ja, maar Jesus het geweet Hy sou weer opstaan en met Sy Vader herenig word, so dit was nie so erg nie." As jy hierdie gedagtes koester, dan stel ek voor dat jy vir Jesus vra hoe Hy gevoel het toe Hy uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Toe die skuldgevoel van 'n rebelse wêreld op Hom gerol is en Sy Vader se liefde versluier is deur ons menslike ongeloof in God se vergifnis van ons sondes, het Jesus in die donkerte gesoek om die liefdevolle aangesig te vind wat altyd Sy vreugde was, maar sonde het Sy Vader se aangesig verberg sodat Hy heeltemal van Hom geskei gevoel het. Sy hoop is verslind, die dood was al wat op Hom gewag het; Hy het gevoel dat Hy vir ewig afgesny sou wees van die Een wie Hy liefgehad het en daarom het Hy uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Dink net vir 'n oomblik daaroor; dit is vreesaanjaend!

God het nie Sy Seun verlaat nie, maar die las van ons sonde op Jesus het Hom laat voel wat sondaars voel as gevolg van hul skuldlas. In Hoofstuk 9 het ons gelees van Kain wat uitgeroep het: "My oortreding is te groot om dit te kan vergewe." Christus het dit egter vir ons aan die kruis gedra. Ons sondes laat ons voel dat God teen ons is en dat Hy ons wil doodmaak as gevolg van ons sondes, maar God het Sy liefde teenoor ons in groter mate bewys deur toe te laat dat Sy Seun deur hierdie ervaring ter wille van ons gaan, sodat ons kan glo dat ons vergewe kan word.

Dit alles laat die vraag ontstaan: Hoe ernstig is God daaroor om die skanse tussen Homself en ons af te breek? In die verhaal van Abraham en Isak sien ons 'n prentjie van God en Sy Seun. Van nature dink ons, net soos Abraham, dat God wou hê dat Abraham sy seun moes doodmaak. God het vir Abraham beveel om sy seun te offer, en Abraham het verstaan dat dit beteken om hom dood te maak, want dit weerspieël ons menslike persepsie van geregtigheid vir sonde. Die feit dat God Abraham gekeer het, wys dat dit nie Sy begeerte was

nie, maar in die proses het Abrahm 'n geloof geopenbaar wat bereid was om al sy gekoesterde hoop aan God oor te gee. Omdat God die ram aan Abraham as plaasvervanger voorsien het, kan ons insien dat God 'n plaasvervanger vir die mens se persepsie van geregtigheid voorsien het. God het toegelaat dat Sy Seun van Hom geskei word sodat ons kan glo dat ons sondes vergewe is.

In die aardbewing en duisternis van daardie verskriklike dag toe die grootste liefde wat nog ooit bestaan het, afgesny is weens ons sondes, hoor ek die uitroep van die Vader: "My Seun, My Seun, hoe kan Ek jou prysgee? Hoe kan Ek jou oorgee?" Dit is verseker HEL. Beide Vader en Seun het die hel ervaar toe hulle verhouding om ons onthalwe afgesny was. Hulle het die prys betaal wat ons verstaan wat betaal moes word. Wat anders kan die wese van die hel wees as die teenoorgestelde van dit waarvooor God se koninkryk staan – liefdevolle, intieme verhouding?

Wat beteken dit dan vir ons? Dit beteken dat die Seun van God die afsku van skeiding van goddelike liefde namens ons beleef het, sodat ons dit nie hoef te ervaar nie. "Dood, waar is jou angel; Doderyk, waar is jou oorwinning?"[42] Niks kan ons nou skei van die liefde van God deur wat Jesus en Sy Vader vir ons gedoen het. Offerandes en brandoffers was nooit deur God vereis nie, maar sodat ons kan weet dat ons vergewe kan word, het God die hoogste prys betaal.

Die hemelse poort swaai vir ons oop, omdat die Seun van God die vernietigende las van die Hel ervaar het om sy poort te sluit. Ons hoef nooit eers daar in te gaan en die geween en gekners van tande te ervaar, soos wat met dié sal gebeur wat die offer van Jesus verwerp en wat hulle permanent afsny van goddelike liefde.

Die uitdaging wat nou vir ons oorbly, is om daardie reis in ons gedagtes te maak van 'n toestand van waardeloosheid, uitdaging en vasberadenheid (om 'n identiteit te kerf deur wat jy doen) terug na die bron van lewe, waar liefde vir ons wag en ons weet dat ons Sy geliefde kinders is. Al het Jesus die poorte van die hemel vir ons oopgemaak, moet ons die reis van die koninkryk van die Duracell na die koninkryk van God onderneem, van identiteit deur prestasie na identiteit deur seunskap en dogterskap, of met ander woorde, van redding deur werke tot verlossing deur geloof. Die res van hierdie boek word gewy aan die uitdagings en voorregte van hierdie reis.

---

[42] 1 Korinthiërs 15:55

# DEEL 3:
# DIE REIS TERUG NA SEUNSKAP

# DEEL 3

# Die Reis terug na Seunskap

## 12. 'n Lewe aangedryf deur die Duracell

‘n Gevoel van afwagting vul die vertrek. Ek sit saam met my medestudente in die ouditorium en smag daarna om ‘n bekende naam te hoor. Ek het daardie jaar hard gewerk aan my studies en al het ek myself wysgemaak dat dit nie regtig saak maak nie, het die begeerte diep binne gegroei.

Die skool het toekennings aan verskeie studente oorhandig vir hulle prestasies gedurende die jaar. Tydens hierdie geleentheid speel ek ‘n baie interessante klein breinspeletjie. “Jy het hard gewerk hierdie jaar, jy kan hierdie volgende toekenning ontvang… nee, iemand anders sal dit wen…. maar jy het ‘n kans”. Toe die oomblik aanbreek en die naam uitgelees moet word, begin my hart in afwagting vinniger klop dan hoor ek die naam; dit is nie myne nie, maar een van my vriende. Dit is waar dit interessant raak. Uiterlik klap ek hande vir my vriend se sukses, maar in my binneste is ‘n heel ander scenario aan die gang: “Hoekom het hy dit gekry? Ek het harder as hy gewerk, ek kan nie glo dat hulle dit vir hom gee nie. Ag, ek dink ek weet hoekom. Hy is familie van een van die onderwysers en dis hoekom hulle hom gekies het. Die uitkoms is gemanipuleer! *Dit is nie wat jy weet nie; dit is wie jy ken.*” Die hele tyd klap ek hande en glimlag en probeer bedaard voorkom. Die wolke om my begin saampak en vir die volgende paar uur voel ek 'n bietjie terneergedruk en ‘n bietjie kwaad. Dit is net nog ‘n dag van ‘n lewe aangedryf deur die Duracell.

Dit neem ‘n kind nie baie lank om uit te werk dat as hulle gewaardeer en aanvaar wil word, hulle eerste onder gelykes moet wees nie. Welkom by die wêreld van vergelykings. Het jy al ooit in die strik getrap om vir een van jou kinders iets te koop vir hul verjaarsdag en niks vir hul broer of suster nie? Gewoonlik lyk dit of alle hel losbreek en skreeu jou verontregte kind die woorde: “Dis nie regverdig nie,” te midde van trane en soms selfs ‘n vloermoer.

Dan is daar die “*Kyk na my*”-kompetisie in die park. Terwyl jy kyk na een van jou kinders op die glyplank, roep ‘n ander stem: “Kyk na my!” en jy draai om om jou ander kind te sien swaai. Jou aandag word afgetrek na iets anders en

een van jou kinders merk dit op en roep uit: "Kyk na my!" en dan word jy bestook met 'n hele string "Kyk na my", soos masjiengeweervuur, elke "Kyk na my" harder en meer intens.

Dan sit jy aan vir middagete en net wanneer jy op die punt staan om te smul, hoor jy hierdie lieflike deuntjie: "Hy het meer as ek, dis nie regverdig nie, ek wil meer hê." Dit is die essensie van die lewe wat deur die Duracell aangedryf word. Soos ons ouer word, probeer ons 'n bietjie meer verfynd wees, maar vergelyking en die soeke na aandag vorm die middelpunt van die menslike bestaan.

Die meeste skoolkurrikulums verstaan blykbaar hierdie behoefte aan vergelyking en soeke na aandag, Om saamgebondel te word met jou eie portuurgroep tydens jou opvoeding, weg van die samehorigheid en deernis van die huislike omgewing, bied die perfekte kultuur om die Duracell-beginsel te vestig. Die volgende 12 jaar sal 'n wedloop wees om uit te blink op een of ander manier om sodoende 'n blink en gelukkige toekoms te verseker. Dit lyk asof die meeste kulture die meer intelligente kinders bevoordeel. Intelligensie ietwat hoër as ander s'n is 'n bate wat jou ver kan bring. Het jy al ooit gewonder hoekom kinders wat oor 'n beter vermoë beskik om kennis in te neem en te herroep, geneig is om meer suksesvol te wees as kinders wat beter met hulle hande aangelê is?[43] Kan jy jou voorstel dat jy universiteitstoelating kry omdat jy buitengewone kennis dra van hoe om na 'n tuin om te sien of 'n motorenjin reg te maak? Daar is plek vir mense met sulke vaardighede, maar voorspoed is geneig om die akademikus te bevoordeel.

Kinders ontwikkel 'n persepsie oor hulleself gebaseer op hulle rapporte. Ek het 'n aantal situasies ervaar waar mense, wat meer talentvol met hulle hande is, meer sukkel met akademie. Die gevolg is dat hulle hulleself baie keer beperk met opmerkings soos "Dit is bokant my vermoë," of "ek sal nooit so iets kan doen nie," of blatant te sê, "ek is te dom daarvoor."

Maar moenie bevrees wees nie, daar is ander maniere om sukses te behaal. Elke skoolstelsel het 'n sportprogram wat kinders toegang verleen tot 'n atletiese vergelykende gids. Kinders sal duisende ure spandeer om 'n atletiese vaardigheid te ontwikkel wat hopelik eendag vir hulle die mag en glorie

---

[43] Westerse kultuur is grootliks gebaseer op Griekse kultuur wat neig om meer akademies as prakties te wees. Dit is geen toeval dat die dier van Openbaring 13 beskryf word as 'n luiperd, wat die hele wêreld lei, wat die koninkryk van Griekeland verteenwoordig.

waarna hulle smag sal bring. Ons weet almal dat sport net 'n speletjie is, nê? Vertel dit vir al die Engelse sokkerondersteuners wat tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi deur die strate van Europa amok maak. Wat van die man wat gekyk het hoe sy gunsteling krieketspan die Wêreldbeker verloor? Hy het 'n hartaanval gekry as gevolg daarvan en was dood voor die einde van die spel. En hoekom kan verskeie sportmanne miljoene per jaar betaal word om 'n stuk leer rond te skop in 'n poging om dit tussen twee pale deur te kry? Sport is 'n ernstige besigheid aangesien dit een van die eenvoudigste maniere bied om waarde te verkry deur prestasie en om die aandag wat jy soek, te kry. Dit is een van die suksesvolste maniere om die Duracell te voed en die geloof te vernietig dat ons waarde in verhoudings eerder as prestasie lê.

Sport is `n ernstige besigheid aangesien dit een van die eenvoudigste maniere bied om waarde te verkry deur prestasie en om die aandag wat jy soek, te kry. Dit is een van die suksesvolste maniere om die Duracell te voed en die geloof te vernietig dat ons waarde in verhoudings eerder as prestasie lê.

Een van die interessantste aspekte van sport is dat, al kan jy op die hoogste vlak presteer, as jy tweede kom, sal niemand jou naam onthou nie. Die emosionele trauma van verloor kan vernietigend wees. Ek onthou hoe ek gesien het hoe 'n sokkerspeler net soos 'n baba op die grond opgekrul het as gevolg van sy mislukte doelpoging in 'n strafdoel wat sy span die gesogte trofee laat verloor het. Ek onthou hoe ek gekyk het hoe sy afrigter hom van die veld af begelei en gewonder het hoeveel hy gevoel het hy op daardie oomblik werd is. Maar dit is natuurlik net 'n speletjie. Ja, maar dit is 'n speletjie wat 'n stryd tussen lewe en dood is, ter wille van waarde en aanvaarding.

Ons kan 'n aantal ander gode noem waarop ons gunstig hoop, sodat ons die sukses en geluk sal hê wat ons begeer. Daar is die gebied van fisiese skoonheid. Die ongenaakbare wêreld waar roem verwerf of verloor kan word op grond van die struktuur van jou wangbene of die grootte van jou bors. Hoeveel jong meisies ken jy wat hulself aand na aand aan die slaap gehuil het omdat hulle gevoel het dat hulle nie kwalifiseer nie. Ons het onlangs 'n skerp toename in anorexia gesien, 'n toestand wat hoofsaaklik vroue daartoe dryf om hulself uit te honger, sodat hulle 'n ongewone klein postuur kan hê.

Wat van die wêreld van welvaartskepping, werkstatus of selfs voorstadstatus. Ek werk al ‘n paar jaar in die witboordjie-korporatiewe wêreld en dit is nogal interessant om die rangorde waar te neem. Jy kan ’n persoon se posisie bepaal deur die kwaliteit van hul kantoormeubels. Die hoof het ‘n aparte kamer vir sy kantoor met ‘n vensteruitsig na die strate daar onder. Hy het die hoërugleunstoel van leer met armleunings. Hy het die groot houtlessenaar met die nuutste rekenaar daarop. Die volgende persoon onder hom het ook sy eie kantoor, maar sy vensteruitsig is nie heeltemal so goed nie en sy stoel nie heeltemal so deftig nie en sy rekenaar nie heeltemal so vinnig nie. Die volgende persoon onder hom het net sy kantoor afgeskort en sy stoel het geen armleunings nie en hy kan nie eers by die venster uitsien nie. Dit is inderdaad lagwekkend, maar dit is ‘n baie ernstige saak in die korporatiewe wêreld. Kantoormeubels is ‘n belangrike deel van effektiewe vergelyking met jou eweknieë.

Die lys van geleenthede tot vergelyking is eindeloos in die wêreld van die Duracell, maar gewoonlik is hulle geneig om in een van ‘n paar basiese kategorieë te val:

1. Opvoedingsvlak
2. Atletiese vermoë
3. Musiek/Kunstig vermoënd
4. Werkstatus/Inkomstevlak
5. Fisiese voorkoms
6. Besittings/bates
7. Nasionaliteit

Dit is die gode wat die wêreld aanbid in die hoop dat hulle begunstig sal word. Hulle is veeleisende slawedrywers en vereis gewoonlik volle onderwerping om deur hulle bevoordeel te word. Hulle sal gewoonlik die opoffering van familie en vriende eis en as jy gelukkig is, sal jy dalk jou brokkie son ontvang voordat jy in die niet verdwyn. Almal van ons word slawe van hierdie gode deur die krag van die Duracell en dit is hierdie gode waarvan die God, wat die hemel en aarde gemaak het, ons van wil bevry.

# 13. Die Trap na die Hemel

Die dae het korter en koeler begin raak; winter was op pad. Dit was tyd om die houtstapel vir die vuurherd op te bou tydens die snerpende koue wat binnekort oor die vrolike klein valleitjie sou neerdaal. Die man van die huis was besig om hout te kap toe hy uit die hoek van sy oog ‘n klein paar skoentjies gewaar. Hy het opgekyk en daar ‘n jong seun gesien wat elke beweging van hom dophou. “My Pappa kan vinniger hout kap as dit.” “Is dit so?” antwoord die man, nogals geamuseerd oor die seun se vrymoedigheid. “Hy kan verseker! My Pappa kan enigiets doen. Hy is die beste wat daar is.” “Wel, jy is bevoorreg om so ‘n Pappa te hê.”

Dit was die eenvoud van my kinderdae. Dit was die dae toe Pappa en Mamma niks verkeerd kon doen nie en die mees wonderlikste mense denkbaar was. Party dae dink ek dit sou seker lekker gewees het om in daardie eenvoudige toestand te bly, maar dit was ons nie beskore nie. Na ‘n kort tydjie op skool het ek begin aanpas by die konstante rondte van vergelykings, op soek na my plek in die klein gemeenskap van kinders met wie ek my opvoedingservaring gedeel het. Die vlak van vergelyking was nie so intens tydens laerskooldae nie, en die meeste van my vroeë skool-ervaring was gelukkige dae. Daar was baie handwerk en speletjies en aktiwiteite. Oor die algemeen was dit groot pret. Maar daar was tye wanneer ek ‘n voorsmaak van die toekoms sou kry, en die bittersoet smaak van die Duracell-koninkryk sou ervaar.

Toe ek sewe was, het my ouers na ‘n nuwe omgewing verhuis en het ek gou my weg probeer vind in ‘n nuwe groep kinders. Ek het vining vriende gemaak, maar het ook ‘n paar nare kêrels teëgekom. Ek was redelik stewig gebou as kind en ‘n paar skraal kinders het besluit dat hulle gaan munt slaan uit die feit dat ek bietjie meer om die lyf gehad het as hulle.

“Vetsak”, “Vet Albert” en “Slob” is van die name wat ek onthou. Dit was ‘n aaklige ondervinding wat baie van ons in ons kinderjare teëgekom het. Dit het dag na dag gebeur. Die vyand van siele het hierdie seuns gebruik om my gevoel van waarde te vernietig. Een oggend op pad skool toe het ek besluit ek het genoeg gehad. “Mamma, ek gaan nie uit die motor klim nie. Ek gaan nie skool toe nie.” “Natuurlik gaan jy, my seun.” “Nee, ek gaan nie!” Terwyl ons inry,

sien ek die dreigende houding van die ouens wat my soos aasvoëls wat hulle prooi gaan aanval, dophou. Mamma het die deur oopgemaak en my probeer uittrek. Die volgende paar minute was nogal intens. Ek het geskop, geprotesteer, geskree en aan my stoel vasgeklou. Was dit net 'n geval van 'n tipiese seun wat hom swak gedra? Miskien, maar toe my identiteitsgevoel as persoon aangeval is, het ek alles in my vermoë gedoen om myself te beskerm. Ek kan nie eintlik onthou wat volgende gebeur het nie, maar ek onthou dat die boelies opgehou het. Hier was 'n ware voorsmakie van wat voorlê.

Die wreedheid wat in kinders gemanifesteer word, is die rou, ongebreidelde gevolg van die beginsels van Satan se vergelykende koninkryk in aksie. Ons kan dikwels verstom staan deur die brutale selfsug en ondankbaarheid wat kinders openbaar. Groei ons natuurlik uit hierdie eienskappe? Nee. Soos ons geleer het, verlaat niemand hierdie koninkryk sonder die hulp van die Seun van Dawid nie. Soos ons ouer word, word ons eenvoudig meer uitgeslape en verfyn.

Teen die tyd dat ek die middel van hoërskool bereik het, was ek goed geprogrammeer. Ek het geleer om die god van onderwys, die god van sport en die god van fisiese voorkoms te aanbid. Ek wou die god van geld aanbid, maar ek het nie werk gehad nie! Alles om my het vir my gesê dat ek moet streef om eerste te wees; streef om te presteer. Ek het geleer dat net wenners aanvaar word, en verloorders is niks werd nie. My aansporing om goed op skool te doen, was merendeels gemotiveer deur die moontlikheid om eerste plek te behaal as om bloot net die inhoud van wat ek geleer het, te geniet. Ek het films op televisie gekyk wat hierdie oortuiging versterk het. Vooraanstaande manlike hoofrolakteurs is uitgebeeld dat hulle 'n groot prestasie moes behaal wat die hart van een of ander jong dame sou laat smelt. Dit het my geleer dat 'n verhouding iets is wat jy bereik het en dat die jong dame meer soos 'n prys as 'n vriend was. Nie dat jy dit so sou stel nie, dit het alles op die onderbewustelike vlak gebeur.

Dit was die tyd om te droom. Ek het gereeld op my bed gelê en droom daarvan om die wenlopies vir Australië in 'n krieketwedstryd te slaan of om die laaste doel aan te teken of om my lewe of ledemate te waag om 'n jong meisie in nood te red. Hierdie drome het die struktuur van my waardestelsel gevorm.

Hoe meer ek gedroom het, hoe meer vasbeslote het ek geword om daardie doelwitte te bereik. Die moeilike deel is dat ek nie hierdie doelwitte in 'n vakuum kon bereik nie. Ek moes altyd as die wenner uittree. Ek wou my

vriende hê, maar my drome het eerste gekom. Ek was beskaafd as my drome nie bedreig is nie, maar sodra ek agtergekom het dat my drome in gevaar was, was dit oorlog!

Ek het hard gewerk om my doelwitte te bereik. Ek het uitgeblink in sport en skoolopvoeding; wel, twee uit drie is nie sleg nie. Toe begin ek 'n ander fase betree. Toe ek eers die top bereik het, moes ek daar probeer bly. Ek moes voortdurend oor my skouer kyk om my kosbare posisie te beskerm. Dan is daar die verwagting van reputasie. Wat sou met my reputasie gebeur sodra ek sleg doen? Dit sou ondenkbaar wees, dus het ek net meer vasberade voortgegaan.

Hierdie stryd het vir 'n wyle voortgeduur totdat ek begin besef het dat dit byna onmoontlik sou wees om al my doelwitte te bereik. Dit het tot woede uitbarstings gelei! Ek dink ek het gevoel dat ek bedrieg was. Ek het my meesters goed gedien en nou het hulle my bespot. Ek is opgelei in 'n stelsel wat my nooit 'n blywende gevoel van waarde kon gee nie en daarom was ek kwaad.

> Ek is opgelei in 'n stelsel wat my nooit 'n blywende gevoel van waarde kon gee nie en daarom was ek kwaad.

Baie mense sukkel om die wisselvalligheid en verwoesting wat dikwels deur jongmense vertoon word, te onderskei en waarom baie van hulle selfmoord pleeg of hulle tot drankmisbruik en dwelms wend. Ek glo dit is dikwels omdat hulle besef dat hulle nooit hul drome sal bereik deur die metodes wat hulle geleer is nie. Hulle sal nooit groot wees in die oë van ander nie en daarom gee hulle oor aan selfvernietiging.

Ek onthou hoe ek eendag in 'n basketbalwedstryd gespeel het. Dit was 'n naelbyt wedstryd. Daar was druk op ons span. Die ou wat ek gemerk het, het skielik vir die hoepel genael, en toe hy die bal oplig, het ek ingekom en die bal skoon uit sy hand geslaan. Tot my ongeloof het ek die skeidsregter se fluitjie gehoor wat 'n oortreding aangedui het. Ek het geweet ek het nie aan hom geraak nie en skielik het 'n groot woede net binne my opgewel; woede dat hierdie ellendige stelsel wat my so baie belowe het, my niks gegee het nie. Ek het na die skeidsregter gestorm en twee sentimeter van sy gesig af gaan staan en skree teen 'n onwelvoeglike volume. Iets binne-in my het geknak. Ek was onmiddellik van die baan verwyder en uit die kompetisie geskors. Toe ek wegstap, glo ek, het God met my gepraat. Ek het myself afgevra, "Wat is fout met jou, man? Jy verloor beheer oor jouself!" Dit was die eerste keer dat ek

selfondersoek gedoen het en myself afgevra het in watter rigting ek oppad was. God het my sagkens geroep om na iets beters te soek. Ek het begin voel dat daar ‘n beter weg moes wees.

Die vyand van my siel het dit ook besef en my dieper probeer dryf om myself te bewys – soos ‘n roker wat aanvoel dat sy tyd om op te hou rook aangebreek het en twee keer soveel sigarette begin rook. Ek het begin onttrek. My drome het begin wegkwyn. Ek het al hoe meer onttrek en baie temperamenteel geraak. Eendag het my ma in my kamer ingekom en gekla oor hoe slordig dit lyk. Kom ons sê net dit was minder gunstig as wat die meeste tienerseuns se kamers maar lyk. Ek het ontstoke geraak dat sy in my persoonlike ruimte gekom het en begin opdragte uitdeel het. Ek het ‘n string wel gekose woorde gemompel en vir haar gesê om my uit te los.

Dit is interessant om die verskillende manière te sien waarop God ‘n mens kan bereik. Baie van my vriende het met baie neerhalende taal na hul ma’s verwys. My pa het dit tog reggekry om my ‘n mate van respek vir my ouers te leer en ek het myself belowe om nooit met my ma te praat soos sommige van my vriende wel gedoen het nie. Die oomblik toe ek daardie woorde oor my ma uiter, was dit asof die laaste bietjie waardigheid wat ek nog gehad het, weggestroop is. Ek was geskok dat ek sulke dinge kon sê en my depressie het vererger. Ek het die punt bereik waar ek nie meer omgegee het nie, en dit is ‘n baie gevaarlike plek om te wees. Ek het besef dat ek by ‘n kruispad was. Die breë weg het my gelok met sy gapende kake vol van sy wyn, vroue en musiek. Aan die ander kant was die smal weg soos deur die Bybel uitgelê. Sou ek die godsdiens wat my ouers my geleer het, kies of sou ek soos ‘n brandende komeet die breë pad inslaan? Daar was geen rede vir my om meer voort te gaan om voor te gee dat ek ‘n Christen is nie. Dit was nou vir my duidelik dat ek nie ‘n Christen was nie en nooit regtig een was nie, al is ek in ‘n Christelike omgewing grootgemaak. Dit was óf Christus óf die duiwel. Gelukkig het ek gekies om die ware Jesus van die Bybel te probeer vind.

Ek het besluit ek sal ‘n boekie lees wat al baie jare in ons huis was. Dit word *Skrede na Christus* genoem. Die titel het nou perfek vir my behoefte gelyk. Ek het begin lees met ‘n honger en desperaatheid om Hom te vind. Ek moes die trap na die hemel vind, want ek kon nie meer die koninkryk van Satan verduur nie.

Vroeg in die boek het die skrywer verduidelik dat Jesus gekom het om die leuens wat die mensdom omtrent God aangeneem het, uit die weg te ruim en

dat Jesus gekom het om te toon dat God ons regtig liefhet. Ek het die woorde ingedrink soos die dorre aarde die somerreën verwelkom. Die skrywer het my genooi om oor Jesus in die tuin van Getsémané te dink en Hom na die kruis te volg.

Terwyl ek hierdie tonele bepeins het, het ek skielik gevoel dat ek werklik na Hom kyk. Die figuur aan die kruis het baie eg gelyk en ek het sterk onder die indruk gekom dat Hy daar hang omdat Hy my liefhet en my desperate behoefte verstaan om uit die koninkryk van Satan te ontsnap. Ek het die indruk gekry dat ek Hom as my beste vriend kon vertrou en dat Hy my na die hemelse koninkryk sou lei. Terwyl ek Hom daar aanskou het, het ek 'n gevoel van dankbaarheid ervaar dat Hy bereid was om my te red en ek het gevoel hoe die gewig van skuldgevoelens, angs, depressie en vrees wat ek vir jare gedra het, net van my rug afrol. 'n Vrede het in my hart ingekom wat ek nog nooit voorheen ervaar het nie, en ek het gehuil van vreugde. Die Seun van Dawid het my duisternis verbreek en die daglig het deurgebreek.

## 14. Dieselfde Afgode, Verskillende Name

Die kamer was vol vrolike lag, musiek en jeugdige opwinding. Voor in die vertrek was twee groot luidsprekers wat die jongste rock musiek uitbasuin. Ek het ‘n partytjie gereël om saam met ‘n groep van my vriende te kuier – wel ten minste het ek probeer. Ek het in die hoek van die kamer gaan sit waar ‘n tiener besig was om ‘n toneel uit een van die nuutste films te beskryf. Ek het gaan sit en probeer om die atmosfeer in te drink, maar iets was net nie reg nie. Ek het opgestaan en na die stoep gegaan en by ‘n paar jong "Romeo's" aangesluit wat hul jongste wedervaringe bespreek het oor hoe om die vrou van hul drome in te palm. Nee, ek het dit ook nie geniet nie. Wat was fout met my? Die musiek het op my senuwees begin werk en ek het deur die kamer gekyk en ‘n toneel in die video gesien wat gespeel het, wat ek baie afstootlik gevind het. Die gedagte het my soos ‘n goederetrein getref: ek haat hierdie goed!

My gedagtes het versnel met moontlike scenario's. Tot nou toe was dit my definisie van pret, en nou wou ek dit nie meer hê nie. Iets het van my hart besit geneem en dit onmoontlik gemaak om dit te geniet. Iewers vanuit die afgrond het die afskuwelike gedagte gekom dat my lewe van pret verby is en dat ek nooit weer myself sal kan geniet nie. Ek het by die huis uitgehardloop na die voorste grasperk en my vuis in die lug geslaan en uitgeroep: "Jy het my lewe verwoes!"

Dit was ‘n paar weke na my ervaring met Jesus ‘oppad na Damakus.' My lewe is omgedraai. Ek het nog nooit in my lewe soveel vrede gevoel nie en die Bybel het net begin lewe. Ek het alles wat ek gelees het, ingedrink en ‘n vryheid ervaar wat ek nog nooit voorheen geken het nie. Toe Jesus in my lewe ingekom het, was die veranderinge onmiddellik. Skielik het ek bewus geword dat sommige van my taalgebruik onwelvoeglik was, dat sommige van my grappies redelik vulgêr was en dat sekere aspekte van my leefstyl onversoenbaar was met die nuwe rigting wat ek ingeslaan het. Ek was op reis na die nuwe koninkryk. Dit was soos om na ‘n totaal vreemde land te gaan en die taal en gebruike van nuuts af te leer. Ek wou leer omdat ek die Here van daardie koninkryk liefgekry het, maar ek is in ‘n ander koninkryk geskool, en dit sou tyd neem om aan te pas.

Dit was eers op die aand van daardie partytjie dat ek besef het hoe radikaal my lewe verander het. Aangesien Jesus my hart deur Sy liefde gevange geneem het, kon ek Hom nie weerstaan toe Hy my geroep het nie. Ek het gedink ek doen die regte ding tot op die aand van die partytjie, maar het daar besef Hy was besig om my weg te roep van daardie tipe lewe. Dit was al wat ek geken het, en ek was bang dat my nuwe lewe my nie dieselfde genot sou bring nie. Die onbekende hou altyd vrees in, selfs al weet ons wat reg is. Gelukkig het ek gekies om te vertrou dat Jesus vir my sal sorg; dit was beter om Hom te vertrou as my gevoelens.

Toe ek Jesus as my Verlosser aangeneem het, het ek vir weke net gesweef. Ek het 'n spesiale nabyheid aan Hom gevoel en tot vandag ervaar ek dit steeds. Jesus het die poorte van die hemel vir my oopgemaak, maar nou sou Hy my help om die saad van die Duracell te verwyder. Hy het my begin help om daardie lewensfilosofie uit te roei wat my prestasie die middelpunt van my waardestelsel gemaak het. Dit is 'n reis wat elke kind van Adam moet onderneem. Die enigste manier waarop ons die reis kan aanpak, is om ons oë gevestig te hou op die lig van die kruis en nederig, in die beginsels van die nuwe koninkryk, die voetspore van ons Verlosser te volg.

Ek het 'n gebedsbyeenkoms saam met vriende begin bywoon. Op daardie eerste aand toe ons saam gekniel het, het ek die lieflike Gees van God in ons midde ervaar, maar daar was 'n ander gees uit my ou lewe wat my geteister het. Terwyl ons in 'n kring gebid het, het 'n gedagte by my opgekom. "*Ek kan nie soos hierdie mense bid nie, hulle is so welsprekend.*" My hart het gevoel of dit in hierdie gedagte vasgevang was en soos die gebedskring nader aan my beweeg het, het my hart vinniger begin klop. Binnekort sou ek in die kollig wees en almal sou na my luister. Maar wag 'n bietjie; hierdie was 'n gebeds-byeenkoms oor Jesus, nie oor my nie!

Hier lê die vloek van die Duracell. Al het ek my hart vir Jesus gegee en wou ek Hom volg, was die beginsels van my ou lewe nog steeds gereed en gewillig om my terug te sleep om myself die middelpunt van alles te maak, om my optrede in gebed die kwessie te maak, in teenstelling met die belangrikheid van my verhouding met God in gebed.

Toe ek die eerste keer die Bybel begin studeer het, het ek dikwels onbevoeg gevoel, want, al het ek in 'n Christelike omgewing grootgeword, het ek besef dat ek in Bybelse terme nog nie van kleuterskool gegradueer het nie. Ek het daarvan gehou om te luister na wat ek geleer is, maar in my agterkop het iets

my aanhoudend gepla en gesê: "Hoe kan hulle daardie verse so maklik opsoek, ek sal dit nooit kan doen nie." Ek het rondgevroetel en probeer om die regte boek en vers te vind en het net gebid dat ek nie laaste sal wees nie, sodat almal vir my moes wag. Wat 'n verleentheid! Die jare se opleiding wat ek ontvang het om myself met ander te vergelyk, het in my nuwe Christelike reis begin na vore getree. Dit was redelik maklik vir die Gees van Christus om my te oortuig van my taalgebruik en leefstyl, maar dit sou tyd neem om te besef hoe diep die tentakels van die Duracell werklik gewortel is.

Soos ek op my reis gevorder het, het ek 'n diep liefde vir die Bybel ontwikkel. Ek was ywerig om te leer omtrent my Held Jesus wat Sy lewe vir my gegee het. Ek was net mal daaroor om van Jesus te leer. Dit het 'n groot seën vir my ingehou, maar my ou lewe het vir my gelê en loer en was gereed om my te verstrik. Ek het begin agterkom dat mense rondom my baie minder kennis as ek van Bybelse dinge gehad het. My groeiende Bybelkennis het my meer selfvertroue gegee om te praat en gou het ek klein groepies en later groter groepe met Bybelstudie gelei. Dit was weereens vir my 'n seën en ook vir dié rondom my, maar ek het stadig, stuk vir stuk terugbeweeg na 'n platform van waarde deur prestasie eerder as waarde deur 'n verhouding. Dit het stadig en ongemerk gebeur, tog het dit gebeur. Noudat ek terugkyk, sien ek dat baie van ons dieselfde gode dien, maar met ander name.

Die tabel hieronder wys hoe maklik dit is om in die Bybel te glo, maar met 'n wêreldse aanslag. Nie in die sin van losbandigheid nie, maar om waarde te vind deur wat jy doen.

| In die wêreld | In die Kerk |
|---|---|
| Opvoeding | Bybelkennis |
| Atletiese Vermoë | Openbare Aanbiedingsvermoë |
| KunstigeVermoë | Musiekbediening |
| Werkstatus | Kerk-amp |
| Besittings | Geestelike Gawes |
| Fisiese Voorkoms | Modeparade by die Kerk |
| Nasionaliteit | Konserwatief/Liberaal |

Vir baie van ons word ons wandel met Jesus gepootjie deur die verraderlike krag van die Duracell. As jy die kerk vandag ondersoek, sien jy dat die gode waarvan ons in die wêreld probeer ontsnap het, in die kerk gevind word. Hulle het hulself geklee met kledingstukke van lig en ons het hulle as ou vriende omhels. Die onvermydelike gevolg is woede, bitterheid en konflik in die kerk.

Dit is so maklik om vroom te lyk in die kerk, maar wat van die persoon wat aan die ander kant van die kerk sit, wat nie met jou wil praat nie, want jy iets van hulle agter hulle rug gesê en hulle het daarvan te hore gekom? Wat van die pianiste wat na 'n ander kerk gegaan het omdat daar vir haar gesê is haar orrelspel is sub-standaard? Wat van die leerstellige bewakers wat heen en weer deur die kerk dwaal om diegene op te soek wat nie hul definisie van regsinnigheid onderskryf nie, sodat hulle hul uit die kerk kan verdryf? Wat van daardie 'progressiewes' wat poog om die aanbiddingskomitee te kaap en hul nuwe aanbiddingstyl op almal af te dwing, ten koste van die res wat nie daarvan hou nie? Die lys is eindeloos en die groot vyand van ons siele weet dat solank hy ons hiermee besig hou, ons in wese steeds onderdane van sy koninkryk is.

> Dit is een ding om die korporatiewe kerk aan te val oor sy afvalligheid van apostoliese waarheid. Dit is 'n ander saak om dieselfde beginsels in ons eie lewens te sien werk. Laat ons seker maak dat ons eers die balk in ons eie oog haal voordat ons probeer om die splinter uit ons broer se oog te haal.

Die grootste bewys dat ons steeds gestrem is deur die beginsels van Satan se koninkryk is die hoë vlak van onenigheid en gebrek aan Christelike liefde in die kerk. As ons ons verhoudings met dieselfde agting hanteer as wat God Sy verhoudings ag, sou ons baie meer liefde en deernis teenoor mekaar in die kerk openbaar.

Dit is baie interessant dat hierdie subtiele oordra van die afgode van die wêreld na die kerk, in ons persoonlike ervaring, maar ook in die kerk se korporatiewe ervaring, plaasgevind het. In die vierde eeu, toe keiser Konstantyn die Christendom 'omhels' het, was daar 'n hele reeks veranderings wat in die Christelike kerk plaasgevind het. Een punt wat veral van belang is, is dat baie van die standbeelde van die heidense gode wat in die Pantheon was, na die Christelike kerk oorgedra is en die name verander is na Bybelse karakters soos Moses,

Dawid en Petrus. Dieselfde gode, verskillende name! Dit maak nie saak hoe jy die gode aantrek nie, dit is steeds heidens, en wat kan ons vandag sê? Dit is een ding om die korporatiewe kerk aan te val oor sy afvalligheid van apostoliese waarheid. Dit is 'n ander saak om dieselfde beginsels in ons eie lewens te sien werk. Laat ons seker maak dat ons eers die balk in ons eie oog haal voordat ons probeer om die splinter uit ons broer se oog te haal.

Dit is interessant om die reis van die vurigste volgelinge van Christus te bestudeer – Sy dissipels. Die kwessie van mag en posisie het dikwels kop uitgesteek. Kom ons kyk na 'n paar Skrifgedeeltes:

> In daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele? Matthéüs 18:1

Daar is een rede en slegs een rede hoekom die dissipels daardie vraag gevra het – eiebelang. Die dissipels het geglo Jesus is die Messias, die Christus. Hulle geloof in Hom was passievol; sommige was selfs bereid om vir Hom te sterf, maar net soos toe ek voorberei het om te bid en my gedagtes verskuif het van my verhouding na my optrede in gebed, het die dissipels van hulle verhouding met die Messias na hulle posisie in Sy nuwe koninkryk beweeg.

> En Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedéüs, het na Hom gekom en gesê: Meester, ons wil hê dat U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra. En Hy sê vir hulle: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? En hulle antwoord Hom: Gee aan ons dat ons mag sit in U heerlikheid, een aan U regter- en een aan U linkerhand. Markus 10:35-37

Die god van posisie en status het die beginsels van die nuwe koninkryk waarvan Jakobus en Johannes geleer het, heeltemal oorgeneem, sodat hulle vir Jesus gevra het of hulle aan Sy linker- en regterhand in Sy koninkryk kon sit. Jesus het gelukkig nooit vermoeid geraak met hulle voortdurende versuim om die ou koninkryksbeginsels te laat vaar nie. Hy het verstaan dat dit tyd neem vir ons om te sien hoe diep gewortel die beginsels van Satan se koninkryk werklik is. Die probleem waarmee ons te kampe het, is dat wanneer ons toelaat dat die ou beginsels oorneem, gebeur die volgende:

> En toe die tien dit hoor, begin hulle verontwaardig te word oor Jakobus en Johannes. Markus 10:41

Wanneer ons toelaat dat die ou koninkryksbeginsels ons regeer, sal twis altyd die gevolg wees. Die ander dissipels het kwaad geword oor dit wat Jakobus en Johannes gedoen het. Hoekom? Omdat hulle 'n boodskap uitgestuur het: "Ons is beter as julle." Hulle het dalk nie bedoel om dit te doen nie, maar dit is byna altyd die gevolg. Jesus het die geleentheid gebruik om hulle te leer hoedat Sy koninkryk anders funksioneer as die een waarin hulle grootgeword het. Hulle sou moes leer om anders te dink.

> Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Markus 10:42-45

Mag hierdie woorde vir ewig in ons ore weerklink! As jy werklik die vernaamste in God se koninkryk wil wees, moet jy leer om vreugde te vind om ander te dien eerder as om hulle te manipuleer en te beheer. Jesus sê vir ons dat die heidene dit geniet om te heers oor ander en om hul gesag uit te oefen en te wys wie is baas. Vreemd genoeg regeer hierdie selfde gees dikwels in die kerk met sekere lidmate wat poog om hulle wil en gesag op die kerk af te dwing. Dis reeds tweeduisend jaar sedert die kruis en baie van ons verstaan steeds nie die basiese beginsels nie.

Hoekom is dit so dat die vyand van ons siele dit so maklik vind om ons terug te sleep na ons ou manier van dink? Soos ons vroeër gesê het, is dit ons inherente gevoel van onsekerheid wat dit vir Satan maklik maak om ons te versoek om onsself te bewys. Tensy ons onthou hoe ons ons waarde verkry, sal ons dit onmoontlik vind om te weerstaan om klippe in brode te verander om te bewys dat ons belangrik is.

Daar is iets wat ek baie kommerwekkend vind aan hierdie Duracell-beginsels wat hardnekkig aan ons vaskleef. Jesus was die beste leermeester wat hierdie wêreld nog ooit gesien het. Hy het meer as drie jaar saam met die dissipels deurgebring en hulle nougeset geleer waaroor die beginsels van die koninkryk van die hemel gaan, en selfs ná dit alles vind ons dat die dissipels op die aand voor Sy kruisiging nog steeds deur die beginsels van die ou lewe beheer word.

> Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word. Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel. Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verraai word! Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen. En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. Lukas 22:20-24

Op die vooraand van die grootste bewys van liefde wat die heelal nog ooit gesien het, het diegene naaste aan Jesus, wat meer van Sy koninkryk geweet het as enigiemand anders, geargumenteer oor wie van hulle die grootste was. Die sielesmart wat Jesus op daardie stadium ervaar het, moes geweldig gewees het. Kan dié van ons wat beweer dat ons volgelinge van Jesus is, dieselfde foute as die dissipels herhaal – ywerige volgelinge van Jesus, wat steeds onder mekaar worstel oor wie die grootste is?

Daar is net een ding erger as om deur die beginsels van die Duracell in die wêreld beheer te word; dit is om daardeur beheer te word in die kerk. Mag God ons help om bevry te word van hierdie selfsugtige beginsels sodat ons die volle vreugde van Sy koninkryk kan ervaar!

## 15. Hoe Lees Jy?

Vandag gaan ‘n spesiale dag wees. Jy is vol afwagting en opgewondenheid oor die potensiële vooruitsigte wat voorlê. Die hoof van ‘n groot vervaardigings-maatskappy stel belang in ‘n spesiale ontwerp waaraan jy gewerk het en oorweeg dit ernstig om dit te vervaardig en oor die wêreld uit te voer. Julle besluit om te ontmoet vir middagete by ‘n lekker klein plaaslike restaurant. Jy kyk senuweeagtig rond om die persoon te identifiseer wat jou droom ‘n werklikheid kan maak. Hy daag uiteindelik op en jy gee hom ‘n stewige handdruk, gaan die restaurant binne en kry julle plek. Om mekaar beter te leer ken, vra jou metgesel jou bietjie uit oor jou gesin waar jy woon en hoe dit met jou kinders op skool gaan. Alles verloop mooi behalwe vir die feit dat daar net agter jou ‘n ou is wat 'n ware kuns ontwikkel het om sy sop op te slurp. Aanvanklik ignoreer jy dit, maar na ‘n rukkie raak dit ‘n bietjie irriterend. “*Sommige mense moet ‘n bietjie maniere leer*”, dink jy by jouself, maar ignoreer die gedagte sodat jou aandag nie afgelei word nie. Die gesprek met jou potensiële sakevennoot verloop goed en jy is reg in die middel van die bespreking van 'n paar van die ekstra voordele van jou ontwerp toe die ou agter jou skielik ‘n verskriklike wind opbreek wat amper die eetgerei op jou tafel laat klingel. Alle oë is skielik gevestig op hierdie ongewone individu wat klaarblyklik geen maniere het nie. Die kamer word gevul met geluide van gegiggel en geproes gekombineer met afgryse en afsku. Uiteindelik kom die eienaar van die restaurant uit en vra die man om die restaurant te verlaat, en sê dat sy tipe nie daar welkom is nie.

Die ding wat regtig verbasend is, is dat indien dieselfde man in ‘n restaurant gesit het wat die Chinese kultuur verteenwoordig het, niemand ‘n oog sou knip nie. Trouens, die gasheer en gasvrou kan dalk teleurgesteld wees as jy nie hierdie gebare gemaak het nie. Wat meer is, indien jy in die Chinese kultuur probeer om die hand te skud van iemand wat jy nog nie voorheen ontmoet het nie of indien jy oor familiekwessies tydens aandete praat, sal jy as taamlik onbeskof beskou word.[44]

---

[44] http://www.chinawestexchange.com/Chinese/Culture/customs.htm

Dit is verstommend hoe dieselfde optrede op heeltemal verskillende maniere geïnterpreteer kan word, afhangende van watter kultuur of wêreldbeskouing jy afkomstig is. Hierdie feit verskil nie wanneer ons kyk na die twee verskillende kulture van die koninkryk van God teenoor die koninkryk van Satan nie.

Die christelike geloof het een fondament, Jesus Christus, en tog, terwyl ons die oorvloed van groepe ondersoek wat die naam van Jesus aanneem, is ons verbaas om te vind dat soveel teenstrydighede op een fondament kan bestaan. Die reis na die koninkryk van God behels ‘n oordrag van kultuur en 'n verandering van wêreldbeskouing. In ons laaste hoofstuk het ons die uitdagings beskryf wat ons dikwels ondervind om te leer om volgens die weë van die hemel te dink.

Die grootste probleme van die christelike lewe is juis hoe ons die Woord van God, die Bybel, benader. Ons kom uit die wêreld waar ons geskool is in prestasie en posisie, maar terwyl ons in die koninkryk van God inbeweeg, is dit absoluut noodsaaklik dat ons ons opinies prysgee en die Gees van God ons laat leer hoe om God se Woord te lees. Ongelukkig was dit nie dikwels die geval nie en die vele teenstrydighede, dwaalleer en argumente wat in die christelike geloof en geskiedenis gevind word, kom direk van die lees van die Bybel met ‘n Duracell-raamwerk eerder as in die raamwerk van die hemel, wat fokus op wettige en intieme verhoudings.

> In die koninkryk van die hemel is elke mens ‘n kind van God en is waardig om met respek behandel te word.

Jesus stel hierdie punt in Sy bespreking met ‘n wetgeleerde in Lukas 10. Die wetgeleerde vra vir Jesus: “Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?” Jesus antwoord: “Wat is in die wet geskrywe?” Om by die dieper betekenis van die saak uit te kom, vra Hy: “Hoe lees jy?”[45] Jesus vra nie *wat* jy lees nie; Hy vra *hoe* lees jy, of hoe interpreteer jy wat jy lees? Dit is die sleutelvraag vir enigiemand wat die reis van die aardse Duracell na hemelse verhoudings wil neem – Hoe lees jy?

Die vraag rakende die ewige lewe wat die wetgeleerde aan Jesus gevra het, is een van die mees kritiese vrae van die christelike lewenswandel. Die posisie

[45] Lukas 10:25,26

wat jy beklee en die mense waarmee jy meng, is ‘n sterk aanduiding van jou waarde in hierdie wêreld. Daarteenoor, in die koninkryk van die hemel is elke mens ‘n kind van God en is waardig om met respek behandel te word. Indien ons die gesprek volg, merk ons op dat die wetgeleerde die skrif deur die eersgenoemde eerder as die laasgenoemde wil interpreteer. Hy gee Jesus die regte antwoord deur te sê: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en al jou krag en jou naaste liefhê soos jouself.“[46] Jesus sê in werklikheid: “Presies, doen dit en leef”, maar die wetgeleerde wat die volle implikasie besef van wat dit behels, probeer om die betekenis te verdraai deur te vra: “Wie is my naaste?”[47] Die betekenis van die Skrif is eenvoudig, maar die menslike hart onder die invloed van die Duracell tree op asof dit moeilik is om te verstaan, omdat dit onwillig is om die oue vry te laat en die nuwe ten volle te omhels. Hier lê die rede vir so baie lewelose christene, hulle glo in die koninkryk van Christus, maar leef volgens Satan se koninkryk en die gevolg is verwarring, frustrasie en boosheid.

Die ganse christelike geloof is verward omtrent die kwessie van verlossing, omdat die Bybel duidelik leer dat ‘n christen wat deur genade bemagtig is, in harmonie met die Tien Gebooie sal lewe. Baie van ons benader egter die Tien Gebooie in die konteks van die Duracell; ons poog om dit uit te voer om die doel van verlossing te verkry, eerder as om die Tien Gebooie te sien as ‘n beskrywing van die beloofde verhouding wat tussen God en Sy kinders *sal* plaasvind.

Omgekeerd, en meer algemeen, het ons ‘n hele menigte wat dit onmoontlik ag om die vereistes van die wet na te kom, maar eerder as om in te tree deur 'n geloofsverhouding, verklaar hulle die onderhouding van God se Gebooie onmoontlik en geniet dus nooit die vryheid van oorwinning in Christus nie. Of jy probeer om te presteer of nie te presteer nie, die kwessie is steeds prestasie eerder as verhouding. Nie een van hierdie groepe sal die koninkryk van die hemel binnegaan tensy hulle die Tien Gebooie aanvaar in die konteks van ‘n geloofsgebaseerde verhouding met Hom wie vir ons gesterf het nie.

Vir die groep Christene wat die anti-prestasie-houding en die onmoontlikheid van oorwinning in die christelike wandel inneem, volg dit spoedig dat die god wat hulle dien ook nie in staat is om dit tot uitvoering te bring nie. Kombineer

---

[46] Lukas 10:27

[47] Lukas 10:28,29

hierdie tendens met die wêreldse begeerte na erkenning en dit is geen verrassing om christelike geleerdes, leraars en gelowiges te vind wat die vermoë van God verwerp om die wêreld in ses letterlike dae te skep. Net soos die wetsgeleerde die antwoord gee dat hy sy naaste moet liefhê, maar dan vra: "Wie is my naaste?" sê baie geleerdes vandag, "Ja, ons glo in 'n ses dae skepping, maar watter soort dae is dit?" Boosheid vind altyd 'n manier om die Skrif te verdraai om homself te pas; om in Christus te glo en tog volgens die wêreld se standaard te lewe. Die demone glo ook in Christus en leef volgens hierdie wêreld.

Sodra 'n persoon die geloof verloor het in 'n God wat 'n nuwe hart kan skep en geleer het om geslepe vrae te vra oor eenvoudige verklarings van die Skrif, dan is dit baie maklik om homoseksualiteit as 'n Christelike norm te aanvaar, asook die verwerping van manlike en vroulike rolle in die huis en die kerk, wat die Bybel duidelik vir ons uitlê. Hierdie konsep is vreemd aan die koninkryk van die hemele. Waarde is altyd deur verhouding, nie deur posisie nie.

Ons kan kyk na vele onderrig uit die Bybel wat verdraai is om by die beginsels van mag, posisie en prestasie te pas, maar ek dink die punt is duidelik gemaak dat as ons daarop aanspraak maak dat ons volgelinge van Jesus is, dan sal ons daarna streef om die Skrif te interpreteer volgens die beginsels van Sy koninkryk eerder as die koninkryk waaruit ons almal gekom het.

## 16. Nie Meer 'n Dienaar nie

Dit was een van daardie spesiale tye. Ek en my sesjarige seuntjie het saam in die motor gery. Ons het 'n diep en betekenisvolle gesprek gehad, wel, so diep as wat die ervaring van my kosbare seun sou toelaat. Ek kon sien hoe die wiele metodies in sy kop begin draai. Ek het besef hy was op die punt om iets heel diepgaande kwyt te raak, en toe kom dit uit. "Jy weet Pa, ek dink dinge sal baie beter werk as jy soms die baas was, en ek was soms die baas." "Wel seun, dit is beslis 'n baie interessante voorstel," het ek gesê en my keel skoongemaak. Daar was 'n oomblik van stilte, want ek het probeer om 'n goeie rede te bedink waarom sy voorstel gebrekkig was, en as ek nie aan een kon dink nie, kan ons albei in die moeilikheid beland. "Wel, dit is nie heeltemal hoe die Bybel vir ons sê hoe om dit te doen nie, seun."

"Maar hoekom moet jy heeltyd vir my sê wat om te doen?"

"Wel, seun, Jesus het my gevra om jou te leer hoe om 'n sterk jong man vir Hom te wees, en omdat Hy my baas is, dink ek ek moet eerder doen wat Hy vir my sê om te doen."

Ouerskap is 'n ware leerkurwe. "Seun, gaan sit asseblief terwyl jy eet." "Aaagg, dis nie regverdig nie!"

"Liefie, tel asseblief jou speelgoed op en bêre dit." "Ag Mamma, ek will buite gaan speel."

"Seun, dit is tyd om te gaan slaap." Dan volg die klaagliedere van Jeremia. "Maar jy gaan nie nou bed toe nie. Hoekom moet ek?"

Al die reëls en regulasies! Jy sou dink dat ouers die hele tyd monsters is. Hoekom kan kinders nie verstaan dat jy wil hê hulle moet stilsit en stadig eet aan tafel sodat hulle nie hul spysvertering ontstel nie? Of dat jy wil hê hulle moet leer om skoon en netjies te wees sodat hulle leer om georganiseerd en doeltreffender te wees wanneer hulle ouer word? En hoekom waardeer kinders nie dat jy wil keer dat hulle siek word deur genoeg slaap in te kry nie? Hoekom? Want hulle ken net nie die slaggate en gevare van die lewe nie.

Die apostel Paulus illustreer ons reis in die christelike lewe met hierdie analogie.

> Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles. Galásiërs 4:1

Paulus beskryf die verhouding van 'n kind tot sy ouer as presies dieselfde as dié van 'n dienskneg tot sy meester. Die vader moet sy seun opvoed in die beginsels van die koninkryk van God, maar die seun, met sy Duracell natuur, verstaan nie altyd die rede vir al hierdie opleiding nie. Baie van die lesse wat sy pa hom sal leer, is teenstrydig met sy natuur en is dikwels harde werk wat maar dieselfde lyk as om 'n dienskneg te wees. Die seun wonder dalk: "Hoekom wil my pa my keer om meeste van die dinge te doen wat ek wil doen? Ek voel soos 'n slaaf. 'Seun, doen dit, seun, moenie dit doen nie.' Dit lyk nie regverdig nie!"

Hierdie is 'n perfekte beskrywing van hoe God ons voorberei vir Sy koninkryk. Baie beskou God se vereistes as hard en veeleisend en vra dikwels: "Waarom het God toegelaat dat dit met my gebeur, of hoekom lyk die Christelike lewe so beperkend?" Daar is ook baie mense wat by die kerke aansluit wat blykbaar tevrede is om kinders te bly en net diensknegte te wees, wat die pligte van die Christelike lewe uitvoer en hoop om beloon te word vir hul pogings. Sulke mense loop gevaar om verswelg te word deur dieselfde gevoelens waarmee die oudste broer in die verhaal van die verlore seun geworstel het.

Paulus verduidelik hoe ons bevry kan word van baie van die verwarring van die lewe en vrae oor hoe God met ons werk. Wanneer ons werklik besef dat God ons Vader is en ons innig liefhet en dat Hy ons voorberei om Sy koninkryk binne te gaan, begin ons verhouding met Hom sin maak. Die reëls en regulasies word nie meer gesien as beperkings en grense om ons pret te bederf nie; in plaas daarvan word hulle deure van vryheid wat God se tere agting vir ons openbaar en kan ons daardeur Sy volle erfenis as kinders van God ontvang. Paulus verduidelik dit so:

> "So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus" Galásiërs 4:3-7

Dit is van die mooiste woorde in die Skrif. As ons die offer van Jesus aanvaar om ons aanneming as kinders van God te verseker, word ons bevry van die slawerny van die koninkryk van Satan. Ons breek los van die tirannie van die Duracell en ons staan sterk en edel as seuns en dogters van God, met die wete dat ons as gevolg van Jesus altyd Sy geliefde kinders sal wees. Het Sy Gees in jou hart "Abba Vader" uitgeroep; "Pappa, Pappa"? Voel jy so veilig in Sy liefde dat jy in Sy arms kan inhardloop en weet dat jy nie net welkom is nie, maar dat dit ook Sy diepste verlange is? Het jy teruggekeer na die kinderlike bewondering van jou Vader wat uitstraal wanneer Hy naby is? Totdat jy hierdie vryheid ervaar, sal jy altyd 'n dienskneg bly wat leef met die onsekerheid dat jy môre jou afdankingspakket sal ontvang.

> As ons die offer van Jesus aanvaar om ons aanneming as kinders van God te verseker, word ons bevry van die slawerny van die koninkryk van Satan.

As God se kinders is ons erfenis gewis. Ons kan met vrymoedigheid na Hom toe kom met ons versoeke en verseker wees dat Hy weet wat die beste vir ons is. Alles wat met ons in die lewe gebeur, is om ons te help groei tot 'n dieper begrip van die waardes van God se koninkryk en om weg te breek van die slawerny van die Duracell.

Jy sal onthou dat ons in Hoofstuk 6 die reusetaak bespreek het wat God in die gesig gestaar het in die poging om die mensdom terug te bring in Sy liefdevolle omhelsing. Hier is weer die punte:

1. 'n Manier om die mensdom die wysheid te gee om werklik hul desperate situasie korrek te verstaan, en hulle in die regte rigting te beïnvloed, sodat hulle vryheid van keuse nie ontneem word nie.
2. 'n Manier om vir hulle te wys dat hulle 'n verkeerde begrip van Sy karakter en koninkryk het en om op een of ander manier vir hulle te wys dat Hy hulle werklik liefhet.
3. 'n Manier om hul skuldgevoelens en onsekerheid te verwyder, hul ware identiteit en waarde as kinders van God te herstel.
4. 'n Manier om hul sin vir hul lewensdoel, hul bestaansrede, te herwin.
5. Al die bogenoemde benodig tyd. Adam en Eva het hul eie lewe verbeur, en het nou 'n lewensondersteuning-stelsel nodig gehad om hulle tyd te gee om te kies.

6. Terwyl Hy al die bogenoemde vir ons bewerk het, moet God 'n sin vir geregtigheid handhaaf. Hy kan nie hul rebellie ignoreer of goedkeur nie. Terwyl God in Sy barmhartigheid nie toelaat dat die volledige gevolge van hulle keuse op hulle val nie, moet Adam en Eva die resultaat van hulle keuse begryp, sodat hulle die fout wat hulle gemaak het, kan begin besef.

Die werk van Jesus in Sy bediening, dood en opstanding het die oplossing vir al ses uitdagings verskaf. Wie kan die krag van die kruis van Christus begryp? Dit strek veel dieper as om bloot ons verkeerde dade te verwyder; dit is veel, veel dieper.

Sal jy nie nou kniel en na die kruis kyk en jou bevryding van die Duracell sien nie? Kan jy die stem uit die hemel hoor sê dat jy Sy geliefde kind is wie Hy liefhet? Sal jy nie jou hart met al jou skuldgevoelens, wrewel, trots en bitterheid teenoor Hom uitstort nie? Laat net toe dat die volheid van Sy vreugde nou jou siel oorstroom. As jy dit nog nie gedoen het nie, is dit nou jou kans. Die geheim om die Duracell te ontsnap, is om nie meer 'n dienskneg te wees nie, maar 'n seun of 'n dogter.

## 17. Die Val van Babilon

Dit het soos weerlig getref. Duitse Panzer-afdelings het oor die velde van Holland en Frankryk gejaag en in een nag is hierdie lande styf vasgetrek in die ystervuis van die Nazi-oorlogmasjien. Om in ‘n besette land te woon is ‘n vernietigende ervaring. My pa het gedurende hierdie tyd in die dorpie Assen, in die noorde van Holland gewoon.

Die mans is in diens van die Duitse oorlogsmasjien ingedruk. Informante was altyd gereed om hulle by die gevreesde geheime polisie aan te meld en hulle sou enige tyd ‘n klop aan die deur kry en aanskou hoe geliefdes weggesleep word, sonder om hulle ooit weer te sien. Die Nazi-regime het al die kenmerke van die Duracell getoon, ‘n beheersende gees wat alle mededingers sal elimineer, wat deur vrees regeer en sy mag deur demoniese satisfaksie vertoon.

Gestroop en uitgeput van sy hulpbronne, moeg van onderdrukkende kettings wat dit vasgebind het, was Holland onvoorbereid vir die winter van 1944. Hulle kon nie hul huise verlaat nie uit vrees dat wanneer hulle terugkom dit nie meer daar sou wees nie, omdat dit vir vuurhout gestroop was. In die stede het duisende van honger en koue omgekom. Hoe lank sou hierdie nagmerrie aanhou?

Uiteindelik het die Duitse magte onttrek, brûe opgeblaas, ammunisie vernietig en soveel vernietiging as moontlik agtergelaat. My pa onthou hoe almal in die strate gedans het en die geallieerde magte kos-rantsoene uitgedeel het. Dit was amper te moeilik om te glo dat dit verby was; vryheid, einde ten laaste.

Die gees van Kain leef steeds voort, en die boek Openbaring openbaar dat net voor Christus se wederkoms, hierdie onsekere, jaloerse en waardelose gees, wat alles probeer oorheers, nog een laaste vertoning van mag gaan openbaar voordat hy finaal ondergaan. Johannes beskryf dit as ’n dier met sewe koppe en tien horings wat uit die see opkom.

> En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. Openbaring 13:1

Aan hierdie dier word groot mag en gesag oor al die nasies van die aarde gegee, en die hele wêreld aanbid en onderwerp hulle aan die mag van die dier.[48] Hierdie dierlike mag staan ons verhouding met die God wat die hemel en aarde gemaak het, teen. Dit poog om aanbidding na homself te trek.

Die rede hoekom hierdie dier so maklik die hele wêreld kan oortuig om hom te volg, is omdat dit op die beginsel van die Duracell batterye werk. Dit praat die taal wat ons almal verstaan. Dit moedig ons aan om ons identiteit te soek deur wat ons bereik en dit moedig ons aan om God op ons eie terme te ontmoet, ons eie bloedlose offer te bring en te verwag dat God ons aanbidding sal aanvaar. Die meeste van die wêreld is reeds onder die mag van hierdie dier, maar besef dit nie. Wanneer die wêreld die beginsels van vryheid verwerp en terugkeer na wêreldbeheer deur vrees en geweld, sal dit bloot 'n uiterlike manifestasie wees van wat diep in die hart van elkeen van ons skuil.

God sit nie ledig terug en doen niks hieromtrent nie. Hy stuur 'n desperate laaste boodskap om die wêreld te waarsku om nie aan hierdie dierlike mag oor te gee nie. Dit kom in die vorm van drie boodskappe. Die eerste boodskap roep die mensdom terug na die aanbidding van die God wat hemel en aarde geskape het. Dit wys ons na die offer van Jesus en herinner ons daaraan dat Kain se offer nooit deur God aanvaar kan word nie. Ons kan nooit guns by God verdien nie, want ons verlossing is vir ons gekoop deur die bloed van die Lam.[49]

God herinner ons dan aan 'n baie belangrike waarheid. Hy stel dit in die volgende woorde:

> En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. Openbaring 14:8

Waarom gebruik God die term Babilon? As ons deur die Bybel lees, vind ons dat dit Nimrod was wat die stad van Babel gebou het. Nimrod was 'n interessante karakter. Die Bybel vertel ons: "En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear".[50] Nimrod is die eerste persoon wat opgeteken is, wat sy eie koninkryk gestig het. Dit is ook interessant om

---

48 Openbaring 13:2,7

49 Openbaring 13:6,7

50 Génesis 10:10

daarop te let dat Nimrod op 'n stadium met sy moeder getrou het – inderdaad 'n disfunksionele gesin! Daar word ook vermoed dat Nimrod sy pa vermoor het om met sy ma te trou. Hoe ook al die geval is, Nimrod se tuiste was nie gegrond op die beginsels van die koninkryk van God waar gesinsverhoudings heilig is nie.

Nimrod het so 'n groot gebrek aan sekuriteit in sy huislewe gehad dat hy bekendheid verwerf het deur wat hy bereik het, eerder as aan wie hy behoort het. In Génesis hoofstuk tien, lys die Bybel die geslagsregisters van die menslike geslag. Elke man is geïdentifiseer deur wie sy vader was. Hulle identiteit is bepaal deur hul familieverhoudings. Dit is die manier waarop God se koninkryk werk. Nimrod het egter bekend geword as 'n geweldige jagter en 'n magtige heerser.

> Hy was 'n geweldige jagter voor[51] die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear. Uit hierdie land het hy getrek na Assur en gebou: Ninevé en Réhobot-Ir en Kalag en Resen, tussen Ninevé en Kalag – dit is die groot stad. Génesis 10:9-12.

Nimrod het so 'n groot gebrek aan sekuriteit in sy huislewe gehad dat hy bekendheid verwerf het deur wat hy bereik het, eerder as aan wie hy behoort het.

Nimrod, gedryf deur sy onsekerhede, het die behoefte gevoel om homself te bewys. So het hy begin om stede te bou en daarna het hy begin om leërs tot stand te bring om die omliggende familiestamme te verower. 'n Verstandige historikus merk die volgende op:

Die gesag van voormalige heersers het berus op die gevoel van verwantskappe, en die gesag van die hoof was 'n beeld van ouerlike beheer. Nimrod inteendeel, was soewerein op grondgebied, en die mense was net die inwoners daarvan, ongeag persoonlike bande. Tot dusver was daar

[51] Die woord *voor* kan ook gelees word as *teen*

uitgebreide stamme – families – gemeenskappe; nou was daar 'n nasie, 'n politieke gemeenskap – die Staat.[52]

Bykans die hele wêreld volg vandag nog in Nimrod se voetspore. Vandag is regerings gerig op politiek en grondgebied, nie stamgerig en nomadies nie.

Dit is interessant om te let op die stappe wat Nimrod gevolg het om hierdie politieke staatsgebaseerde stelsel te bou. God het hierdie stelsel vernoem na die eerste stad wat hy gebou het, naamlik Babilon. Let op die essensie van hoe Babilon in menslike harte ontwikkel:

1. Dit begin by kinders wat van hul vaders vervreem is.
2. Dan, as gevolg van die onsekerheid wat daaruit voortvloei, soek hulle voortdurend goedkeuring.
3. Hierdie drang na goedkeuring dryf hierdie mense dikwels tot desperate maatreëls as 'n teenwig vir hulle leegheid en waardeloosheid.

Dit is die geheime bestanddeel wat die wyn van Babilon so verslawend maak. Hoeveel van ons is nie geteister deur die gevoelens van waardeloosheid of vasberadenheid om aan ander te bewys dat ons het wat dit verg nie. Hoeveel van ons het gevoel dat ons pogings om God te behaag net 'n totale mislukking was, en daar geen rede is om eens meer te probeer nie? Hoeveel van ons is al vasgevang in 'n magstryd by die werk, skool of kerk en het kwaai of snydende woorde gehoor of gesê as 'n middel tot selfverdediging of in 'n poging om ons eie klein koninkrykies te vergroot? Drink die hele wêreld nie uit hierdie beker nie? As ons so optree, is ons dan nie in werklikheid slawe van Babilon nie?

Wat beteken die val van Babilon dan? Die vers, "Geval, geval het Babilon," kom direk uit Jeremia 51:8 en vind sy konteks in Jeremia 50 en 51.

In Jeremia 50 beskryf God Sy volk as verlore skape wat op 'n dwaalspoor gelei is en wat hulle rusplek vergeet het. God se volk word letterlik gevange gehou deur Babilon en baie van hulle het hul ware tuiste, hul rusplek, vergeet.

---

52 AT Jones, *Empires of the Bible, (*Review and Herald Publishing, 1904) p 51

Maar God het nie Sy kinders vergeet nie. Hy maak die volgende pragtige belofte:

> So sê die HERE van die leerskare: Die kinders van Israel en die kinders van Juda is saam verdruk; en almal wat hulle as gevangenes weggevoer het, hou hulle vas, weier om hulle te laat trek. *Maar* hulle Verlosser is sterk, HERE van die leerskare is sy Naam; Hy sal hulle saak sekerlik verdedig, om die aarde rus te gee en die inwoners van Babel in onrus te bring. Jeremia 50:33,34

Dan lees ons in hoofstuk 51 die volgende:

> Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir die HERE; Hy gee hom sy verdiende loon. Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword. Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word. Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek, elkeen na sy land; want sy strafgerig raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke. Jeremia 51:6-9

In die konteks van hierdie hoofstuk word die kinders van God gevange gehou deur Babilon. Hulle is mislei, maar God gaan hulle verlos, nie omdat hulle waardig is nie, maar omdat hulle Sy kinders is.

Terwyl die term "Geval het Babilon," 'n uitspraak van oordeel en veroordeling is, is dit terselfdertyd ook 'n belofte van vryheid aan Israel, want Babilon het Israel gevange gehou.

Die val van Babilon vervat in die Tweede Engel se Boodskap bevry geestelike Israel van onsekerheid, waardeloosheid en die beheersende gees wat ons dwing om te sondig. Wanneer ons erken dat ons aanvaar is in die Geliefde, dat ons inderdaad God se kinders is deur die offer van Jesus, word al ons onsekerheid en waardeloosheid weggevee, en is ons, as kinders van God, vry.

Die Drie Engele Boodskap word ook die Elia Boodskap genoem, en dit geen toeval dat die laaste deel van hierdie boodskap in Maleági 4:6 sê dat God die hart van die vaders sal terugbring tot die kinders en die hart van die kinders tot

hul vaders. Met ander woorde, die krag van die boodskap sal vrygelaat word wanneer ons waarlik glo dat ons kinders van God is, nie deur enigiets wat ons gedoen het nie, maar deur wat Jesus alleen vir ons gedoen het.

Versaak Babilon en haar Duracell-beginsels.  Moenie langer ‘n dienskneg wees nie; roep “Abba, Vader,” en weet dat jy Sy geliefde kind is. Deur Christus is ons vry.

Elke dag sukkel miljoene der miljoene mense met depressie. Om uit te hou en aan te hou word al hoe moeiliker en baie mense soek na `n uitweg.

Die toksiese gevolge van waardeloosheid kom uit `n evaluasie van onsself dat ons nie goed genoeg is nie, nie alombemind en nie van veel nut is nie. Die meeste selfhelpboeke probeer dit aanspreek deur mense aan te moedig om hulself lief te hê en te vertroetel en vir hulself te sê dat hulle spesiaal is.

Hierdie metode spreek nie die noodsaaklike menslike behoefte van seën aan nie: `n Ouerlike figuur of mentor wat woorde van seën in jou lewe inspreek. Niks vervang die kragtige ervaring van die bevestiging dat jy aanvaar word deur iemand wat jy respekteer en vir wie jy bewondering koester nie.

Ons Vader in die hemel wil dit elke dag vir ons vertel, maar Satan het die meeste mense in die wêreld verblind, sodat daar waarde op ander plekke gesoek word, om ons dan doof te hou vir daardie wonderlike seën van die Vader – dat jy Sy geliefde kind is.

VadervanLiefde.com